# DIE PLEK VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING IN DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS EN DIE AARD DAARVAN IN DIE CHRISTELIKE SKOOL.

deur

BENJAMIN HENNING

(B.A., B.Ed.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
MAGISTER EDUCATIONIS
in die
fakulteit Opvoedkunde aan die
Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. dr. J.H. van Wyk.

Desember 1973.

# DANKBETUIGING

Gee my verstand, dat ek u wet
kan bewaar, ja, dit kan onderhou
van ganser harte. - Ps. 119:34.

Soli deo Gloria!

Aan prof. J.H. van Wyk, 'n besondere woord van dank. Dit was voorwaar 'n voorreg om onder u te kon werk. U heldere insig, vriendelike optrede en positiewe leiding, word opreg waardeer.

Aan Baba, vir haar volgehoue aanmoediging, geduld en opoffering, ook vir die keurige tikwerk, baie dankie.

Mag hierdie beskeie poging bydra tot groter perspektief en duidelikheid t.o.v. wat die sedelike opvoeding vir die jeug van ons volk behoort te wees.

Desember 1973. B. Henning.

# I N H O U D S O P G A W E


Bladsy

INLEIDING .............................. vi

HOOFSTUK 1

DIE KENMERKE EN UITINGE VAN DIE SEDELIKE VERVAL IN ONS TYD.

1. Die aanslag op die sedelike ........... 1
2. Die permissiewe tydsgees ............... 2
3. Hoe die permissiwiteit hom openbaar .... 3
   - 3.1 Aftakeling van godsdienstige en sedelike norme en waardes ......... 3
   - 3.2 Opstand teen gesag ................. 4
   - 3.3 Botviering van geweld ............. 5
   - 3.4 Dwelmverslawing en drankmisbruik .. 5
   - 3.5 Seksuele uitspattighede ........... 6
   - 3.6 Kleredrag en netheid op die persoon. 7
   - 3.7 Plesierjag ........................ 7
   - 3.8 Aanslag op die lewe ............... 8
   - 3.9 Die openbare mening ............... 8
   - 3.10 Radio-, film- en perswese ......... 9
   - 3.11 Kuns en musiek .................... 10
   - 3.12 Die sg. „generation gap" .......... 11
4. Die Nuwe Moraal („New Morality") ...... 12

HOOFSTUK 2

DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING

1. Die verband tussen lewens- en wêreldbeskouing en opvoeding ................. 16
   - 1.1 Idealisme ......................... 18
   - 1.2 Realisme .......................... 19
   - 1.3 Naturalisme ....................... 19
   - 1.4 Sosialisme ........................ 20
   - 1.5 Pragmatisme ....................... 20
   - 1.6 Kommunisme ........................ 20
   - 1.7 Calvinisme ........................ 21

2. Wat is opvoeding? .......................... 21
    2.1 Biologiese gesigspunt van opvoeding .. 23
    2.2 Fisiologiese gesigspunt ............. 24
    2.3 Psigologiese gesigspunt ............. 24
    2.4 Sosiologiese gesigspunt ............. 24
    2.5 Logiese gesigspunt ................ 24
    2.6 Etiese gesigspunt ................. 24
    2.7 Estetiese gesigspunt ............... 25
    2.8 Religieuse gesigspunt .............. 25
    2.9 Begrippe in die opvoedingshandeling .. 26
        2.9.1 Onderwys ................... 26
        2.9.2 Onderrig ................... 26
        2.9.3 Opleiding .................. 26
        2.9.4 Afrigting (dressuur) ......... 26
3. Die doel van opvoeding ................... 26
4. Die noodsaaklikheid en moontlikheid van opvoeding ................................ 27
5. Die grondslae van die opvoeding .......... 28
    5.1 Metafisiese grondslae .............. 29
    5.2 Epistomologiese grondslae ........... 29
    5.3 Etiese grondslae .................. 29
    5.4 Religieuse grondslae .............. 30
    5.5 Estetiese grondslae ............... 30
    5.6 Logiese grondslae ................. 30
    5.7 Sosiologiese grondslae ............. 30
    5.8 Psigologiese grondslae ............. 30
    5.9 Staatkundige grondslae ............. 31
    5.10 Biologiese grondslae .............. 31
    5.11 Fisiologiese grondslae ............ 31
6. Opvoeder en opvoedeling .................. 31
7. Die opvoedingsmetode en kurrikulum ........ 32
8. Opvoedingsinstitute ..................... 34
    8.1 Die huis ......................... 34
    8.2 Die kerk ......................... 34
    8.3 Die skool ........................ 34
    8.4 Die staat ........................ 35
9. Samevatting ............................. 35

## HOOFSTUK 3

## DIE PLEK VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING IN DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING


1. Die sede waarvolgens die mens lewe ........ 37
   1.1 Slegs die mens is draer van die sedelike ........................ 38
   1.2 Die ontplooiing van die sede in die Christelike lewe .................. 39
2. Die noodsaaklikheid van sedelike kodes .... 40
   2.1 Die belangrikste oogmerke by die onderrig van sedeleer ............... 42
3. Die verhouding tussen sedelikheid en godsdiens ................................ 42
   3.1 Sedelikheid en godsdiens onafhanklik van mekaar ......................... 44
   3.2 Godsdiens ondergeskik aan sedelikheid . 44
   3.3 Sedelikheid ondergeskik aan godsdiens . 44
4. Die grond van die sedelike ............... 44
   4.1 Wat is die absolute Grond van die sedelike? ............................ 45
   4.2 Wat is die kosmiese wesensgrond van die sedelike? ..................... 45
   4.3 Wat is die kosmiese afhanklikheidsgrond van die sedelike? ............. 45
5. Godsdiensonderrig die belangrikste middel van die sedelike opvoeding ......... 46
6. Die belangrike plek wat die sedelike inneem in die opvoeding ................. 47


## HOOFSTUK 4

## DIE AARD VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING


1. Sedelikheid, ꞌn openbaring van God ........ 50
2. Die Wet van God ......................... 51
   2.1 Seremoniële wet en sedewet .......... 52
   2.2 Die Heilige Skrif as bron van die sedelikheid ........................ 53
   2.3 Wet en Evangelie .................... 54
   2.4 Christus, die vervulling van die Wet . 55
   2.5 Doel en betekenis van die Wet vir die mens ........................ 57

2.5.1 Die Wet as kenbron van die ellende .................. 58

2.5.2 Die Wet as tugmeester na Christus ......................... 59

2.5.3 Die Wet as reël van dankbaarheid ......................... 59

2.6 Die omvang van God se Wet ............ 59

3. Sedelike oefening en sedelike opvoeding .... 60

3.1 Sedelikheid as opvoedingsdoel? ........ 61

HOOFSTUK 5

DIE VEREISTES WAARAAN DIE SEDELIKE OPVOEDING MOET VOLDOEN

1. Sedelikheid is meer as sedes en gewoontes . 63

2. Die Morele Herbewapening beantwoord nie aan die voorwaardes van Christelike sedelikheid nie ............................ 64

3. Die eise wat die Woord stel ............... 65

4. Die eise wat die tyd stel t.o.v. sedelike opvoeding ......................... 67

5. Die eise wat die kind stel ................ 69

6. Die eise wat die Onderwysdepartemente stel . 71

7. Konklusie ................................ 72

HOOFSTUK 6

RIGLYNE VIR 'N SINVOLLE SEDELIKE OPVOEDING

1. Terug na die God van die Skrifte .......... 73

2. Godsdiensonderrig op skool is noodsaaklik . 74

2.1 Doelstellings van Godsdiensonderrig .. 75

2.1.1 Religieuse vorming ............ 75

2.1.2 Etiese vorming ................ 75

2.1.3 Verstandelike vorming ......... 75

2.1.4 Estetiese vorming ............. 76

2.1.5 Sosiale vorming ............... 76

2.1.6 Liggaamlike vorming ........... 76

2.1.7 Slotsom ....................... 76

3. Die noodsaaklikheid van Christelike skole . 76

4. Die verband tussen geloofs- en sedeleer moet duidelik gelê word .................. 78

5. Sedeleer en gebed moet 'n eenheid vorm ..... 81

6. Die taak van die opvoeder ................ 82

6.1 Die vertrouensverhouding ............ 84

6.2 Die gesagsverhouding ................ 84

6.3 Die kenverhouding ................... 85

7. Algemene riglyne by die aanbieding van die sedeleer .............................. 85

8. Afwysing van die nuwe moraal ............. 89

9. Jeugweerbaarheidsprogramme op skool ...... 91

10. Die sillabus van die sedewet vir die hoërskool ................................ 93

11. Aanbieding van die Wet van God ........... 93

11.1 Die eerste gebod ................... 94

11.2 Die tweede gebod ................... 95

11.3 Die derde gebod .................... 95

11.4 Die vierde gebod ................... 96

11.5 Die vyfde gebod .................... 97

11.6 Die sesde gebod .................... 98

11.7 Die sewende gebod .................. 99

11.8 Die agste gebod .................... 100

11.9 Die negende gebod .................. 101

11.10 Die tiende gebod .................. 102

12. Die gebed ................................ 102

13. Samevattend .............................. 103

14. Bronnelys ................................ 105

15. Summary .................................. 112

## TER INLEIDING.

Ons lewe in 'n tyd van sedelike verval van 'n aard, omvang en intensiteit soos dit seker selde in die geskiedenis voorgekom het. Oor die radio, in die dagbladpers en ander publikasies maak ons wel deeglik hiermee kennis - meer nog, 'n mens hoef maar net rondom jou heen te kyk om die waarheid van hierdie stelling bevestig te kry. Tereg het 'n bekende teoloog [1] daarop gewys dat daar nie slegs 'n merkbare agteruitgang op een of ander gebied van die sedelike lewe is nie, maar 'n algehele ineenstorting van die sedelike besef. Dit is 'n verskynsel van groot omvang wat ook die Afrikanervolk hier aan die suidpunt van Afrika raak.

Só groot is hierdie bedreiging, dat daar van tyd tot tyd kongresse gehou word waarop hierdie probleme bespreek word. Daar is al selfs 'n beweging Aksie Morele Standaarde in ons land in die lewe geroep om die sedelike verval in al sy uitinge, te stuit. In toesprake deur kultuur- en volksleiers en in die prediking word baie aandag aan hierdie baie aktuele probleem bestee.

Hoe ernstig die toestand werklik is, word weerspieël in die feit dat jeugweerbaarheidsprogramme in 1972 in die skole ingestel is. Dit het o.a. ook ten doel om geestelike weerbaarheid by die leerlinge te kweek, om hulle in staat te stel om hulle liggaamlik maar veral geestelik te kan verset teen die vloedgolf aanslae. Dit stem tot groot dankbaarheid dat die onderwysowerhede hierdie toestand so ter harte neem.

Die toespraak van die Direkteur van Onderwys van Transvaal, dr. A.L. Kotzee, oor jeugweerbaarheid tydens 'n hoofdekursus en ook vervat in 'n omsendminuut aan skole, illustreer die behoefte aan en noodsaaklikheid van 'n jeug wat geestelik sterk en weerbaar is - 'n jeug wat die subtiele maar meedoënlose aanslae wat op sy sedelike norme, lewenswaardes, kultuur

1) Du Preez, A.B. Die mens as verantwoordelike wese. (In Soeklig op ons sedes, p.19)

en godsdiens, gerig is, die hoof ~~te~~ kan bied.[2)]

Die erns van die toestand en die feit dat 'n beslissende slag op die etiese front gelewer word, het skrywer van hierdie verhandeling opnuut die belangrikheid van sedelike opvoeding vir die gelowige, asook die baie belangrike plek wat dit inneem in die opvoeding, laat besef en tot besinning daaroor aangespoor.

Die onderhawige ondersoek verloop vervolgens soos volg:

In hoofstuk 1 word aandag gegee aan die toestand soos dit hom op sedelike gebied openbaar, met verwysing na die permissiewe tydsgees en die nuwe moraal en situasie-etiek van ons tyd.

Hoofstuk 2 behandel die struktuur van die opvoeding. Die vraag na die oorsprong, wese en doel van die opvoeding word hier aangesny.

In hoofstuk 3 word op die baie belangrike plek wat die sedelike opvoeding in die opvoeding inneem, gewys.

Hoofstuk 4 behandel die aard van die sedelike opvoeding, dus 'n lewe in ooreenstemming met God se Woord.

In hoofstuk 5 word die vereistes waaraan die sedelike opvoeding moet voldoen, behandel. Aandag word gewy aan die eise wat die kind, die tyd, e.d.m. aan die sedelike opvoeding stel.

In hoofstuk 6 word gepoog om algemene en besondere riglyne aan die hand te doen vir 'n sinvolle sedelike opvoeding.

---

2) Kotzee, A.L. T.O.D.-omsendminuut 6 van 1972, p.2.

HOOFSTUK 1.

# DIE KENMERKE EN UITINGE VAN DIE SEDELIKE VERVAL IN ONS TYD.

## 1. DIE AANSLAG OP DIE SEDELIKE:

As daar vandag gepraat word van die sedelike wat in die branding verkeer, [1] is dit maar net 'n herhaling van 'n eeue-oue verskynsel. In die geskiedenis van die volk ~~van~~ Israel was daar al sulke tydperke - bv. tydens die woestynreis, die inbesitname van, en verblyf in Kanaän. Die profete moes maar telkens teen sedelike verval waarsku. Dieselfde gevare dreig ook nog vandag en van oral word verneem van die swak sedelike stand in samelewings en by volkere.

Kerk- en volksleiers besef maar terdeë die ernstige gevolge wanneer 'n volk se geestelike weerbaarheid verkrummel. Materiële weerbaarheid het nog altyd belangrik geblyk, maar sonder geestelike weerbaarheid kan ook dit nie stand hou nie. Die gevolge is dan die intree van verrotting by die geestesgoed van 'n volk - die vernietiging van die volk van binne. [2] Wie dus 'n volk doeltreffend wil ondermyn, oorwin of sy idealisme wil verander, sal seker nie nodig hê om hom op die slagveld aan te durf nie, maar eerder poog om geleidelik sy kulturele waardes te probeer verander. Sodoende kan dan plek gemaak word vir 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing. [3] Dit is dan ook presies wat aangaan in die wêreld - ook die Suid-Afrikaanse volk is midde in die stryd en voel hierdie aanslae aan eie lyf - aanslae wat veral gerig is teen sy jeug. Die vyand besef dat dáár die grootste twyfel gesaai kan word en ook die blywendste suksesse behaal kan word. Hierdie aanslae openbaar hulle op velerlei wyse. So word die vryheid op die spits gedryf en is 'n bandelose vryheid

---

1) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.32.
2) Kotzee, A.L. T.O.D.-omsendminuut 6 van 1972, p.2.
3) Smit, A.C.J. Geestelike weerbaarheid en kultuur. Handhaaf, Jan. 1972, p.11.

met die uitwasse van dwelmmiddels, seksuele perversiteit, hippie-kultus, pop-kultuur, ens., kenmerkend van die hedendaagse jeug. [4)]

Daar word ook van 'n kultuurrevolusie gepraat waarin die sedelike norme, lewenswaardes, kultuur, godsdiens en die lewenswyse van 'n volk uitgerysmier word. [5)] Kotzee wys daarop dat hierdie kultuurrevolusie die negatiewe beklemtoon, bv. „weg met die tradisie, weg met die godsdiens, geen seksuele beperkings nie, betree die skemerwêreld van die dwelmmiddels, wees slordig in jou haarstyl, jou kleredrag en jou gewoontes". [6)]

Die metodes wat in hierdie aanslag gebruik word, het ten doel om verwarring te skep. Ontstaan daar twyfel, is dit die begin van die einde. Dit is dus so gebiedend noodsaaklik dat stewige grondslae by die jeug gelê moet word ten einde hierdie subtiele en slinkse aanslae die hoof te bied. Tereg praat Kotzee van die geslepe vorme van verraad wat soms moeilik geïdentifiseer kan word. By baie word seksuele misdrywe, die misbruik van dwelmmiddels, as doodnatuurlik en normaal beskou, terwyl selfdissipline voorgestel word as oudmodies en eksentriek. [7)]

## 2. DIE PERMISSIEWE TYDGEES:

Dit word allerweë aanvaar en besef dat die Christendom vandag meer as ooit tevore bedreig word, selfs in so 'n mate dat daar van 'n krisis gepraat kan word. 'n Gees van permissiwiteit het vaardig geraak oor die hele wêreld. Die woord permissiwiteit het ook 'n baie bekende woord geword in ons samelewing. Die betekenis daarvan kan kortliks soos volg

4) Loc. cit.
5) Kotzee, A.L., op. cit., p.2.
6) Ibid., p.3.
7) Ibid., p.5.

saamgevat word : om toe te laat, af te takel, op eie weg te wandel, om onverantwoordelik te wees, om ongebonde te wees. Permissiwiteit kan as die teenpool van verantwoordelikheid gesien word.

As die hedendaagse gemeenskap as permissief beskryf word, het dit op die oog die vryheid van die individu wat só „op die spits gedryf en oorbeklemtoon word dat alle norme van waarheid, sedelikheid, godsdiens en lewensbeskouing gerelativeer word sodat hierdie norme geen bindende gesag meer het t.o.v. die denke en die handeling van die individu nie".[8] Dit is dus 'n gemeenskap waar alles geduld word en waar die vryheid van die mens verhef word. „Permissiwiteit is liberalisme tot sy logiese en uiterste konsekwensies deurgevoer".[9] Dit is 'n protes teen elke vorm van gesag en dit wil die breuk met die bestaande orde of lewenspatroon so volkome maak as moontlik.

So 'n algemene verskynsel is hierdie permissiwiteit dat die sewentiger jare van hierdie eeu tereg bekend sal staan as die „dekade van permissiwiteit .... 'n tydperk waarin meer en meer vergunnings gemaak is t.o.v. die gedrag van die mens .... jare waarin die vryheid van die mens tot sy uiterste gevoer word, sonder om 'n woord te rep van die verantwoordelikheid en gebondenheid wat juis deur vryheid veronderstel word".[10]

## 3. HOE DIE PERMISSIWITEIT HOM OPENBAAR:

### 3.1 Aftakeling van Godsdienstige en sedelike norme en waardes:

Die Christelike sedewet is die slagoffer van hierdie permissiewe gemeenskap. Die speerpunte van die aanvalle word juis daarop gerig. Hierdie sedewet moet, indien moontlik so gemanipuleer word dat dit in diens kan staan van die nuwe gemeenskap.[11] In hierdie aksie moet soveel as moontlik ver-

8) Gericke, J.S. Permissiwiteit en verantwoordelikheid. (In Soeklig op ons sedes, p.6)
9) Ibid., p.7.
10) Kotzee, A.L., op. cit., p.16.
11) Gericke, J.S., op. cit., p.8.

warring geskep word wat op sy beurt weer twyfel tot gevolg het. Die vryheid van die individu word so op die spits gedryf dat alle norme van godsdiens en sedelikheid hulle bindende gesag verloor en eenvoudig oorboord gegooi word. [12)]

Daar word dus nie meer voor die gesag van Gods Woord gebuig nie. Sedes en norme wat hul oorsprong in die mens het, neem die plek in van die Godgegewe norme. Die eeue-oue waarhede word oorboord gegooi en die vaste norme en beginsels word bevraagteken. Hierdeur ontstaan dan die normkrisis wat 'n ontbindende krag word in die samelewing. [13)] So ontstaan in 'n Christelike humanisme die nuwe moraliteit, 'n situasie-etiek. Die selfverheffende mens neem hier die plek van God in.

3.2 <u>Opstand teen gesag</u>:

Gesag is die wettige reg en mag van sekere persone om aan ander bevele te gee wat gehoorsaam moet word. Hierdie gesag kom van God en daarsonder sou daar totale wanorde heers. Wie hom teen die gesagsdraers verset, verset hom eintlik teen God. [14)] Daar is egter ook diegene wat Romeine 13:1 só wil interpreteer dat dit slegs nodig is vir die gesagsonderdaan om hom aan die gesagsdraer te onderwerp indien lg. bó die onderdaan verhewe is, m.a.w. slegs wanneer sekere hoedanighede die gesagsdraer stempel of uitlig, sou dit nodig wees om jou onder hom te stel. Die menslike hoedanigheid word nou ~~tot~~ kriterium verhef. [15)]

Hierdie beskouing lei tot die verwarring wat so kenmerkend is van ons tyd. Die wese van gesag word afgetakel tot in die grond en daar is nie meer sprake van 'n onderwerping en geduld hê met die swakhede van die gesagsdraer, bv. die staat, die ouer ens., nie.

---

12) De Beer, D.F.B. Voorwoord. (<u>In</u> Soeklig op ons sedes, p.l.)
13) Heyns, J.A. Die nuwe mens onderweg, p.3.
14) De Bruyn, P.J. God se tien bakens vir die lewe van die mens, p.37.
15) Red., <u>Die Kerkblad</u>. 12 April 1972, p.3.

Sonder gesag doen elkeen wat goed is in sy eie oë en is die harmonie weg en tree ontbinding in. „Billike en ferme gesag moet gehandhaaf word anders kweek ons gesagsverwerpers wat uiteindelik tot anargisme en selfvernietiging moet lei". [16] Die ongebondenheid is ŉ kenmerk van die mens van vandag - hier is die vryheid sonder dissipline. Die mens se verantwoordelikheid onder Gods Woord in drieledige binding, nl. sy gebondenheid aan en gerigtheid op God, die medemens en sy gerigtheid op die wêreld (kultuurtaak), werp hy van hom af. „Dit is die nood van die mens dat hy hom van God wil losmaak .... maar deur die sonde heen bly hy nog geroepe tot verantwoordelikheid". [17]

3.3 Botviering van geweld:

Aftakeling en ondermyning van gesag lei gewoonlik tot wanorde en geweld. Die siek wêreld waarin ons leef, waar die verantwoordelikheidsin verdoof, is die teelaarde van allerlei onheile. ŉ Mens hoef maar net te dink aan die hedendaagse terroristebedrywighede wat onder die skyn van vryheid opereer en dan nog boonop geldelike steun ontvang van sg. Christelike volke en kerke! Dit is ŉ tydperk van opstande en geweldpleging, van vliegtuigkapings, afpersing, die ontvoering en teregstelling van diplomate, ens. Hierdie dinge het alledaagse verskynsels geword en dit blyk ook dat daar min raad is om die toestand die hoof te bied.

3.4 Dwelmverslawing en drankmisbruik:

Die vereensaamde en ontredderde mens het homself aan verslawing oorgegee. In ŉ wêreld waar alle fondamente onder hom verkrummel het, skep hy vir hom ŉ utopia. Grobler noem dit ŉ „kunsmatige paradys" wat hy probeer skep in ŉ poging om

---

16) Beukes, D.P.M. Godsdiens in die huisgesin. Handhaaf. Sept. 1971, p.20.
17) Du Preez, A.B. Die mens as verantwoordelike wese. (In Soeklig op ons sedes, p.28.)

die pyne en probleme van die lewe te ontvlug. [18] Hy noem verslawing ŉ manier van on-lewe, die toppunt van nihilisme. [19] „Die mens, deur God as Koningskind geskape om oor die skepping te heers, het homself hierdie slaaf gemaak". [20]

Van die dwelmverslawing word gesê dat dit nog nooit in die Westerse geskiedenis sulke afmetings aangeneem en die mens met selfvernietiging bedreig het as tans nie. [21] Die mens, in ŉ laaste wanhoopspoging, neem sy toevlug tot verslawing en beland sodoende in ŉ doodloopstraat in die waan dat hy in ŉ beter wêreld beland. [22]

Grobler sien hierdie toestand as uitvloeisel van die afgelope wêreldoorlog waardeur daar ŉ gesinsverbrokkeling en daarmee saam ŉ godsdienstige verval ingetree het. Hy voer ook aan dat die jeug a.g.v. die rol wat die pers, radio, televisie, ens. speel, ŉ sekere vorm van konformiteit by die jeug tot gevolg het. Dit verklaar dan hoekom hulle so eenders dink, eenders wil wees - ook om verdowingsmiddels te gebruik. [23]

### 3.5 Seksuele uitspattighede:

Die permissiwiteit laat hom veral geld op die terrein van die seksuele. Daar word tereg gepraat van ŉ seksuele rewolusie. Maar dwarsdeur die eeue het onsedelikheid hom openbaar en in die Bybel maak ons op talle plekke daarmee kennis. Die bose rig sy aanvalle veral op hierdie terrein. ŉ Mens hoef maar net die koerante te lees - daarin word die seksuele misdrywe aan die groot klok gehang. Dink maar aan die uitspattighede by die nagklubs, aan ontkleedanse, aan die saamwoon van ongetroudes, aan huweliksontrou, die verskillende wyse van die prikkeling van die geslagdrif by die mens met die

---

18) Grobler, J.P. Die misbruik van alkohol en dwelmmiddels. (<u>In</u> Soeklig op ons sedes, p.66).
19) Loc. cit.
20) Smit, C.B. e.a., Dwelmverslawing lewensbeskoulik besien. <u>Die Kerkblad</u>, 21 Maart 1973, p.10.
21) Loc. cit.
22) Loc. cit.
23) Grobler, J.P. op. cit. p.65.

gevolge daarvan. Van hierdie euwels word selfs deur die nuwe moraliste goedgepraat.

3.6 Kleredrag en netheid op die persoon:

Treurnicht wys daarop dat kleding dikwels die vertoonvenster van beskawing en kultuur is. In iemand se kleding kom sy verhouding tot sy medemens en sy God ook uit. [24)]

Wanneer daar van tyd tot tyd gewaarsku word teen onbehoorlike kleredrag, is daar seker goeie rede daarvoor. God het vir die eerste mensepaar klere gemaak, m.a.w. kleredrag is van God gewil. Benewens die feit dat die klere die liggaam moet beskerm, versier, dien dit „as veiligheidstelling van die skaamtegevoel". [25)] Kleredrag speel 'n rol in die behoud en beskerming van kuisheid – 'n stelling wat egter deur baie betwis word..

Die tyd waarin ons lewe word gekenmerk deur die onnodige ontbloting van die menslike liggaam, veral die vroulike liggaam. Treurnicht noem dit 'n openbaring van die gees van ontug. [26)] In velerlei modegrille word subtiele aanslae gelood teen die sedes van ons volk.

Dit gaan egter nie net om die ontbloting van die liggaam nie, maar ook om die slordigheid wat baie keer die kenmerk is van die kleredrag van die mens. Die slordigheid van die mens van ons tyd, die gehawende voorkoms van so baie, kan nie anders bestempel word as uitinge van die permissiewe gees nie.

3.7 Plesierjag:

Vir baie is die doel van die lewe om daaruit soveel as moontlik te verkry. Die afgod ~~van~~ plesier word in ons tyd aanbid soos seker selde voorheen in die geskiedenis. Ver-

---

24) Treurnicht, A.P. Die sin van ons kleredrag. Handhaaf, Junie 1969, p.16.
25) Loc. cit.
26) Loc. cit.

maaklikheid is ingestel om die verveelde mens aan die gang te hou - ook om sy sinne te streel. 'n Mens dink aan die baie van ons landgenote wat casino's, sg. dobbel- en ontughuise, besoek. Indien dit nie binne ons landsgrense kan gebeur nie, dan wel daar buite. Die vergryp is van so 'n aard dat uit verskeie oorde klagtes na vore kom.

'n Onrusbarende verskynsel is dat so baie mense uitstedig is tydens die naweke. Op hierdie wyse word kerklike en ander verpligtinge ontwrig en styg die dodetol onrusbarend op die paaie van ons land.

'n Dobbelgees het ook vaardig geraak oor die mens wat sy sin vir waardes verloor het.

3.8 Aanslag op die lewe:

Die lewe word deur baie gering geag en word nie gesien as 'n gawe van God wat aan Hom gewy en beskerm moet word nie.

Duisende sterf jaarliks op die paaie en daagliks word in die koerante gelees van moord en doodslag. Selfmoord het 'n alledaagse verskynsel geword, terwyl vrugafdrywing deur sommige goedgepraat word.

3.9 Die openbare mening:

Die permissiwiteit word seker op sy beste vasgestel wanneer die openbare mening getoets word. Dit kan as die barometer van 'n volk bestempel word. A.g.v. ongeloof, dwaling en afval word die deur-die-eeue-gevormde openbare mening met sy Christelike inhoud van sy krag beroof om plek te maak vir 'n klimaat waarin die nuwe gedagtes en idees gehuldig kan word. Om maar 'n voorbeeld te noem: toenemende druk word op die staat uitgeoefen vir die instelling van 'n staatslotery. In verskeie kringe word geagiteer vir die oopstelling van bioskope en ander vermaaklikheidsplekke op Sondae in navolging van toestande oorsee.

Watter rol die openbare mening speel, word ge-illustreer in die volgende uitspraak waarin dit gaan oor die onlangse seksskandaal in Engeland waarby ministers betrokke was: „Die verwagting is egter dat die tydsgees van toenemende permissiwiteit daartoe sal bydra dat die skandaal gou vergete raak – en min uitwerking op die gesag van die Konserwatiewe Party sal hê". 27)

Mense wat met die godsdiens breek, en daarmee ook die sedelike ankers kwytraak, word instrumente wat hul krag monster in die openbare mening teen die gevestigde norme en beginsels. Dit is ꞌn opstand van die ongeloof teen die geloof. 28)

3.10 <u>Radio-, film- en perswese</u>:

Dit is belangrike middels in die hande van die permissiewe gemeenskap. Trouens, dit is juis hierdie kommunikasiemedia wat die openbare mening vorm. Gelowiges het hier ook ꞌn taak om toe te sien dat die kommunikasiemedia nie toegelaat word om vir ons te dink en vir ons te bepaal wat die openbare mening is nie. Dit is juis ons taak om die koers en toon daarvan te bepaal. 29)

Breedt, wat dit oor ons perswese het wat so verstrik geraak het in ꞌn gekommersialiseerde netwerk wat sensasie-nuus moet opdis ten einde ꞌn groter sirkulasie te verkry, haal Jannie Kruger, Voorsitter van die Publikasieraad aan in die verband: „Ons wat by beheer en keuring van publikasies, films en vermaaklikhede betrokke is en daagliks aanskou hoe elke nuwe deurbraak van naakte seks, homo-seks, LSD-‚trips', Cowboy-skiet-en-skop-films ..... en ander uitwasse van permissiwiteit om binnelating teen ons poorte beuk : ons, sê ek, is in staat om te oordeel tot watter laagtes van verwording die Westerse

27) Die Transvaler, 28 Mei 1973, p.1.
28) Vorster, J.D. Die openbare mening. (<u>In</u> Soeklig op ons sedes, p.159.)
29) Ibid., p.163.

beskawing gesink het".[30] Dit is onrusbarend om in die dagbladpers te verneem hoe baie meegevoel daar byvoorbeeld vir ŉ myns insiens Godonterende film soos „Godspell" is.

Die verwyt word die Publikasieraad gemaak dat hulle té konserwatief is, selfs té onvolwasse. As rolprente dan vermink word deur dele wat uitgesny word, word dit die Raad verkwalik - word dit vertolk as ŉ ontneming van die menslike vryheid! Hierdie massakommunikasiemedia kan groot skade aanrig aan ŉ volk vanweë die geweldige trefkrag wat dit besit.

Daar kan maar net instemming wees met die volgende: „Laat ons dankbaar wees dat hier in ons land nog ŉ hek is wat die instroming van verderflike publikasies en vertonings kan keer".[31]

3.11 <u>Kuns en musiek</u>:

„Skoonheid en die vermoë om skoonheid te skep, is gawes van God en ook op die weg van die estetiese is die mens ŉ geestelike verkenner en ŉ skepper van kultuur in gehoorsaamheid aan God se kultuuropdrag (Gen. 1:28) om oor die skepping te heers", skrywe Treurnicht tereg.[32]

Dit is egter ŉ feit dat daar vandag by baie ŉ verheerliking van die sondige in die kuns is. In die Godonterende kuns verhef die mens hom teen God - dink maar net aan die pornografiese kuns - hoe die sedes afgetakel en bespotlik gemaak word.

Ook in die musiek word ŉ subtiele aanslag op die Christendom gemaak. Die stel plate, ‚Jesus Christ Superstar', is ŉ bespotting van Christus. Daarin word Hy verlaag tot ŉ super-ster of toneelspeler wat nie weet wat Hy doen nie of waarheen Hy gaan nie.[33]

---

30) Breedt, A. Die begripsgaping en permissiwiteit van ons huidige samelewingstruktuur. <u>Onderwysblad</u>, Julie 1972. p.17.
31) Red. <u>Die Kerkblad</u>, 7 Junie 1972, p.3.
32) Treurnicht, A.P. Literatuur en pers. (<u>In</u> Soeklig op ons sedes, p.167.)
33) De Ridder, J. Subtiele aanslag op die Christendom. <u>Die Kerkblad</u>, 26 Mei 1971. p.10.

Die psigedeliese musiek met sy kenmerkende slag en ritme ontstaan as 'n uitvloeisel van die gebruik van verdowingsmiddels soos LSD en het as doel „om emosionele onstabiliteit, gedisorganiseerde gedrag, skermutselinge en uiteindelik rewolusie te veroorsaak".[34] Die waarheid hiervan word duidelik geïllustreer tydens konserte waar hierdie musiek aangebied is en waar die jeug in 'n toestand van massa-hipnose en massa-histerie geraak het en waar sake gelei het tot die grootste wanorde.[35] Die luidrugtigheid van die musiek kan nie anders as om 'n benewelde uitwerking op die mens se gees te hê nie. En hoe het die jeug nie al daaraan gewoond geraak nie!

Op hierdie gebied het die opvoeders van vandag 'n groot taak om te verrig. Meer as tevore moet daar sterk positiewe leiding van hulle uitgaan - of dit altyd wel gebeur, is 'n vraag.

### 3.12 <u>Die sg. „generation gap"</u>:

Die bewering dat die ouer en die jonger geslag mekaar nie meer kan vind nie - dat hulle mekaar nie verstaan nie en as't ware by mekaar verbyleef, kan seker nie betwis word nie - al is dit dan net deels waar. Allerlei redes wat vir hierdie toestand verantwoordelik is, word dan genoem, o.a. die gejaagde lewe met sy gekompliseerdheid en eise wat dit aan die hedendaagse mens stel, die groter vryhede wat die teenswoordige kind geniet en soos Breedt dit stel: „die jongmens word vandag met ander standaarde, 'n ander lewenswyse en verskillende kodes van gedrag gekonfronteer".[36] Die kind moet ook baie meer probleme die hoof bied - daar is ook meer versoekinge wat hy moet weerstaan, daar heers ook groter verwarring m.b.t. die norm van die sedelike. Breedt praat van die verwarring wat bv. geskep word t.o.v. dubbele standaarde op kulturele en

---

34) Van der Hoven, H.G. Psigedeliese musiek. Die aanslag. <u>Gereformeerde Vroueblad</u>, Sept. 1971, p.10.
35) Ibid., p.9.
36) Breedt, A., op. cit., p.14.

sedelike gebied wat tot onsekerheid aanleiding kan gee en noem as voorbeeld die dronkaard wat vroeër as ŉ uitgeworpene beskou is, maar vandag as ŉ alkoholis. Dikwels maak volwassenes hulle skuldig aan ŉ dubbele moraliteit: prediking verskil van die daad. As gevolg hiervan beland die jongmens in ŉ vakuum van verwarring. [37] ŉ Verdere rede waarom daar ŉ verwydering tussen ouers en kinders ontstaan, is omdat ouers verleer het om met hul kinders te kommunikeer. Op hierdie wyse dryf hulle uitmekaar en ontbeer die kinders die warmte en liefde van hulle ouers. [38]

Hierdie kloof word ook met opset veroorsaak. Dit is juis die oogmerk om die kind van sy ouer te isoleer, om ŉ nuwe geslag te kweek. Kotzee slaan die spyker op die kop as hy beweer: „pogings word aangewend om tienderjariges te laat voel dat hulle ŉ afsonderlike groep is. Dan word spesifieke behoeftes vir hulle geskep deur die handel en die industrie. Hulle moet hul eie musiek hê, hul eie modes in kleredrag en haarstyl ens. ...." [39] Hierdie kunsmatige kloof tussen die geslagte skep dan die regte klimaat om die jeug aan te spoor om die leisels oor te neem.

4. <u>DIE NUWE MORAAL („New Morality")</u>:

Die permissiewe gees soos dit hom geopenbaar het in die verlede, maar ook vandag, druk ŉ duidelike stempel op die etiek af. Duvenage praat van „groot verskuiwinge" [40] wat op die gebied van die etiek ingetree het die afgelope aantal jare. Dit is ~~juis~~ ironies dat dit juis teoloë was wat hierin die inisiatief geneem het. Biskop J.A.T. Robinson se omstrede boek „Honest to God" wat in 1963 die lig gesien het, het vir ŉ groot opwinding in teologiese kringe gesorg. Daarin het hy

---

37) Ibid., p.16.
38) Kotzee, A.L., op. cit., p.11.
39) Loc. cit.
40) Duvenage, B. Is die nuwe moraal rewolusionêr? <u>Bulletin</u> S.A. Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap. Nr. 14. Julie 1968, p.191.

met sulke radikale gedagtes tevoorskyn getree, dat dit nou nog wêreldwye weerklank vind.

In 1966 het 'n ander boek met die titel „Situation Ethics" deur J. Fletcher sy verskyning gemaak. Daarin is gelykluidende klanke verneem as in die boek van Robinson.

Dit is egter interessant dat die grondslae van hierdie nuwe moraal by die eksistensieteoloog Bultmann gelê is. Dit was hy wat die Bybel van sy sg. mitiese vorm of verpakking wou ontdoen. In sy spoor het ander indrukwekkende figure gevolg met standpunte wat „die teologiese wêreld veral tot in sy fondamente geskud het en waarin die invloed van veral die eksistensie-filosofie met sy anti-metafisiese tendens sterk invloed uitgeoefen het". [41] Verdere momentum is ook aan hierdie nuwe moraal verleen deur die sg. God-is-dood-teologie.

By hierdie nuwe moraal (situasie-etiek) het ons te doen met 'n nuwe siening van die etiek. Robinson praat selfs van 'n rewolusie in die moraal! Dit kom kortliks daarop neer dat die ou tradisionele sedeleer verkeerd is. Die voorskrifte en gebooie van buite af deur God op die mens gelê, moet van sy mitologiese inkleding ontdoen word. „Etiese beginsels is nie heteronoom nie, kom nie van buite die mens nie, maar is outonoom, in die mens self". [42] „Dit is nie God wat vir die mens voorskryf wat hy moet doen nie, maar die mens skryf vir God voor". [43] Duvenage bestempel die nuwe moraal as skokkend omdat dit met die Skrif in die hand, die waarheid van die Skrif verwerp. [44] Hoe tragies dat hierdie nuwe moraal juis uit die boesem van die kerk moes kom.

Die beproefde sedelike norme word deur hierdie skool bevraagteken en betwis. Die naasteliefde word tot allesomvattende norm verhef. Dit is 'n humanisering van die sede-

41) Ibid., p.192.
42) Heyns, J.A. Sterwende Christendom? p.117.
43) Ibid., p.162.
44) Duvenage, B. op. cit., p.196.

leer, met die mens as middelpunt.[45] Daar moet vanuit die situasie besluit word wat goed is. As die instelling van ꞌn staatslotery kan lei tot die versagting van die lyding en smart van baie (bv. dié in die hospitale), is daar niks mee verkeerd nie. In die geval waar ꞌn moeder ontug pleeg om daaruit geld te ontvang om haar kinders wat in groot nood verkeer te versorg, is dit nie sonde nie.[46] Die situasie en die liefde wat in die situasie gedien word, bepaal of ꞌn daad goed of sleg is. Die beginsel word hier ondergeskik gestel aan die medemenslikheid en die omstandigheid.

Robinson sê dat die liefde die enigste kriterium van die Wet is, want „love alone, because, as it were, it has a built-in moral compass, enabling it to ‚home' intuitively upon the deepest need of the other, can allow itself to be directed completely by the situation. It alone can afford to be utterly open to the situation uniquely and for its own sake, without losing its direction or unconditionality".[47] Barclay haal die volgende omstrede stelling van Fletcher aan: „there is nothing which is universally right or universally wrong; there is nothing which is intrinsically good or intrinsically bad" - in elke situasie moet vasgestel word wat die liefde is en hoe dit gedien moet word.[48] Die Tien Gebooie word nie as sodanig verwerp nie, maar daar is tye en situasies wanneer mens nie daaraan gebind kan word nie.[49] Daar word geroem dat hierdie situasie-etiek die etiek van die mondige mens is. Dit is hy wat die keuse self maak (tipies eksistensialisties!) - dit word nie van bo-af op hom afgedwing nie.[50] Dan is dit ꞌn geval van „richten wij ons naar de binnen-God en het ingebouwde kompas. We luisteren naar de stem van onze eigen diepte".[51]

45) Van der Merwe, A. Die huwelik en die gesinslewe. (In Soeklig op ons sedes. p.34.)
46) Fletcher, J. Situation ethics, p.146.
47) Robinson, J.A.T. Honest to God, p.115.
48) Fletcher, W. Ethics in a permissive society, p.69.
49) Ibid., p.76.
50) Ibid., p.81.
51) Van Dijk, M.P. Naar een nieuwe vryzinnigheid, p.74.

Hierdie nuwe moraliste gee voor dat Jesus 'n situasionis was omdat Hy die Tien Gebooie soms ter syde sou gestel het. [52] Wurth, daarenteen, wys daarop dat die wetsonderhouding van die Fariseërs in Jesus se dae met bymotiewe geskied het - dit was nie uit 'n gesindheid van liefde en dankbaarheid nie, maar in selfverheffing. [53] Dit verklaar dan Jesus se skynbaar vreemde optrede vir ons. Hy gee aan die Wet daarmee 'n dieper betekenis en hef dit geensins op nie.

Seker die grootste leemte in hierdie sedeleer is dat dit God daaruit gestoot het - in navolging natuurlik, van die God-is-dood-teologie. Hier het ons dus 'n outonome etiek, 'n „situasie-etiek wat vereis dat die liefde hom in elke situasie op eie wyse moet verwerklik". [54] „Die Heilige Skrif, die dogmatiek en etiek word van sy Godgegewe wesensaard afgebuig en weggevoer tot 'n babelverwarring van menslike wispelturighede". [55]

Dit is duidelik dat die groot verwarring t.o.v. die sedelike gesoek moet word by die mens wat die rug op God gekeer het om homself te bepaal. Daarom dat sy oog op die aardse lewe gerig is, op 'n lewe aan hierdie kant van die graf. Die selfstandige mens waan dat hy God en sy Woord nie nodig het nie - daarom dat hy hom ook nie onder gesag kan plaas nie, en wanneer dit gebeur, kan daar nie van ware opvoeding sprake wees nie.

52) Barr, O.S. The Christian new morality, p.27.
53) Wurth, G. Brillenburg. Zedelijke opvoeding, p.18.
54) Van der Merwe, A., op. cit. p.33.
55) Ibid., p.34.

# HOOFSTUK 2.

## DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING.

### 1. DIE VERBAND TUSSEN LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING EN OPVOEDING:

Geen mens kan neutraal staan teenoor sy Skepper nie. As geskapene na Gods beeld en in relasie tot Hom, moet die mens ook duidelik antwoord kan gee deur homself met oorgawe tot beskikking van God te stel, uit Wie alle dinge ontstaan het en tot Wie se eer en verheerliking hy daar is. Hierdie hoogheilige roeping van die mens moet hy altyd voor oë hou want dit vorm die uitgangspunt van sy lewensbeskouing. Op alle lewensterreine moet in die lig van God se geopenbaarde Woord gewandel word.

De Klerk[1)] wys daarop dat elke lewens- en wêreldbeskouing ŉ sentrale uitgangspunt of grondgedagte het waaruit al die oortuigings van die lewens- en wêreldbeskouing gebore en gevoed word - in die geval van die Christendom is dit die soewereiniteit van God wat spreek deur sy Woord. God en die Bybel bepaal die Christen se siening oor waarheid en leuen, politiek en wetenskap, sedelikheid en reg, ens. Hierdie moedergedagte, soos hy dit stel, is dan die Godsbegrip van elke lewensbeskouing. Die liberalis gaan bv. uit van die vryheid as moedergedagte. Hierdie moedergedagte word in elke lewensbeskouing, hoe primitief ook al, aangetref. Hy noem dit die religieuse grondmotief.

Elke lewensbeskouing is dus religieus bepaal en daarom werk dit met beginsels, norme, waardes, ens. De Klerk wys voorts daarop dat die diepste oorsaak van ŉ lewensbeskouing geleë is

---

1) De Klerk, W.J. Lewensbeskouing en roeping. (<u>In</u> De Klerk, W.J. e.a., Roeping en werklikheid, p.13.)

in die aard van die mens. Dit is vir hom noodwendig om 'n lewens- en wêreldbeskouing te vorm kragtens sy geskapenheid na die beeld van God. Hy is immers 'n verantwoordelike mens wat 'n keuse besit. Die kwaliteit en omvang van elke mens se lewensbeskouing verskil egter soos bepaal deur kultuur, ontwikkelingspeil, ens. Met sy lewensbeskouing bepaal hy ook sy lewenspatroon op alle terreine. Dit word in die gemeenskap ontwikkel, bv. in die ouerhuis deur voorbeeld en opvoeding, in die kerk deur prediking, en op alle terreine.

Dit is dus duidelik dat elke mens 'n lewens- en wêreldbeskouing besit. Dit is sy oortuigings wat onmiskenbaar die stempel op hom afdruk en in dié sin dat dit sy lewensmotivering bepaal. „Dit vorm of takel die samelewing af en bepaal die standpunte, beleide, ideale en norme van 'n gemeenskap. Dit dwing na instemming of verwerping. Die hele geskiedenis is 'n worsteling van lewensbeskouing". [2)]

Die mens se lewensbeskouing gaan gepaard met groot verantwoordelikheid. Daarom moet hy rekenskap aan God, die medemens en homself gee: Aan God, daarom dat die mens onderworpe is aan die beginsels (uit die Woord) wat hy in sy lewensbeskouing verwerk het; aan die mens met wie hy verskillende verbande het; aan homself, t.o.v. sy karakter, ideale, optredes ens. wat deur mens se lewensbeskouing bepaal word. [3)]

Uit bogaande blyk dit duidelik dat geen ware opvoeding moontlik kan wees sonder die steunende krag van 'n lewensbeskouing nie. 'n Mens se lewensbeskouing bepaal ook sy opvoedingsfilosofie. Met reg kan ook beweer word dat sonder 'n lewensdoel, opvoeding nie moontlik kan wees nie omdat dit bepalend is vir die opvoeding. [4)] „Ons lewensbeskouing bepaal ons opvattinge oor die doel, die uitgangspunt, die leerstof,

---

2) Ibid., p.11.
3) Ibid., p.15.
4) Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p.99.

die metode, die onderwyser". [5]

Die mens word daagliks gekonfronteer met opvoeding. Dit staan in die nouste verband met die doel van ons lewe - dit wat ons lewensopvatting ons leer. Die gelowige sien die kind as ŉ skepsel van God en sal daarom opvoed ooreenkomstig hierdie verhewe opvatting. Elke persoon se opvoedingsleer lê dus verwortel in sy lewens- en wêreldbeskouing. Dit verklaar dan ook die groot aantal uiteenlopende menings oor die opvoeding. Dit is baie wenslik dat van hierdie verskillende standpunte kennis geneem sal word.

Coetzee [6] onderskei twee hoofstrominge in lewensbeskouing nl. die teïstiese (Christelike) en die humanistiese (nie-Christelike) op die gebied van die opvoeding en wys daarop dat daar diepliggende verskil is selfs onder die teïstiese, nl. die Roomse Katolieke rigting en die Reformatoriese rigting onder wie daar ook weer verskille bestaan as mens dink aan die Lutherse, Anglikaanse en Calvinistiese lewensbeskouing.

Hieronder volg ŉ beknopte beskrywing van die hoofrigtinge van lewensbeskouing met betrekking tot die opvoeding waarvan kennis geneem behoort te word.

1.1 Idealisme:

Hierdie rigting het sy oorsprong in Plato, die Griekse wysgeer, in sy werk „Die Staat". Die Idealisme lê besondere nadruk op die ideële, die nie-materiële. Dit is ŉ rigting wat nogal baie steun ontvang van menige Christelike geleerde en kon daar gepraat word van ŉ Christelike Idealisme wat hom deeglik laat geld het. Die Idealisme het in die negentiende eeu weer sterk opgevlam onder invloed van die filosoof Hegel en die baie bekende opvoedkundiges Pestalozzi, Herbart en Froebel.

---

5) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.24.

6) Ibid., p.27.

Vir die Idealis is die mens kultuurwese. Ware geluk vir die mens bestaan in kennis, denke en kultuur. Die opvoeding het as doel om die natuurmens 'n kultuurmens te help maak. Die onderwyser staan op die voorgrond. Ons het hier 'n baie eensydige beklemtoning van kennis, denke en kultuur. Dit is 'n stelsel wat lei tot staatsabsolutisme waar die enkeling aan die staat opgeoffer word. [7)]

1.2 Realisme:

Dit is eweneens 'n lewensbeskouing van gryse ouderdom, soos Coetzee dit stel. Die groot denker hier was Aristoteles. 'n Ander bekende was die Engelsman John Locke (1632 - 1704). Uit hierdie rigting het ontstaan 'n Christelike Realisme. Tans het dit redelike aanhang onder die Rooms-Katolieke. In die Opvoedkunde word die Realis determinis. Die kerk moet beslis oor die vraag wat goed en sleg is vir die Christelike opvoeding en hy eis konsekwent die opvoeding van sy jeug op as besondere taak. „Die Realis is determinis: dinge is daar en ons moet hulle aanvaar soos hulle is, aan hul bestaan (en ontstaan) kan daar niks gedoen word nie". [8)]

1.3 Naturalisme:

Hierdie is ook 'n baie ou lewensbeskouing en onwillekeurig word hier gedink aan die name J.J. Rousseau (1712-1778) en H. Spencer. Die uitgangspunt is 'n natuurlike opvoeding. Die geestelike komponent van die mens word ontken - hy word deur die Naturalisme soos Pistorius dit stel, [9)] bloot 'n slim dier gemaak. Die mens bestaan in die wêreld en vir die wêreld. Hy word gekondisioneer soos 'n dier. Dit gaan om die outonome ontwikkeling van die individu. Daar is hoë waardering vir die natuurwetenskappe. Kennis wat praktiese nut het, kry voorkeur.

---

7) Pistorius, P., op. cit., p.155.
8) Coetzee, J. Chris., op cit., p.41.
9) Pistorius, P., op. cit., p.136.

1.4 Sosialisme:

Die naam van Dewey weerklink hier onwillekeurig. Die Sosiologie is die grondwetenskap van die opvoeding. Die gemeenskap word sentraal gestel in die menslike lewe. Dewey wil die algehele sosialisasie van die opvoedkunde. Alle opvoedkundige vraagstukke moet van die sosiale gesigspunt gesien word. Die praktiese inhoud van die skoollewe ontvang besondere nadruk. By die skool leef en leer die kind leef. Die skool word ꞌn doenskool - daar word geen indoktrinering en tug geduld nie. Hierdie rigting verabsoluteer die gemeenskap. Hul opvoeding is uiteraard humanisties en eensydig. [10)]

1.5 Pragmatisme:

W. James word die vader van hierdie rigting genoem. Hy was die leermeester van Dewey. Hierdie lewensbeskouing het dit oor die praktiese waarde of nut van ꞌn teorie. ꞌn Mens se lewensbeskouing, sy gedagtes e.d.m., moet aan die praktiese getoets word. „Die wese en doel van opvoeding is groei". [11)] Die doel van die lewe is die lewe self. Die opvoeding is ꞌn ononderbroke proses van groei en vervolmaking, sonder ꞌn einddoel. Uit Dewey se Pragmatisme het die Eksperimentalisme ontwikkel met Kilpatrick, leerling van Dewey, as eksponent. Hiervolgens is die mens ꞌn doel, nie ꞌn middel nie; alle mense is gelyk, daar is geen absolute beginsels nie. Opvoeding geskied deur groepkultuur. Die skole moet die kind voorberei vir altyd veranderende sosiale vraagstukke. [12)]

1.6 Kommunisme:

Karl Marx (1818-1883) die Duitse skrywer het die grondslae gelê vir die Kommunisme maar Lenin (1870-1924) word die vader daarvan genoem. Hierdie anti-godsdienstige en materialistiese

---

10) Coetzee, J. Chris. op. cit., p.52-54.
11) Gunter, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë, p.182
12) Coetzee, J. Chris, op. cit., p.62

lewensfilosofie bedreig die ganse mensdom en laat hom haas op elke plek geld. Dit is totalitêr en wil beheer oorneem en „diepgaande veranderinge oor die hele linie van die lewe aanbring ... " [13] Dit streef na wêreldheerskappy. Die onderwyser is agent en slaaf van die staat en moet die kind indoktrineer met Kommunistiese leerstellings.

1.7 Calvinisme:

Die uitgangspunt in hierdie verhandeling is gebaseer op die Calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing en daarom sal in hierdie paragraaf slegs enkele aspekte daarvan aangesny word. „Die Calvinisme kan getipeer word as 'n Christelike lewensbeskouing en lewenstyl wat verband hou met die perspektiewe wat Calvyn en sy navolgers deur die eeue uit die Skrif geformuleer het en gekonkretiseer het vir die lewe in sy verskillende aspekte". [14] Hierdie is 'n lewensfilosofie wat baie aanslae moet verduur omdat dit die mens sien as beelddraer van God en dat sy lewe doel en betekenis het daarin om sy Skepper te eer en om sy roeping te volvoer.

Ten opsigte van die onderwys wys die Calvinisme alle onderwys af wat nie rekening hou met God se geopenbaarde Woord nie en beywer hy hom vir Christelik-nasionale onderwys omdat dit van God gewil is en nie die produk is van die mens nie. Van Calvinisme sê De Klerk dat dit die klankbord wil wees van die stem van God. [15]

## 2. WAT IS OPVOEDING?

De Graaff wys daarop dat in die loop van die geskiedenis daar baie antwoorde gegee is op hierdie fundamentele vraag. Wysgere en opvoedkundiges het die een na die ander aspek van

13) Van Wyk, J.H. Die Kommunisme. (In De Klerk. W.J. e.a., op. cit., p.106).
14) De Klerk, W.J. Die Calvinisme in perspektief. (In De Klerk, W.J. e.a., op. cit.p.157).
15) De Klerk, W.J. Die Calvinisme in 'n neutedop, p.8.

die menslike lewe genoem om dan fundamentele kenmerke van die opvoeding te verklaar. [16] Voeg nog hierby die verskillende uiteenlopende opvattings oor die wese en doel van die opvoeding en daarby ook nog die verskillende lewens- en wêreldbeskouings wat op hul beurt verdere ingewikkelde omskrywings tot gevolg het.

Coetzee wys daarop dat die algemene bepaling van die begrip opvoeding neerkom op die werksaamheid van mense met mense. Daar moet twee groepe wees in die daad van opvoeding, nl. die wat onderrig en die wat onderrig ontvang. [17] Hy gaan nog verder deur daarop te wys dat die opvoeding tot taak het „om die volwassene (en onvolwaardige volwassene) te bring tot 'n staat van volwassenheid .....". [18]

Oral waar daar menslike lewe is, word opvoeding van een of ander aard gevind. Opvoeding is 'n lewensverskynsel, 'n kenmerk van die lewe; dit is geen maaksel van die mens nie - dit is 'n skeppingswerklikheid. [19]

Van Wyk stel dit duidelik dat opvoeding 'n handeling is wat net by die mens aangetref word. Dit vereis minstens twee mense, t.w. opvoeder en opvoedeling. Lg. is opvoedingsbehoeftig. Daar moet 'n doelbewuste ontmoeting, wat op toerusting gerig is, tussen die twee plaasvind. Op hierdie wyse is opvoeding 'n doelstellende gebeure, handeling of daad. Sonder 'n doel, nl. die verheerliking van God, taakvervulling, roepingsvervulling, is daar geen sin in die opvoeding nie. [20] Die doel is God-gerig (vertikale) en dit gee sin ook aan die horisontale doelstellings. [21] Dit is die kenmerk van ons tyd dat die opvoeding verval tot kosmologiese verabsolutering omdat die religieuse of vertikale doelstellings hul plek ontsê word. Van Wyk beklemtoon die feit dat die opvoeding na

---

16) De Graaff, A.H. The educational ministry of the Church, p.89.
17) Coetzee, J. Chris., op. cit., p. 65.
18) Loc. cit.
19) Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p.4.
20) Van Wyk, J.H. Wat is opvoeding? p.10.
21) Ibid., p.12.

sy kreatuurlike aard na God heenwysend is en dat dit die heerlikheid en majesteit van God openbaar.[22] Opvoeding kan nooit ŉ religieus-neutrale daad wees nie, maar juis ŉ religieus-bepaalde daad. Hy stel dit voorts duidelik dat opvoeding ŉ handeling is „wat voortduur totdat die doel bereik is, dit wil sê die opvoedeling die mate van selfstandigheid bereik het dat hy self op sy roeping kan antwoord. Opvoeding is dus ŉ handeling wat afgerond kan word, afgehandel kan word...." [23]

Waterink wys daarop dat die eerste verband en die primêre verband waarmee die opvoeding gesien moet word, die verband tussen God en mens is. Die opvoeding het alleen sin wanneer God dit gebruik as middel om die kind te bring waar Hy dit wil hê.[24] Bavinck stel dit mooi wanneer hy van opvoeding sê dat dit „eene van die gewichtigste en heerlijkste werkzaamheden, door God aan menschen toebetrouwd is" en dat „zij staat in verband met en wordt in geheel haar wegen door onze godsdienstige en zedelijke overtuigingen bepaald".[25]

Bostaande uitsprake kan beskou word as die algemene bepaling van die begrip opvoeding. Coetzee het dit dan nog oor die besondere bepaling van die begrip. Dit gaan oor die opvoeding tot vorming van die mens op die verskillende terreine, bv. die liggaamlike, verstandelike, emosionele, sosiale, sedelike, estetiese en die religieuse.[26] Die begrip opvoeding word vervolgens van die volgende gesigspunte omskrywe:

2.1 Wat die <u>biologiese gesigspunt betref</u>, word daarop gewys dat die mens ŉ lewende wese is wat opgevoed moet word. Lewe is die voorwaarde vir die bestaan van die opvoeding. Daar moet ook vir die lewe ŉ omgewing wees waarby die lewende wese hom moet aanpas. „Biologies gesproke, kan ons opvoeding van die mens bepaal as ŉ proses van aanpassing van mens en omgewing".[27]

---

22) Ibid., p.4.
23) Ibid., p.12.
24) Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.18.
25) Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p.18.
26) Coetzee, J. Chris. op. cit., p.71.
27) Ibid., p.72.

2.2 Die fisiologiese gesigspunt:

Die mens is liggaam-sielwese. Met die verskillende stadia van ontwikkeling van die liggaam moet rekening gehou word. Dit moet versorg word.

2.3 Die psigologiese:

Daar moet met die mens se siel rekening gehou word. Die psigiese opvoeding is ook uiters belangrik. Ook dit moet groei en ontwikkel. Die psigiese vermoëns moet ontvou d.m.v. die nodige geestesaktiwiteit.

2.4 Die sosiologiese gesigspunt:

Die mens is vanaf sy geboorte van ander mense afhanklik; hy word lid van ꞌn groep en ook hier moet hy opgevoed word om sy plek waardig in te neem. Daar kan ook gepraat word van die sosiale opvoeding van die individu.

2.5 Die logiese gesigpunt:

Dit staan i.v.m. die besit van kennis en ꞌn gesonde verstand. Opvoeding moet tog immers kennis verskaf. Verstand mag egter nie verhef word nie, maar ook weer nie onderskat word nie. Die mens as kroon van God se skepping het ꞌn rede en verstand. Dit hang van die opvoeding af hoe kennis verwerf en aangewend word. Die menslike gees moet geprikkel word tot selfaktiwiteit.[28)]

2.6 Die etiese gesigpunt:

Die ware opgevoede mens is die goeie deugsame mens. God is goed en die soeke na die goeie is een van die gewigtigste take van die opvoeding.[29)] Sedelike opvoeding is sinoniem met karakteropvoeding - dit is ꞌn gewigtige vorm en deel van die opvoeding, egter nie die hoogste soos Herbart e.a. beweer het nie.[30)]

---

28) Ibid., p.76.
29) Loc. cit.
30) Loc. cit.

2.7 Die estetiese gesigspunt:

Dit vind sy verwerkliking in die skoonheid wat van God kom. Die mens moet soeker daarvan wees en moet ook sy smaak ontwikkel. Ook dit is 'n gawe van God en dra by om die opvoeding af te rond en te bestendig.

2.8 Die religieuse gesigspunt:

„Geen Christelike opvoeder kan werk sonder kennis van die ewige God soos Hy Hom aan die mens geopenbaar het nie. Die hele wese, doel en inhoud van die opvoeding word bepaal deur ons religie". [31] Hieronder word verstaan godsdiens, vroomheid, godsvrug, godsaligheid. Die begrip is dus ruimer as godsdiens wat slegs op diens van God dui. God moet eers geken word om Hom lief te hê en te vrees, waaruit voortvloei die ware diens van God. [32]

Dit is die Skrif wat bron is van alle ware opvoeding - daarin word God se stem verneem, daarin verneem ons wie en wat die mens is, wat sy bestemming is, hoe hy moet leef, kortom, die Woord verlig die hele pad, elke aspek van die lewe. „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". [33] Die ware opvoeding is dus 'n volkome opvoeding, nie 'n maaksel van die mens nie, maar 'n lewensverskynsel wat deur die mens bevorder of teengewerk, maar nooit vervang kan word nie. [34] Dit volg ook dat by die opvoeding van die mens daar gevorm moet word - dit is die taak van die opvoeder. 'n Algemene vorming van die mens is die oogmerk: „Sy sedelike, sosiale, verstandelike, godsdienstige opvoeding", [35] soos Coetzee dit stel.

31) Ibid., p.115.
32) Ibid., p.116.
33) 2 Tim. 3:16,17.
34) Keyter, J. de W., op. cit., p.5.
35) Coetzee, J. Chris., op. cit., p.78.

## 2.9 Begrippe wat voorkom in die opvoedingshandeling:

2.9.1 Onderwys: Dit verskil van opvoeding in dié-sin dat dit nie soos die opvoeding op die hele mens gerig is nie, maar slegs op enkele aspekte. Dit is meer op die verstand gerig. Dit het meer te doen met die verwerwing van kennis, die aankweek van vaardighede en kundighede en die ontwikkeling van sy vermoë tot selfstandige denke wat alles vir sy bestaan as mens nie alleen voordelig is nie maar ook noodsaaklik. Opvoeding sluit onderwys in. [36] Die onderwyser deel feite mee aan sy leerlinge. Daar word ook gepraat van die onderwys van 'n vak, 'n saak, ens.

2.9.2 Onderrig: Dit is 'n beperkter begrip as onderwys. Dit is „suiwer formeel en veronderstel altyd 'n vaste uitgangspunt, doelpunt en metode". [37] Dit is 'n onderdeel van onderwys en gaan om die oordra van feite. Daar word gepraat van die onderrig in tale, die geskiedenis, die godsdiens, ens.

2.9.3 Opleiding: 'n Mens dink hier bv. aan die opleiding vir 'n beroep, 'n taak, bv. van onderwyser.

2.9.4 Afrigting (dressuur): „Dit bestaan daarin dat 'n vaste handelswyse deur veelvuldige herhaling by die dier ingeoefen of ‚ingeslyp' word". [38] 'n Bepaalde gedragspatroon word hier vasgelê en dit staan ook bekend as kondisionering.

## 3. DIE DOEL VAN OPVOEDING:

Die opvoedingsdoel volgens Waterink is: „de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar Zijn Woord dienende perzoonlikheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst". [39]

---

36) Gunter, C.F.G., op. cit., p.16.
37) Ibid., p.17.
38) Pistorius, P., op. cit., p.66.
39) Waterink, J., op. cit., p.114.

Volgens Bavinck moet die mens na sy heerlike bestemming gelei word volgens die beloftes van God se Woord. [40] Dit mag in die opvoeding nie gaan net om die mens nie; hy mag nie in die middelpunt geplaas word nie omdat hy slegs skepsel van God is. Opvoeding het ten doel „in de eerste plaats menschen Gods te vormen". [41] Die religieuse of vertikale doelstellings „is op die eer en verheerliking van God gerig in Homdienende roepingsvervulling". [42] Dit is hierdie aspek wat so skromelik verwaarloos word.

Daar word volstaan met die uitspraak van De Graaff oor die doel van opvoeding: „The final aim of all Christian nurture and instruction can be nothing else than the provision of fundamental guidance with regards to this calling. Wherever the child or the adult is placed, whatever his abilities or limitations, he must learn to submit his life to God's will. His one and only task is to serve God according to His ordinances, unfolding and developing His creation for the benefit of mankind to the praise of the Lord and Redeemer. To prepare the child for this service and to give the adult guidance with regard to this calling, must be the final aim of Christian education". [43]

## 4. DIE NOODSAAKLIKHEID EN MOONTLIKHEID VAN OPVOEDING:

4.1 By geboorte is die kind liggaamlik onvolwasse. Hy is juis van al die lewende wesens die hulpeloosste. Hy het behoefte aan voeding, kleding en beskerming.

4.2 Die kind is ook geestelik onvolwasse. Sy karakter moet gevorm word. Dit kan nie sommer vanself geskied nie. Hy weet nie wat goed en kwaad is nie en moet dus leiding ontvang. Sy gewete moet ook ontwikkel en gevorm word en 'n

40) Bavinck, H., op. cit., p.23.
41) Ibid., p.51.
42) Van Wyk, J.H., op. cit., p.12.
43) De Graaff, A.H., op. cit., p.113.

verantwoordelikheidsin moet by hom gekweek word.

4.3 Die kind het behoefte aan kulturele opvoeding. Liefde vir die volkseie moet ook deur die opvoeding ontwikkel word.

4.4 As sondaar is die kind geneig tot die verkeerde. Die beeld van God is weens die sonde in hom verduister. Opvoeding is noodsaaklik om hom te help om teen die bose magte te stry. Die Woord van God moet in sy lewe duidelik spreek. Daarin word hy beveel om God lief te hê en hom te eer en te verheerlik.

4.5 Kragtens die doopbelofte moet die kind opgevoed word. Om God te dien en Hom te eer, is die hoogste doel van die opvoeding. Die verhouding ouer/kind dien as grondslag van alle opvoeding. Die gesagsverhouding in hierdie verhouding word van groot belang geag ,,.... dit gezag vormt ook de kern voor de erkenning van alle gezag.....". [44)]

Bavinck wys daarop dat net so onmisbaar as voeding vir die mens is, net so onmisbaar is opvoeding vir hom Daarsonder sterf die mens [45)] en daarsonder kan daar nie sprake wees van taakvervulling nie. [46)]

Wat die moontlikheid van opvoeding betref, kan daarop gewys word, dat ook dit van God kom. Die Skepper het dit gewil dat die volgende kenmerke eie is aan die wese van die kind: die begeerte om begryp te word, 'n natuurlike afhanklikheidsgevoel, onderworpenheid aan gesag, vatbaarheid vir oortuiging, 'n aangebore nuuskierigheid, 'n gawe om na te boots. [47)]

5. DIE GRONDSLAE VAN DIE OPVOEDING:

Dit is noodsaaklik om hierdie grondslae te ondersoek omdat opvoeding op hulle berus. Dit word gedoen aan die hand

---

44) Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften, p.7.
45) Bavinck, H., op. cit., p.12.
46) Van Wyk, J.H., op. cit., p.13.
47) Van Loggerenberg, N.T. Eerste stappe in die filosofie van opvoeding, p.24.

van Coetzee se omvattende werk [48] en sal baie kursories geskied.

5.1 Metafisiese grondslae:

Dit gaan hier oor die mens se beskouing oor die werklikheid wat 'n vraagstuk van die mens se lewensbeskouing is. Hierdie beskouing vorm die vertrekpunt en fondament van die opvoedkundige. Dit gaan in die metafisika oor die bestaan van God, die skepping van hemel en aarde en alles wat daarin is, die ordelikheid wat daarin heers, die veelheid en verskeidenheid in die skepping, die eenheid in God, die wese van die mens, die selfstandigheid van liggaam en siel, die mens se lewe in ruimte en tyd, die volvoering van God se Raadsplan.

5.2 Epistomologiese grondslae:

Niks neem in die opvoeding en onderwys 'n belangriker plek in as kennis nie. Dit is 'n gawe van God. Die Skepper word daarmee geëer en verheerlik. Dit is so noodsaaklik dat die hele verstand ontwikkel moet word. Geloof en ken is verwant; eersgenoemde is vir die gelowige die weg na ewige kennis en kennis is die vrug van die geloof. Die mens kan homself ken, maar meer nog, ook sy God.

5.3 Etiese grondslae:

Die kind se sedelike vorming is vir die opvoeder van groot belang. Die voorskrifte daarvoor word in die Woord gevind. Die hoofdoel daarvan is om tot gehoorsaamheid te bring. Die begrip vryheid geniet ook aandag. Op die vraag wat die goeie is, verneem ons ook uit die Woord dat dit werke is wat uit die geloof, volgens die Wet van God en tot Sy eer is. Ook die gewete moet gevorm en ontwikkel word en laastens word die begrip sonde belig en verklaar vanuit die Skrif.

48) Coetzee, J. Chris., op. cit., p.83-208.

5.4 Religieuse grondslae:

Sonder 'n grondige kennis, liefde en diens van die Here, is die lewe en die hele opvoeding van die mens vir die gelowige ondenkbaar. Die Woord is beslissend vir opvoeding omdat hierin die doel met die mens verneem word. Sy oorsprong, wese en bestemming, maar ook die sondeval, genade en verlossing in Jesus word ons duidelik geleer.

5.5 Estetiese grondslae:

Uit die Woord word verneem en afgelei wat die mooie, die skone is. God self, is die Bron van die skone. In die opvoeding mag die onderwyser hierdie nie uit die oog verloor nie. Kuns wat God-onterend is, kan geen kuns wees nie en kan nie dien tot die veredeling van die lewe nie. 'n Opvoeding sonder skoonheid en kuns kan die mens van God nie volkome toerus vir al sy werk nie.

5.6 Logiese grondslae:

Die logika is onontbeerlik vir die opvoeding omdat dit te doen het met die metode van onderwys en opvoeding. Die norme wat God daargestel het vir die vorm van ons denke moet geken word. Die vrae na die wese, die proses, die vorme van die wette van ons denke moet aan sy doel beantwoord. Die gawe om te dink en reg te dink, kom van die Skepper.

5.7 Sosiologiese grondslae:

Die mens is 'n sosiale wese en met hierdie feit moet ook rekening gehou word. Die huis, die skool, die kerk en die staat stel aan hom besondere eise. Die leerplan, metode van opvoeding moet ook gesosialiseer word. Die aspek van kultuuroordrag in die sosiale opvoeding is baie belangrik.

5.8 Psigologiese grondslae:

Die psigologie wil weet hoe die kind ontwikkel en wat die kenmerkende hoedanighede van die kind is op elke stadium van grootwording. Dit wil weet hoe die kind leer, wat die

voorwaardes en wetmatighede daarvan is, en wat die vrugte en geleidende verskynsels is.

5.9 Staatkundige grondslae:

Die mens is ꞌn burger van die staat. Dit pas die opvoedkundige om ꞌn studie te maak van die wetenskap van die staat. Reeds vroeg in die Bybel lees ons van die goddelike instelling van die owerheid waarvan die gesag ontwikkel het uit die gesag van die huisgesin wat sy oorsprong by God het. Die opvoeder hou hom besig met die verband wat daar is tussen opvoeding en die staat. Dit is gewoonlik so dat die opvoeding en onderwys in sy grond bepaal word deur die heersende staatsvorm.

5.10 Biologiese grondslae:

Hierdie grondslag is eweneens belangrik vir die regte insig en verstaan van die opvoedingshandeling. Die grondvraagstukke nl. die mens as lewende wese, sy ontstaan, wording en dood, die oorerwing, die wesensverskil tussen mens en dier, die aanpassing en opvoedbaarheid van die mens, verdien die aandag van die opvoedkundige.

5.11 Fisiologiese grondslae:

Die mens is siel-liggaamwese. Met sy liggaamlike moet ook rekening gehou word in die opvoeding, bv. aan liggaamlike opvoeding. ꞌn Grondige studie van die liggaam as voorwaarde vir die liggaamlike en geestelike opvoeding van die kind moet gemaak word. Dit is tog ꞌn gesonde liggaam wat ꞌn gesonde gees huisves.

6. OPVOEDER EN OPVOEDELING:

Die opvoeder is altyd ꞌn volwasse, selfstandige persoon en die opvoedeling daarenteen die afhanklike, dié een wat versorging nodig het. Hierdie opvoedingsbeginsel het sy ontstaan by die eerste mense. Die kind se afhanklikheid maak opvoeding noodsaaklik en ook moontlik. Die gesag om

op te voed, kom van God. ŉ Persoon kan alleen waarlik opvoeder wees as hy daartoe ŉ opdrag het. As ouers kinders ontvang, ontstaan daar ŉ spesifieke ouer-kindverhouding. Dit vereis groot verantwoordelikheid - daar rus op die ouers ŉ verpligting tot opvoeding. Die kenmerk van hierdie relasie tussen ouers en kinders is liefde en verantwoordelikheid. Hierdie beginsel word ook t.o.v. ander opvoedingsinstellings gehandhaaf. „The teacher's authority in the Christian school comes from the Christian parents who recognise that their authority is God-given and that they are stewards of their authority". [49)]

Die ontmoeting tussen opvoeder en opvoedeling is ŉ gesagsrelasie, ŉ eensydige relasie in die sin dat die opvoeder hom in die plek van die opvoedeling kan stel maar die opvoedeling hom nie in die plek van die opvoeder nie. [50)]

Die opvoedeling moet met eerbied, respek en vertroue behandel word omdat hy die eiendom is van sy Skepper. Kriekemans wys daarop dat „opvoeden tot verantwoordelijkheid kan alleen hij, die zelf verantwoordelijkheidzin heeft". [51)] Die voorbeeld van die opvoeder is in die opvoedingsituasie van die allergrootste belang. Teenoor die opvoeder is lojaliteit ook weer ŉ vereiste.

## 7. DIE OPVOEDINGSMETODE EN KURRIKULUM:

Die vraag hier is hoe daar opgevoed moet word. Hoe moet die opvoeder die opvoedingshandeling beheer en rig ten einde die doelstellings daarvan te verwesenlik? Hoe moet die opvoedingsmiddels in die praktyk in die verskillende stadia van ontwikkelingsproses aangewend word? Daar moet natuurlik ook rekening gehou word met die faktore wat in die kind aanwesig is - sy verskillende vermoëns en kragte, sy

---

49) Jaarsma, C.J. Fundamentals in Christian education, p.117.
50) Gunter, C.F.G., op. cit., p.24.
51) Kriekemans, A. Grondbeginselen der Godsdienstige, zedelijke en sosiale opvoeding, p.79.

besondere individualiteit, sy ontwikkelingstadium in liggaamlike en geestelike groei. Met die leerstof moet ook rekening gehou word bv. omvang, volgorde, verwantskap met ander vakke, ens. Ook sal daar van verskillende metodes gebruik gemaak moet word. Op die wysgerige, psigologiese en logiese beginsels van die metodes sal gelet moet word omdat die kind 'n ontwikkelende en handelende en denkende wese is.

Schutte wys daarop dat „mens se metodes nie noodwendig middeleeus, verstard, onpsigologies hoef te wees om op God se Woord gegrond te wees nie. Die gelowige is modern, op die voorpunt van die tye want dit is hy wat eerste opmerk dat God deure oopmaak. Om nuwe terreine van God se kosmos te betree vereis nuwe toerusting en nuwe benadering". [52)]

Om die opvoedings- en onderwystaak geslaagd deur te voer is dit noodsaaklik dat die inhoud van die leerstof op peil sal wees. Die belangrikste vak moet Godsdiensonderrig en Bybelkunde wees; hierdie vakke mag nie in die Christelike skool ontbreek nie. Die ander vakke moet onderrig word maar dan in die lig van God se geopenbaarde Woord.

Die kurrikulum moet die kind volkome toerus vir sy lewenstaak. Dit moet volledig en ewewigtig wees en die leerstof moet bydra tot die algemene vorming van die kind volgens die hoogste eise.

'n Enkele gedagte oor tug by die opvoeding en onderwys: Dit gaan oor die ordelikheid op skool waarsonder opvoeding nie in sy doel kan slaag nie. Selfbeheer is die kenmerk van hierdie tug. Tug bevorder die gladde verloop van die opvoedingsituasie deurdat leerlinge maklik, gereeld en gewillig skik na die eise van die gesag. Die beginsel van tug is ontleen aan die Woord, trouens die hele skepping staan daaronder. [53)]

---

52) Schutte, B.C. Die Bybel in die skool, p.8-9.
53) Coetzee, J. Chris, op. cit., p.269.

## 8. OPVOEDINGSINSTITUTE:

Die taak van die opvoeding in wetenskaplike sin nl. om die onvolwassene tot ŉ staat van volwassenheid te bring, geskied altyd institutêr. Hier het ons die opvoedingsituasie op die oog waar die opvoeder doelbewus ingryp en nie die opvoeding in sy algemene sin wat nie institutêr is nie. [54] Daar word vier sulke institute onderskei, nl.:

### 8.1 Die huis:

Dit is die eerste instelling wat voortkom uit die skepping. Die kind is as hulpelose wese aangewese op die liggaamlike en geestelike versorging van die ouers. Die band tussen ouers en kinders word gekenmerk deur liefde en vertroue en die Christelike lewens- en wêreldbeskouing druk ŉ blywende stempel af op die opvoedeling in die huis. Die ouerhuis lê ook die grondslae van alle latere opvoeding. Die kenmerk daarvan is die eenheid, geslotenheid, samehorigheid en die onverbreekbaarheid van sy binding. [55]

### 8.2 Die kerk:

Die kerk is deur Christus ingestel vir die voeding en versterking van die religieuse lewe van die lidmate. Woord en sakramente word bedien en die tug gehandhaaf. Dit neem die opvoeding van die gelowige jeug op sy rekening (bv. katkisasie). Dit bring die kind tot kennis en liefde van God en tot geloofsbou. Die kerk moet die kind altyd sien as verbondskind. [56]

### 8.3 Die skool:

Die skool dien as hulp vir die ouers in die opvoeding. Dit moet egter nie beskou word as ŉ verlenging van die ouerhuis nie, omdat dit ŉ selfstandige inrigting is, soewerein

---

54) Ibid., p.66.
55) Ibid., p.279.
56) Ibid., p.283.

in eie kring. [57] Die skool moet innig met die ouerhuis meewerk en dit ook aanvul. Die kind moet in die skool kennis van God en kennis van die natuur ontvang. Na sy inhoud moet die Christelike skool in sy geheel die een hoofdoel van alle Christelike opvoeding dien.

Daar kan maar net met groot dankbaarheid kennis geneem word van die jongste onderwyswetgewing wat 'n belangrike mylpaal in die onderwysgeskiedenis van ons land inneem, t.w. die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967) wat bepaal dat die onderwys van die Republiek van Suid-Afrika 'n Christelik-nasionale karakter moet hê. Dit is nie maar net 'n willekeurige besluit nie, maar 'n beginsel wat neergelê is in die Woord van God.

8.4 Die staat:

Die staat is nie die oorsprong van die kind nie maar oefen slegs mag en gesag uit oor die gemeenskapslewe, m.a.w. oor sy onderdane. Die belang van die staat by die opvoeding van die kind lê in sy opvoeding tot 'n goeie burger, bv. die kulturele en nasionale lewe. Onnodig om te sê dat die staat ook in ooreenstemming met die huis, die kerk en die skool moet optree. „Die staat word, ten spyte van sy sondigheid as menslike institusie, gesien as 'n genadige instelling van God, as Sy dienaar in die natuurlike lewe om die sonde te beteuel". [58]

## 9. SAMEVATTING:

In die voorafgaande paragrawe is daar besin oor die opvoeding - dat dit „'n lewensverskynsel, 'n kenmerk van die lewe self is" [59] en dat „van opvoeding van mensch en menschheid zou er redelijkerwijze geen sprake kunnen zijn, als

57) Loc. cit.
58) Gunter, C.F.G., op. cit., p.453.
59) Keyter, J. de W., op. cit., p.5.

achter al die factoren, die bewust of onbewust op ons in-werken, God niet stond, de Schepper van hemel en aarde, die de eigenlijke opvoeder is ...." 60) Met die volgende treffende belydenis word volstaan: „The fundamental thought underlying nearly everything that we would want to say about the Christian way of education is that God is the Teacher. It is He who wills that man shall know the truth; He gives us curious and reflective minds to seek that truth and grasp it and use it; He even gives us the supreme privilege of helping Him in partnership both to teach and to learn. But the initiative is His, just as the truth is His, and all teachers, headmaster, trustees, students, preachers, bishops, and all the rest of the catalog do what they do because God, first of all, does what He does". 61)

Opvoeding is dus 'n verantwoordelike handeling waarby 'n onmondige (d.w.s. onselfstandige, w.o. sedelik-onselfstandige) mens deur 'n mondige mens gelei word tot vrywillige en selfstandige uitvoering van sy Godopgelegde taak, w.o. ook die selfstandige neem van sedelike besluite.

---

60) Bavinck, H., op. cit., p.14.
61) Fuller, E. The Christian idea of education, p.255.

# HOOFSTUK 3.

## DIE PLEK VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING IN DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING.

### 1. DIE SEDE WAARVOLGENS DIE MENS LEWE:

Sedes word bestempel as die sement wat die gemeenskap byeenhou. Hulle kan ook beskou word as vasstaande reëls van lewe en gedrag vir die individu in ŉ samelewing. Vir die Christen is dit ŉ lewenspatroon in ooreenstemming met die Goddelike reëls. Sedes hang vir hom onlosmaaklik saam met die godsdiens waarin dit wortel - dit gee gestalte daaraan. [1] By die Christelike sede staan God sentraal en alles word bepaal deur Hom, vloei voort uit Hom en word gerig op Hom. Dit is in teenstelling met die humanistiese etiek, waar die mens sentraal geplaas word, dit om hom gaan - hy dus sy eie wetgewer is. [2]

Die maatstaf waarvolgens die lewe, die gedrag en die handeling van die mens as enkeling en in die verbande met sy medemens beoordeel word as goed of kwaad, word ŉ norm genoem. [3] Wanneer die norm van die sede uit die mens kom of uit sy wêreldbeskouing, word gepraat van immanente norme. Waar die norme van buite die mens kom, van God, soos Hy dit aan die mens geopenbaar het, word gepraat van transendente norme. Slegs laasgenoemde norm is geldend vir die gelowige en kan as uitgangspunt dien. Hierdie norme is „nie geleë in een of ander menslike waarde of deug nie, maar in Gods koninkryk in die verheerliking van sy Naam." [4] Dit is in die Woord van God dat ons sy wil verneem.

1) Van Wyk, J.H. e.a. Geloofsleer en sedeleer (Leerboek vir st. 10-leerlinge.) p.220.
2) Van der Walt, S.P. Gods Wet en „die ander wet", p.3.
3) Van Wyk, J.H. e.a., op. cit., p.222.
4) Barnard, A.C. Die mens en sy samelewing (In Van der Walt, S.J. e.a. Geloofsleer en sedeleer - Handboek vir onderwyser, p.360)

Omdat God se norme so heerlik is, volg dit dat die sedelikheid ook daarmee in ooreenstemming sal wees. As daar nie norme is nie, kan daar ook nie gepraat word van sedelikheid nie. [5] So kan ŉ mens se lewe getoets word aan sekere norme en kan sedelike oordele gevel word. Die hele lewe word beheers deur sulke sedelike oordele. Die hele opvoeding het ten doel om ons te help om die juiste oordele te vel. Dit gaan vanselfsprekend gepaard met groot verantwoordelikheid. By hierdie sedelike beoordeling is die mens se motiewe en gesindheid baie belangrik. Die hele mens in sy totaliteit is daarby betrokke. [6]

Die sedelike opvoeding het ten doel om die mens te lei tot die aanvaarding van Gods norme, om met sy genade te trag om met blydskap daarvolgens te lewe.

1.1 <u>Slegs die mens is draer van die sedelike</u>:

Net die mens kan sedelik beoordeel word. Oor wie en wat die mens is, gaan menings natuurlik baie uiteen. Daar is diegene wat reken dat hy uit die aarde kom en dat sy lewe net vir die hier en die nou is. Wanneer Dooyeweerd [7] ŉ antwoord gee op die vraag: wat is die mens?, wys hy op die tragiese dat die mens in die toestand van geestelike verval van die westerse wêreld sy belangstelling in die godsdiens verloor het en daarmee ook die dood van God aanvaar het. Omdat God nie meer geken word nie, ken die mens homself ook nie meer nie. Hierdie sentrale selfkennis kan slegs die resultaat wees van God se Woordopenbaring waarin skepping, sondeval en verlossing die hart van die Evangelie uitmaak en die mens dus bewus maak van sy afhanklikheid van God.

Die mens se sedelikheid is ook deur die sonde ontwrig - dit het egter nie verlore gegaan nie, maar God skenk hom die vryheid in Christus. Hierdie vryheid bestaan daarin

5) Ibid., p.361.
6) Loc. cit.
7) Dooyeweerd, H. Wat is die mens? (vertaal), p.13.

dat die mens vry is om volgens die wil van God te handel. [8)]

## 1.2 Die ontplooiing van die sede in die Christelike lewe:

Sonder 'n duidelike doel voor oë, het die lewe geen betekenis nie. „Die lewe volgens die sede impliseer 'n lewensdoel". [9)] Vir die Christen gaan dit om die eer en die grootmaak van sy Skepper. Daar word baie eise aan hom gestel en ook baie pligte wat hy moet nakom. Pligsversuim is 'n oortreding van die Goddelike gebod. [10)] De Vos praat van 'n botsing van pligte. As so iets hom voordoen, moet gevra word na die wil van God. „Het is juist op grond van haar trancendent karakter, dat de zedelijke normen onvoorwaardelijk verplichten". [11)]

Wat die gewete betref, wys Wurth daarop dat dit baie hoog aangeslaan word wanneer dit die mens aanspreek. As dit gebeur, bv. wanneer iemand se gewete hom iets verbied, moet hy dit laat. [12)] Maar die gewete moet ook geoefen word. Dit is die nodige rem en kla die mens dikwels aan. Dit moet egter duidelik gestel word dat om te beweer dat die gewete gelykgestel kan word aan die influistering van die Heilige Gees, nie altyd korrek is nie. Die Gees kan wel die gewete verlewendig en opskerp. [13)] Daar kan dus nie alleen op die gewete gesteun word nie omdat die gewete soms toegeskroei kan wees. Die noodsaaklikheid van 'n mens se gewete kan nie ontken word nie. [14)]

Sedert die dae van die ou Grieke, het dit gebruiklik geword om in die sedeleer te praat van deugde bv. dapperheid, selfbeheersing, ens., en later is die sg. Christelike deugde geloof, hoop, liefde daarby gevoeg. [15)] Dit is hoofsaaklik

---

8) Van Wyk, J.H. e.a., op. cit., p.222.
9) Barnard, A.C. Die ontplooiing van die sede in die Christelike lewe (In Van der Walt, S.J. e.a., op. cit., p.374)
10) Van Wyk, J.H. e.a., op. cit., p.224.
11) De Vos, H. Inleiding tot de ethiek, p.56.
12) Wurth, G. Brillenburg. Christelike sedeleer, p.33.
13) Barnard, A.C. Die ontplooiing van die sede in die Christelike lewe (In Van der Walt, S.J. e.a., op. cit., p.377)
14) Loc. cit.
15) Ibid., p.378.

ŉ veruitwendigde, oorgelewerde leer wat die menslike prestasie roem. Dit moet afgewys word omdat ware deugde en goeie werke in ooreenstemming met God se Wet moet wees.

Die gelowige se sedelike lewe openbaar voorts ŉ ryke verskeidenheid. Dit is ŉ lewe in vryheid en verbondenheid in Christus met die geloofsoog op Hom gevestig. Dit is ŉ lewe van liefde omdat God se liefde ook wederliefde wek, maar ook ŉ lewe van lydsaamheid waarin God se hand ook verneem moet word. Die lewe van die gelowige is ŉ lewe van vreugde en hoop, maar bowenal ŉ lewe tot God se eer op elke lewensterrein. [16)]

2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SEDELIKE KODES:

Omdat die mens ook ŉ sedelike wese is en hy dus sedelike vorming ondergaan, is dit vanselfsprekend dat hy gebonde is aan sekere morele verpligtinge of kodes. Dit word in enige gemeenskap aangetref. „No society can survive without a moral code. A system of moral and spiritual values is indispensable to group living". [17)] Ouers, onderwysers, opvoedkundiges, slaan sedelikheid baie hoog aan. Coetzee meen dan ook dat sedelike opvoeding volgens Christelike beskouing een van die allerbelangrikste take van die opvoeder is. Dit word egter deur die religieuse opvoeding ingesluit. [18)] Dwarsdeur die eeue is baie besin oor hierdie aspek van die opvoeding. ŉ Mens dink aan die ou Griekse wysgere vir wie deug by die individu van die allergrootste belang was.

In die V.S.A. waar daar geroem word op verdraagsaamheid t.o.v. godsdiens op skool, waar daar onderrig word <u>oor</u> die Bybel i.p.v. <u>in</u> die Bybel, word tog erken dat opvoeding wat nie deur morele en geestelike waardes geïnspireer is nie,

---

16) Van Wyk, J.H, e.a. op. cit., p.226.
17) Educational policies commission. Moral and spiritual values in public schools, p.3.
18) Coetzee, J. Chris, op. cit., p.104.

rigtingloos is en dat die oorsprong van die sedes in die Woord van God teruggevind kan word. [19] Dieselfde skrywers wys daarop dat waar die kerk die enigste verskaffer is van die enigste grondslag vir morele standaarde, die skool ook sy deel moet bydra tot die ontwikkeling van morele en geestelike waardes. [20]

'n Ander Amerikaanse skrywer spreek sy diepste kommer uit oor die gebrekkige morele standaarde van die Amerikaanse volk. Hy wys daarop dat die Bybel die oorsprong van die morele kodes, eie aan feitlik al die godsdienste is, en vra dan om die onderrig in morele opvoeding. [21]

Ook in Engeland is daar 'n tendens om sedelikheid onafhanklik van Godsdiensonderrig te maak. So verklaar Hinton: „It was taken for granted that the teaching of morality was inseparable from the teaching of religion .... opinion is changing, many would now agree that much moral training can be best given independent of a religious context ..... ". [22]

'n Ander skrywer wys daarop dat dit verkeerd is om te beweer dat 'n basiese morele beginsel juis gekoppel moet wees aan 'n besondere godsdiens en wys daarop dat daar geen belangrike verskille van ontwikkeling in morele denke is onder Katolieke, Protestante, Jode, Boeddhiste, Moslems en ateïste nie. [23] 'n Ander klank word deur 'n ander skrywer laat hoor: „...... we have driven from the schools that definite and dogmatic teaching without which Christianity becomes little more than a system of vague moral sentiments, and without which, we may add, God gets left out". [24]

Tog interessant hoe die mens worstel om hom los te

---

19) Educational Policies Commission, op. cit., p.18.
20) Ibid., p.100.
21) Boles, R.E. The Bible, religion and the public schools, p.275.
22) Macey, C. (Ed.). Let's teach them right, p.81.
23) Beck, C.M. (Ed.). Moral education, p.39.
24) Jacks, M.J. God in education, p.XII.

maak van sy Skepper, maar telkens moet erken - al is dit indirek - dat Hy die Gewer is van al hierdie dinge.

In die sedeleer kan verneem word wat gehoorsaamheid is, wat een van die hoofdoeleindes van die opvoeding is. Vir die Christelike opvoedkunde is die sedeleer of etiek van kardinale betekenis omdat die belangrike grondvrae van die sedelike lewe, nl. die oorsprong en wese van die sedelike, die probleem van vryheid en dwang, die probleem van die goeie en die slegte, aandag moet geniet.

2.1 Die belangrikste oogmerke by die onderrig van sedeleer op ons skole, is die volgende:

Om die leerlinge onder die diepe besef te bring dat hul lewe 'n genadegawe van God is, en dat hul roeping is om hul lewe tot eer van God te stel.

Om hulle in staat te stel om te kan onderskei tussen goed en kwaad sodat hulle kan weet waaraan hulle hul lewenskragte moet wy, en deur watter motiewe hulle hul daarin moet laat lei.

Om die leerlinge bewus te maak van hul besondere roeping en taak in die lewe op alle terreine, bv. die kerklike, politieke, maatskaplike en sosiale terreine.

Die leerlinge ook daarop te wys dat alhoewel die gelowige 'n sedelik-hoogstaande lewe behoort te lei, die doen van goeie werke nie die waarborg is vir die verwerwing van die ewige lewe nie maar dat die goeie werke net die vrug van die geloof moet wees, gedoen uit dankbaarheid tot God se eer. [25)]

3. DIE VERHOUDING TUSSEN SEDELIKHEID EN GODSDIENS:

Godsdiens is 'n verhouding van die mens tot sy God - dit is geen natuur- of kultuurverskynsel nie, maar 'n totale oorgawe van die hele mens aan sy Skepper. Van die kant van God het die mens 'n persoonlike Woordopenbaring nl. wie sy God

---

25) Vorster, S.J. Die onderrig van gebed en sedeleer, p.3.

is en wat sy verhouding tot Hom is. Van die mens se kant vereis godsdiens 'n soeke en vinde van God en die grootmaak van sy Naam. [26]

Dit moet duidelik gestel word dat die verhouding tussen mens en God nie 'n sedelike is nie en die verhouding tussen mens en mens ook nie weer 'n godsdienstige nie. Godsdiens en sedelikheid is nie dieselfde nie. Godsdiens gee aan die sedelike leiding en verdieping en die liefde van die mens tot sy God gee ook besondere betekenis aan sy verhouding tot sy medemens. [27] 'n Kragtige persoonlikheidsliefde is ook weer bevorderlik vir die verwerkliking van die menslike liefde tot God. Stoker stel dit mooi: „Die leiding van die godsdiens gee aan die sedelikheid 'n verhoogde adel, die sedelike aan die godsdiens 'n werklikheidsbasis". [28] 'n Vervalste godsdiens het tot gevolg 'n vervalste sedelikheid, bv. 'n humanistiese sedelikheid, die sg. medemenslikheid soos dit hom openbaar in ons tyd. Maar die teenoorgestelde is ook waar: waar die sedelike vervals word, lei dit tot die verarming van die godsdiens. Die sedelike is 'n ideaal wat die mens moet nastrewe - dit wil nie sê dat hy dit kan verwesenlik nie. Die sedelike kan tereg as gawe van God beskou word - dit vloei tog immers voort uit die godsdiens. „Die aangebore behoefte aan en ontvanklikheid vir volmaakte sedelike waardes van die mens, laat hom spontaan soek na die goddelike bron en vertolking daarvan. Daarom is en bly godsdiens die belangrikste middel tot sedelike opvoeding". [29] Godsdiensonderrig moet om hierdie rede as onontbeerlik beskou word in die skool.

Die volgende opvattings t.o.v. die verhouding tussen godsdiens en sedelikheid word onderskei: [30]

---

26) Stoker, H.G. Die grond van die sedelike, p.57.
27) Ibid., p.59.
28) Loc. cit.
29) Keyter, J. de W., op. cit., p.192.
30) Vorster, S.J. Christelike lewenspraktyk : Christelike sedeleer, p.1,2.

3.1 Sedelikheid en godsdiens onafhanklik van mekaar:

Daar is baie mense wat hierdie mening toegedaan is. Dit gaan hier om die begrip dat mense sedelik-hoogstaande kan wees alhoewel daar met godsdiens gebreek is. Dit staan bekend as outonome sedelikheid en kan slegs 'n karikatuur van die ware godsdiens wees. Die enkele ligstraaltjies wat daarin deurbreek, kan beskou word as komende van God kragtens sy algemene genade - óók aan die ongelowige.

3.2 Godsdiens ondergeskik aan sedelikheid:

Hier bepaal die mens sy eie sedelikheid. Hy is die vrye mens en wil nie voorgeskrywe word nie. God neem 'n ondergeskikte plek in sy lewe in. Die mens is self god. Die goeie moet gedoen word louter uit pligsbesef. 'n Wettiese opvatting is dan ook die kenmerk by hierdie mens.

3.3 Sedelikheid ondergeskik aan die godsdiens:

Dit is die sedelikheid wat sy grond nie in homself nie, maar in God vind. Hierdie sedelikheid is eiesoortig maar nooit absoluut nie omdat God alleen absoluut is. Sedelike lewe is die vervulling van 'n roeping waartoe God die mens roep, nl. tot grootmaking en verheerliking van sy Naam. Sedelikheid het sy oorsprong, wese, bestemming en doel in God se skeppende wil.

4. DIE GROND VAN DIE SEDELIKE:

Stoker wys daarop dat daar 'n Babelse verwarring van beskouinge oor vrae van en i.v.m. die sedelike is. Dit is 'n onderwerp waarmee geleerdes, filosowe e.a., hulle deur die eeue besig gehou het. Die Calvinis gaan na God se Woord om sy antwoorde te verkry. Om 'n antwoord te kry aangaande die grond van die sedelike moet, volgens Stoker, [31] die volgende drie vrae behandel word:

---

31) Stoker, H.G., op. cit., p.5.

4.1 Wat is die absolute Grond van die sedelike?

Dit kan alleen God wees, die Absolute en Selfgenoegsame, Skepper van die mens met ŉ sedelike aanleg en wat vir hom die norme van die sedelike daargestel het. Hierdie sedelike is nie absoluut nie. Om dit te beweer, is verabsolutering en vergoddeliking van die sedelike soos mens dit deur die geskiedenis aantref. 32) Die sedelike is ŉ inherente deel van ons tydelike skepping en intiem daarmee verweef. Dit moet nie nagestreef word ter wille van homself nie, maar ter vervulling van sy roeping en bestemming: nl. om God te verheerlik. Daar is dus geen plek vir ŉ regverdiging van ŉ humanistiese en moralistiese etiek nie. God is die Wetgewer en Hy staan bo die hele kosmos - dus ook bo die sedelike. 33) Die sedelike moet daarom ook gesien word as ŉ gawe van God aan die mens.

4.2 Wat is die kosmiese wesensgrond van die sedelike?

Die kosmiese wesensgrond van die sedelike lê in sy eie aard, in sy eie uniekheid. Die sedelike is geen produk van die lewensproses waaraan plant en dier en mens deel het nie. Dit kan nie in terme van organiese lewe verklaar word nie - ook nie sielkundig, logies, ekonomies, esteties, eties, sosiaal, histories nie. Die sedelike kan slegs verstaan word in die lig van sy wesensgrond, in die lig van sy God-bepaalde besonderheid. Dit is ŉ Godverkreë, afgeleide, kosmiesbetreklike soewereiniteit in die kring van die sedelike en mag alleen daarin verstaan word. 34)

4.3 Wat is die kosmiese afhanklikheidsgrond van die sedelike?

Dit gaan hier om die verband en samehang van die verskynsels deur God geskape. Die sedelike is ook afhanklik van die bestaan van tyd, getal, ruimte en fisiese beweging. Daar kan bv. nie van die sedelike gepraat word as daar nie lewe is nie,

32) Ibid., p.8.
33) Ibid., p.10.
34) Ibid., p.15.

as daar nie logika is nie, as daar nie taal is nie, as daar nie geskiedenis is nie. Stoker wys daarop [35] dat die afhanklikheidsgrond ook 'n wederkerige is. Net soos die sedelike die res van die kosmos veronderstel, veronderstel die kosmos die sedelike, maar nié so dat dit 'n verlies is van eieaard nie. In sy afhanklikheid van die nie-sedelikheid bly die sedelikheid sy uniekheid behou. Dit is onmoontlik dat die sedelike in isolasie kan bestaan. Die wisselwerking en afhanklikheid mag nie dat die sedelike in die nie-sedelike opgaan nie - of vernietig word nie.

## 5. GODSDIENSONDERRIG, DIE BELANGRIKSTE MIDDEL VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING:

Keyter stel dit dat „die middele vir sedelike opvoeding dié moet wees wat die sedelike waardes veral in daadwerklike, maar nogtans in hul suiwerste vorm aan die kind vertolk, sodat sy aangebore ontvanklikheid daarvoor ontwikkel kan word en hy tot waardering en handhawing daarvan aangespoor kan word". [36] Slegs die mens is draer van die sedelikheid. Daar gaan altyd invloed van hom af uit, ten goede of ten kwade. Daar is by hom 'n behoefte om na die bron en die vertolking van die sedelike waardes te soek. Die Christelike godsdiens is die middel wat voorop geplaas word as middel tot sedelike ontwikkeling. Die Godsdiensonderwys moet aan die leerlinge die werklike betekenis en waardering gee van die sedelike waardes. [37] Die onderwyser moet nie alleen delf uit die Bron nie, maar moet dit wat hy leer, ook uitlewe. Sy voorbeeld is van die grootste betekenis.

Die tendens wat oral in die Westerse lande bespeur word, nl. die neutraliteit op godsdienstige gebied, kan net betreur word. Daar word baie geroem op Christenskap, maar weinig daarvoor getuig en selde uitgelewe. Geen wonder dat 'n suiwer sedelike onderwys die plek moes neem van Godsdiensonderrig op

35) Ibid., p.16 - 19.
36) Keyter, J. de W., op. cit., p.191.
37) Ibid., p.192.

skole nie - met 'n skouerophaling dat lg. die taak van die huis en die kerk is! Sedenorme wat só geïsoleer word van sy bron en as suiwer maatskaplike reëls van gedrag aan die leerlinge gebring word, is kragteloos en afgewater. Keyter het dit oor die sedelike onderrig wat losgemaak is van die Godsdiensonderwys en van God se Woord - dit kan slegs ontaard in intellektualisme en besit boonop geen oortuigingskrag nie. [38)]

In die Godsdiensonderrig word die leerlinge gekonfronteer met die Wet van God. Daarin verneem hulle wat van hulle verwag word t.o.v. die verskillende lewensverhoudings met hul naaste. Omdat God vir die mens 'n sedelike natuur ingeplant het - en dit om sy eie beswil, vir die welsyn van die gemeenskap en bowenal tot die eer van God, moet die mens as antwoordwese hom ook na die eise van die Wet rig. Sedelike opvoeding bring dus tot gehoorsaamheid, [39)] dig by die gebod van God „dat wij de liefde van God zullen ervaren". [40)] Ware sedelikheid kan tereg beskryf word as die vrug van Godsdiensonderwys. Waar godsdiens en Godsdiensonderrig geminag of verwerp word, kan daar geen bron van sedelike waardes oorbly nie. [41)] Dan kan God se wil ook nie verneem word nie.

## 6. DIE BELANGRIKE PLEK WAT DIE SEDELIKE IN DIE OPVOEDING INNEEM:

In die opvoeding gaan dit om die vorming van die mens op die verskillende terreine, bv. die liggaamlike, verstandelike, emosionele, sosiale, sedelike, estetiese en religieuse. Van hierdie is die religieuse opvoeding vir die Christen die hoogste en finale bepaling van die opvoedingsbegrip. Dit behels kortliks die volkome toerusting van die skepsel - die vorming tot 'n mens van God vir elke goeie werk volkome toegerus. [42)]

---

38) Ibid., p.200.
39) Coetzee, J. Chris, op. cit., p.104.
40) Waterink, J. De wet van God in de opvoeding, p.23.
41) Keyter, J. de W., op. cit., p.195.
42) Coetzee, J. Chris, op. cit., p.77.

Die sedelike vorming (opvoeding) van die kimd kan net ná die religieuse vorming gestel word. Omdat die mens van huis uit sedelike wese is, het hy behoefte aan sedelike opvoeding. Hoe hy hom moet gedra, word in die tweede tafel van die Wet aan hom voorgehou. Hierin word die norme gevind waarvolgens die lewe ingerig moet word. Dit moet ŉ lewe wees van heiligmaking wat die hoogste vorm van die sedelike opvoeding is.

Keyter maak die volgende stelling: „Sedelike opvoeding in die volle betekenis van innerlike organisasie en bestendigheid of karakter is en bly die ruggraat van alle opvoeding".[43)]

Alle sedelike opvoeding moet natuurlik dan daartoe lei dat die mens hom onder God se norme stel. Dit is ŉ gelowige onderwerping aan God se eise - die eerste plaas van God in die lewe van die mens.

Dit is dus duidelik dat wat sedelik goed en sedelik kwaad is, deur God aan die mens geopenbaar is en nie ŉ produk van die mens is, soos dikwels beweer word nie. Sedelikheid is nie onderhewig aan ŉ konsensus van menslike opinie nie. Die norm van wat goed en kwaad is, lê nie in die mens nie, maar in die Woord van God. Sedelike opvoeding (vgl. definisie einde vorige hoofstuk) bestaan nou daarin dat die onmondige mens gelei word tot vrywillige aanvaarding van die sedelike norme soos in die Woord van God geopenbaar en tot vrywillige, selfstandige uitvoering daarvan in die raamwerk van die omvattende Godopgelegde taak.

Opvoeding tot sedelike mondigheid is dus ŉ besonder belangrike faset van die totale opvoeding en nie soos sekere fenomenologiese opvoedkundiges meen, die einddoel van die opvoeding nie.[44)] Die mens het immers ŉ diversiteit van funksies, w.o. die geloofsfunksie, die sedelike, die juridiese, die estetiese, ekonomiese, sosiale, linguale, analitiese e.a. funksies wat

43) Keyter, J. de W., op. cit., p.189.
44) Oberholzer, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, p.35, p.49.

almal deur die opvoedingshandeling geraak word. Belangrik is dit nou om ten slotte net nog op te merk dat die sedelike funksie van die mens onder leiding van die geloofsfunksie moet ontplooi en die sedelike opvoeding dus nooit van die godsdienstige opvoeding geïsoleer mag en kan word nie. Die sedelike funksie van 'n mens word per slot van sake ook, soos alle ander menslike funksies, bepaal deur die alomvattende religie wat op die hart van die mens beslag gelê het.

# HOOFSTUK 4.

## DIE AARD VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING.

### 1. SEDELIKHEID, 'N OPENBARING VAN GOD:

Die Christelike sedelikheid rus in die Christelike godsdiens. Dit is dus 'n lewe wat in ooreenstemming is met die Goddelike reëls en waarin God sentraal staan. Alles word deur Hom bepaal, vloei voort uit en word op Hom gerig. Vir die gelowige is daar dus geen sprake van 'n outonome sedelikheid nie. Om mens te wees volgens die Skrif, is om altyd onder God se Wet te staan - dit moet vir die gelowige ook 'n verlustiging wees. Wurth noem die Wet 'n aanspreke van God tot die mens waarop hy antwoord moet gee.[1] Die vreugde van die Wet mag ook nie misken word nie. Dit is juis die lof op die genade.[2] „De Wet is dus uitdrukking van Gods liefde voor Zijn volk, van de Here voor Zijn bruid".[3] Hy moet deur almal erken word as Wetgewer.

Die norm van die sede kom van buite die mens, van God. Hy openbaar sy wil in sy Woord en Wet. As die mens hom van God en sy Woord losmaak, beteken dit dat hy hom ook losmaak van hierdie norme en tree daar 'n ontaarding en 'n gees van verwêreldliking of sekularisasie in. Dit kom neer op 'n onttroning van God op al die terreine van die lewe.[4] Die sedelike is gawe van God.[5]

Alhoewel God sy wette aan die mens gee, en hy verplig word om hulle te onderhou, word daar nogtans geen dwang op hom uitgeoefen nie. Niemand kan gedwing word om die goeie te doen (nakoming van die Wet) nie, dit moet uit die hart voortkom.[6]

---

1) Wurth, G. Brillenburg, Christelike sedeleer, p.21.
2) Hasselaar, J.M. en Aalders, C. Een proeve van luisteren. (In: Aalders, C. e.a., Luisterend leven, p.65.)
3) Waterink, J. De Wet van God in de opvoeding, p.41.
4) Barnard, A.C. Die mens in sy samelewing. (In: Van der Walt, S.J. e.a. Geloofsleer en sedeleer - handboek vir die onderwyser, p.363).
5) Stoker, H.G., Die grond van die sedelike, p.61.
6) Coetzee, J. Chris, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.107.

Die aard van die sedelike opvoeding is een van vrywillige onderwerping, wat alle dwang uitsluit. Wat goed en kwaad is, leer die Woord van God ons en die sedelike mens doen die goeie „nie omdat dit nuttig of betalend is nie, maar omdat die gebod van God dit van hom eis". [7]

Dit is dus 'n vrywillige onderwerping in gehoorsaamheid aan God se wil. Hierin lê dan ook die mens se ware vryheid, nl. gehoorsaamheid aan die wil van God. Coetzee stel dit dat om ooreenkomstig God se wil te handel, vir die mens die hoogste vryheid van sy eie wil is. [8] Dit is die taak van die ware gelowige opvoeder om die wil van die kind gevange te lei tot God want dan alleen kan hy die ware, ewige vryheid bekom. „Vry is die mens in sy wilsbesluite en handelinge, maar verantwoordelik bly hy voor God". [9]

Die Wet van God is daar vir die mens as reël van sy lewe. Dit is geen resep om salig te word nie, want dit het die gelowige reeds in Christus. Vir hom is dit 'n Christelike lewenstyl - die kinderlike gehoorsaamheid om God se wil nie op wettiese en formalistiese wyse te doen nie en om sodoende weer op eie verdienstelikheid te roem nie.

## 2. DIE WET VAN GOD:

Dit is nodig om die benaming „die Wet van God" toe te lig en te omskryf. Gewoonlik word daar net gedink aan die Tien Gebooie, maar die eerste vyf boeke van Moses word soms ook die Wet of wetsboeke genoem en 'n enkele keer word met die woord „Wet" die hele Ou Testament bedoel (vgl. Mat. 5:18, Joh. 10:34)

Die Tien Gebooie of dekaloog wat by Sinaï aan die volk van Israel gegee is, is vir die Christelike sedeleer van groot betekenis maar moet nie beskou word as die begin van die wetgewing vir ons as mense nie. Wurth wys daarop dat by die eerste

---

7) Loc. cit.
8) Ibid., p.111.
9) Loc. cit.

mensepaar die Wet van God reeds daar was, wel nie op skrif vir hulle vasgelê nie, maar in die hart en gelei en geleer deur God se Gees.[10]

2.1. Seremoniële Wet en sedewet:

Die seremoniële wette het voorskrifte bevat bv. vir die erediens, die offers, die kleredrag van die priesters, ens. Hierdie seremoniële wette het heengewys na die koms van die Messias, en het in vervulling gegaan en hoef gevolglik nie meer nagekom te word nie. Die Tien Gebooie (wat die sedewet insluit) daarenteen, is aan Israel gegee en deur hulle, aan die mense van alle tye.

As God sy Wet aan die mens gee, moet daarin sy soewereiniteit gesien word - die heilige bemoeienis wat Hy met sy volk wat Hom die rug toegekeer het, maak. Die wetgewing moet as 'n ingrype van God gesien word om daarmee sy skepsel nader aan Hom te trek. Daarom, dat die mens sy diepe afhanklikheid van sy Skepper moet erken en Hom moet loof vir sy goedheid en genade. Van nature kan die mens nie meer onderskei tussen goed en kwaad nie want die liefdeswet wat daar reeds by die skepping was, is deur hom moedswillig verbreek. Hy staan skuldig aan al die gebooie en sy gewete het afgestomp geraak. God bly getrou en laat nie die werk van sy hande vaar nie. Hy openbaar Hom ook in sy Wet. Daarom kan daar ook gesê word dat die Wet Evangelieverkondiging is.

Die benaming sedewet vir die Tien Gebooie is streng gesproke nie korrek nie omdat die eerste tafel van die Wet nie in engere sin op die sedelike terrein beweeg nie, maar op die godsdienstige. Dit vorm egter die grondslag vir die tweede tafel. In die Tien Gebooie is dit baie duidelik dat die sedelike , soos Wurth dit stel, „..... van a tot z rus in die godsdiens".[11] In die Tien Gebooie het ons in die eerste instansie die openbaring van die wil van God vir sy volk. Hierin

10) Wurth, G. Brillenburg, op. cit., p.31.
11) Ibid., p.35.

het ons te doen met diep sedelike grondmotiewe maar dit sou nie korrek wees om die Tien Gebooie te beskou as 'n abstrakte skema van Etiek nie.

God eis gehoorsaamheid in sy Wet, maar meer nog, in die Wet openbaar Hy wat die mens anders nie sou weet nie: liefde tot God en liefde tot die naaste.

Die sedelike opvoeding het op die oog die juiste sedelike gedrag in alle situasies. Primêr gaan dit om die gehoorsaamheid aan die gebooie. Maar dit moet ook tot gevolg hê dat die uitwendige handeling en die innerlike gesindheid van hart en wil, in ooreenstemming met mekaar moet wees. Die leerling op skool moet in die sedelike opvoeding die liefde van God ervaar - dit moet by hom wederliefde wek, maar ook die berusting. Die sedelik opgevoede mens sê saam met die digter van Ps. 119: „Ek het U woord in my hart gebêre".

2.2 Die Heilige Skrif as bron van die sedelikheid:

Van der Walt sê dat die hele Woord van God vir die Etiek net so belangrik is as die dekaloog. Hy vra: „Met welke reg sou ons die Etiek kan beperk tot die dekaloog, as die hele Woord van God oorvol van etiese handelinge is en God op velerlei wyse ons op ons roeping wys?" [12] Hy wys dan op die plek wat die Wet by die behandeling van die Heidelbergse Kategismus inneem, nl. die derde afdeling wat oor die dankbaarheidslewe gaan. Op so 'n wyse word dit wesensmatig deel van die Christelike lewe met sy dubbele liefdeseis, nl. liefde tot God en liefde tot die naaste. [13]

In die Wet word die verbondsverhouding en die godsdiens van die mens tot sy God bepaal en as die Wet losgemaak word van sy Wetgewer, en dit slegs laat geld as sedewet, word dit in sy

12) Van der Walt, S.P. Gods Wet en „die ander wet", p.2.
13) Loc. cit.

wese aangetas. Van der Walt wys voorts daarop dat die dekaloog beskou kan word as die beginselgrond van die sedelike en dat dit nie ŉ etiese nie, maar ŉ religieuse beginselgrond is. [14)]

Die profete van die Ou Testament het ook die Wet van God vir die volk voorgehou en daarop teruggegryp. By hulle verkondiging is daar dan ook ŉ verdieping van die Wet waarneembaar.

Die sedelike opvoeding moet dus vir die Christenopvoeder in die Skrif gegrond wees en nooit van die Woord van God geïsoleer word nie. Sedelike opvoeding impliseer dus opvoeding in ooreenstemming met en tot liefde vir die Heilige Skrif.

## 2.3 Wet en Evangelie:

Wet en Evangelie kan nie geskei word nie en nog minder is hulle met mekaar in stryd. Vir baie mense het die woord „wet" ŉ onaangename klank - dit is juis ŉ teken van ons tyd dat die mens vry wil wees en homself wil bepaal. So dikwels word gesê dat die God van die Ou Testament die God van toorn en oordeel is, terwyl die God van die Nuwe Testament die God van liefde en genade is. Op hierdie wyse word die Bybel deurgeskeur. Die hele Bybel is immers Evangelie. Van Niekerk stel dit mooi: „In sekere sin is dit waar dat die Evangelie die reëns is wat gevolg het op die donder en weerlig van die Ou Testament ..... hier op Sinaï weerlig reeds iets van Golgotha - van die liefde van God, van die Evangelie van Jesus Christus. Die God van Sinaï en die God van die kruis, is Een". [15)]

Daar is diegene wat slegs aan die Wet vasklem. In die eerste groep erken ons die Fariseërs in die tyd van Christus. Vandag egter, is daar nog baie wat hieraan skuldig is, dink maar aan die Roomse Katolieke met hul leer van die goeie werke,

---

14) Ibid., p.8.
15) Van Niekerk, E.A. Tien stippellyne vir die pad, p.l.

maar ook dié wat meen om hulle saligheid te verwerf deur die nakoming van die Wet. Hier kry 'n mens die oorskatting van die Wet en die goeie werke. Die tweede groep is hulle wat beweer dat Christus ons bevry het, alles volbring het en dat die mens totaal vry is van die Wet. Daar is baie variasies van hierdie rigting. Mens dink bv. aan die sg. „nuwe moraal-"skool wat die Wet van God verkap en die eise van die Woord afwater tot medemenslikheid en 'n eensydige beklemtoning van die liefde. „De eis van de Wet is door het Evangelie niet vervallen, noch is hij daardoor vervangen". [16]

In die skool sal daar dus gewaak moet word teen 'n onbybelse neiging om Wet en Evangelie teen mekaar uit te speel. Daar moet liefde vir die Wet aangekweek word. Belangrik vir die sedelike opvoeding is dus die tuisbring van die besef dat sedelike gehoorsaamheid nie wettiese dwang is nie, maar deur liefde gedronge handeling wat spruit uit die vryheid wat die aanvaarding van die Evangelie bring. Goeie werke, moet die kind besef, is dankbaarheidswerk vanweë die verlossende Evangeliewoord. Die sedelik goeie daad is vrug van die verlossing in Christus.

2.4 Christus, die vervulling van die Wet:

Met betrekking tot die seremoniële wette, is dit duidelik dat hulle vervul is en dus ook verval het. Hulle was sinnebeeldig en het gedien as afskaduwing van die werk van Christus. Die etiese wet is egter nie deur Jesus tot niet gemaak nie - vroeër het ons reeds aangetoon dat God se Wet bemoeienis met die mens is, dit die mens aan sy Skepper bind, die mens van Hom afhanklik maak, die mens op sy sondigheid wys.

Jesus het Self gesê: „Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul". [17] Hier in die

---

16) Waterink, J. op. cit., p.14.
17) Mat. 5:17.

Bergrede leer Jesus ons dat dit juis nie gaan om die uiterlike nie, soos by die Fariseërs nie, maar om die liefde, die regte gesindheid en in afhanklikheid en gehoorsaamheid aan die stem van God. Die mens kan buitendien nie die Wet nakom nie, en die Wet kan ook nie red nie - dit is tog immers net in Christus wat daar redding is. Hy het die Wet vir ons nagekom en ook vervul. Sy versoenende sterwe het gedoen wat die Wet nooit kon doen nie: nl. die redding van die mens. „Christus het ons losgekoop van die vloek van die Wet deur vir ons 'n vloek te word".[18] Maar Christus het ook vir ons die werklike diepte en breedte van die Wet aangedui. Deur doodslag te verbied, het Hy ook haat waaruit die moord en doodslag gebore sou word, verbied. Die wortel van die doodslag sit in die hart van die mens. Daar begin die nyd, haat, wraakgierigheid en toorn teenoor die naaste. Indien ek sulke gedagtes koester, staan ek ook skuldig aan die gebod. In die geval van egbreuk, het Jesus daarop gewys dat bloot die gedagte om 'n vrou te begeer, as egbreuk beskou moet word.

Ons moet ons naaste liefhê, maar Jesus dui die werklike konsekwensie van hierdie gebod aan: ook die vyande moet ons liefhê. Dit is 'n aanduiding van die breë betekenis van die liefdesgebod.

Dit skyn soms of Jesus negatief was teen die Wet. Dit mag egter nie so beskou word nie. Hy het dit reeds gehad oor die skynvroomheid en eiegeregtigheid en liefdeloosheid by die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Die Wet is deur hulle van sy oorsprong, die Wetgewer, losgemaak en heeltemal uit verband geruk en kragteloos gemaak. Die Wet het vir hulle middelaar geword. Die Wet het nie verval omdat Jesus dit vervul het nie, maar dit behou steeds sy normatiewe betekenis. „Nooit word die dekaloog na die vervulling deur Christus deur 'n ander hoër wet vervang nie - selfs nie die liefde word norm en rigsnoer vir die nuwe lewe as die liefde 'n plaasvervanger van

---

18) Gal. 3:13

die Wet sou beteken nie. Dit is die dwaling van die nuwe moraliteit".[19] Die Wet is tog duidelik uitdrukking van God se liefde teenoor sy volk - dit herinner hulle aan die verbond wat Hy met hulle gesluit het. Ironies dat die mens hierdie liefdesband juis wil deurknip.

Die neiging van sommige om die Wet oorboord te gooi, omdat Christus dit vervul het, moet afgewys word. Onderwerping aan die Wet is juis om onder die leiding van die Heilige Gees geplaas te word. Dit moet die mens gedurig herinner dat hy skuldig staan, maar nogtans in genade aangesien word. Hy moet daarom ook bid om gehoorsaamheid aan die wil van God. Dit moet die mens ook dankbaar stem. Omdat Christus die Wet vervul het, moet die gelowige uit dankbaarheid die Wet betrag.

Die sedelike opvoeding impliseer dat die opvoedeling tot die insig gelei moet word dat die sedelik goeie daad vrug van die wetsvervulling deur Christus in ons plek is. Hy moet leer: wie Christus liefhet, is 'n nuwe mens en doen uit liefde en dankbaarheid goeie werke.

## 2.5 Doel en betekenis van die Wet vir die mens:

Heyns wys daarop dat indien daar by die mens en gehoorsaamheid begin word, die diepste dryfvere van die Wet nooit verstaan sal word nie. Dit gaan immers tog om wat God gedoen het, en hy wys dan op die koninkryk as ruimte waarbinne en die agtergrond waarteen die Wet, en gevolglik ook die gehoorsaamheid van die mens as koningskind, gesien moet word.[20] In die Tien Gebooie wat deur God beveel word en waarna die mens moet luister, sien Heyns iets van die koninkryk van God wat sigbaar word.[21] Die Tien Gebooie is die Wet van daardie koninkryk, die voorskrifte vir die nuwe lewenstyl vir die nuwe

19) Heyns, J. Die nuwe mens onderweg. p.61.
20) Ibid., p.6.
21) Ibid., p.16.

mens. In die dekaloog sien ons God se teenwoordigheid by sy volk, maar ook sy volk s'n by Hom. 22)

Die bewaring van die Wet word gedoen slegs deur wie geloof het. As die Wet nie gehoorsaam word nie, beteken dit dat God se genadige bemoeiinge verag word. Die grootste sonde teen die Wet is juis die ongeloof. Die Tien Gebooie wil die heiligheid van God, en daarom en daarna ook die heiligheid van die volk beskerm. 23)

Die mens is van God afhanklik en daarom is hy volstrekte gehoorsaamheid aan Hom verskuldig. God gee Homself in sy Wet. Weens die sonde wat die mens se verstand verduister, oortree hy al die gebooie. Dit moet egter vir hom die troos wees dat nie in sy wetsgehoorsaamheid nie, maar in sy geloof in Jesus Christus, sy kindskap gegrond is. Nie dat hy onverskillig moet staan en die gebooie maar kan minag nie! „Maar as ek as kind die Wet oortree, dan word die gestalte van my dankbaarheid geskend, my trou word ontrou, my lewe word met aaklige littekens ontsier, maar daardeur verloor ek nie Gods gawe van die ewige lewe nie". 24) Die kind van die Here moet weer opstaan uit die sonde, hy mag nie daarin lê nie. God se genade is vir hom genoeg.

Onder die genadeverbond kan niemand deur die onderhouding van die Wet salig word nie. Christus het vir ons die Wet vervul en die geregtigheid verwerf. Dit beteken egter nie dat die Wet maar nagelaat kan word nie - dit moet juis die strewe wees om dit altyd te betrag en dit om die volgende redes:

2.5.1 <u>Die Wet as kenbron van die ellende</u>:

Die Wet is die spieël waarin gesien kan word hoe groot die ellende is. Paulus sê self dat hy die sonde nie sou ken

22) Loc. cit.
23) Ibid., p.85.
24) Ibid., p.114.

as dit nie vir die Wet was nie.[25]

2.5.2 Die Wet as tugmeester na Christus:

As die sondetoestand besef word, dryf dit na Christus, by Wie daar vergifnis en redding is.

2.5.3 Die Wet as reël vir dankbaarheid:

Die mens wat in die geloof die weldade van God aanneem, sal ook sy dankbaarheid daarvoor wil betoon. Soos oud-Israel moes dink aan die verlossing uit die slawehuis, moet die gelowige ook dankbaar wees vir die verlossing in Jesus Christus.

2.6 Die omvang van God se Wet:

'n Bewonderingswaardige feit omtrent Gods Wet is dat dit in slegs tien gebooie die ganse lewe van die mens omspan en vir elke lewensituasie sy plig aandui as dit in sy geestelike sin verstaan word. Hierdie Tien Gebooie is vir die mens die genoegsame rigsnoer en norm van die lewe as dit geïnterpreteer word volgens die Heiland as onderrig in die Bergpredikasie en verstaan word in die lig van wat die ganse Bybel ons leer.[26] Die wonderlike rykdom, veelsydigheid en omvattendheid van Gods Wet is daarin geleë dat daar geen denkbare situasie vir die mens kan ontstaan waarvoor hy nie, in beginsel altans, 'n rigsnoer sou hê ten opsigte waarvan hy hom moet verantwoord nie.[27]

Die feit dat God Homself in sy Wet openbaar, maak ook sy Wet so heerlik en omvattend. Daarom dat Wet ook Evangelie is. „Die hele Wet van God het hom van die begin af gekonsentreer in die één groot gebod van die liefde tot God en tot die naaste".[28] In die gebod „Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag", is die grondslag van alle ander verhoudinge. Dit is die vertikale

25) Rom. 7:7.
26) Du Preez, A.B. Die mens as verantwoordelike wese. (In: Soeklig op ons sedes, p.24.)
27) Loc. cit.
28) Wurth, G. Brillenburg, op. cit., p.30.

lyn wat te alle tye die horisontale bepaal. [29]

Maar die Wet van God moet ook gesien word as uitdrukking van God se wil. „Wij moeten er, meen ik, van uitgaan, dat de bijbelse geboden inderdaad Gods wil uitdrukken ..." [30]

Dit is duidelik dat die norme van ons gedrag nie in ons eie wysgerige bespiegelinge lê nie, maar in die absolute gesag van God se geopenbaarde Woord. Dit wat ons moet glo en wat ons moet doen, word daaruit verneem. Dit is noodsaaklik dat die leerlinge op skool met die Wet gekonfronteer word want slegs dit vorm die oorsprong en bron van die sedelike vir die mens. Die Wet moet ook die mens se verlustiging wees en nie al sugtende betrag word nie.

## 3. SEDELIKE OEFENING EN SEDELIKE OPVOEDING:

Wurth wys daarop dat die Christelike sedelikheid van ander sedelikheid onderskei word omdat eersgenoemde van begin tot einde leef in die sfeer van genade. Die gebod van God word volledig gedra deur die heil in Christus. Die gelowige moet hom desnieteenstaande beywer vir die sedelike. Die Nuwe Testament leer juis dat omdat daar in Christus so baie geskenk is, daar ook so baie gevra word. [31]

Die lewe van die mens moet staan in die teken van die offer - daar is geen sprake van verdienstelikheid nie, maar die mens is dit aan God verskuldig omdat Hy soewerein is, Hy dit eis. Hy is instrument in die hand van God - hy is krygsman wat die volle wapenrusting moet opneem. Daar moet dus gedurig geoefen word. Iemand wat ledig is, wat neutraal staan, kan onmoontlik in ŉ toestand van geestelike afrigting verkeer.

Wat sedelike opvoeding betref, het almal ŉ taak te

---

29) Du Preez, A.B., op. cit., p.24.
30) De Vos, H. op. cit., p.145.
31) Wurth, G. Brillenburg, op. cit., p.60.

verrig. Dink maar aan die belangrike werk in hierdie verband van ouers en onderwysers. Dit gaan ook om die opvoeding van die wil van die mens. Wilslappe mense staan bloot vir baie verleidings, vir baie sedelike gevare. Daar moet ook sedelike krag wees - dit geskied wanneer die wil „gerig is op die gehoorsame onderwerping aan God se gebooie, as 'n mens standvastig die goeie wil in hom daarvoor met inset van alle kragte inspan". [32] Daar kan van karakteropvoeding gepraat word. Die sedelike krag of karakter kan egter gevorm of vervorm word omdat dit sy goeie en slegte moontlikhede het. Dit is ook die taak van die mens om teen die slegte moontlikhede te stry en die goeies te bevorder. Wurth wys daarop dat die opvoeding 'n belangrike taak het nl. om die karakterfoute teen te gaan en om „die wil ten goede te staan en belemmerings vir die regte karaktervorming weg te neem". [33] Dit gaan hierin om die toerus van die mens in sy verhouding tot God. Die voorbeeld van die opvoeder is van die grootste belang. Die omgaan met sedelik-hoogstaande mense, kan in die opvoeding nie onderskat word nie.

### 3.1 Sedelikheid as opvoedingsdoel?

Vir die Protestantse Christen is die doel van die opvoeding nie slegs tot die sedelike beperk nie. Die Christen eis 'n Christelike opvoeding oor die hele linie, d.w.s. die biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, logiese, estetiese, filosofiese en religieuse. [34] Die religieuse doel bepaal egter al die doelstellings. Alle onderwys en opvoeding moet dus gesien word in die lig van die Christen se lewens- en wêreldbeskouing. Ook in die sedelike opvoeding gaan dit om die eer van God. Die idealis daarenteen, hand-

32) Ibid., p.62.
33) Ibid., p.63.
34) Coetzee, J. Chris, op. cit., p.211.

haaf die vryheid van die wil, die realis aanvaar dinge soos hulle is - daar kan niks daaraan gedoen word nie, m.a.w. hy is determinis. Die naturalis is weer hedonisties, die natuurlike gevolge en die geluk word bewierook. Vir hom leer die natuur op die eenvoudigste maniere die ware teorie en praktyk van sedelike vorming. Vir die sosialis is die sedelike dryfvere niks meer of minder as sosiale insig en sosiale krag wat in diens staan van sosiale belange en doeleindes nie. Die sedelike en sosiale is een en dieselfde. Vir die pragmatis groei die sedelike gedrag uit die lewenservaring. Vir hom is die hoogste goed in die lewe, die goeie lewe. Ewige sedewette, ken hy nie. [35]

Volgens die fenomenologiese opvoedkunde, waarvan Langeveld 'n bekende eksponent is, is die doel van opvoeding, volwassenheid. Oberholzer, 'n plaaslike fenomenoloog, sien die opvoedingsdoel as sedelike selfstandigheid. Pistorius sluit hom soos volg by hom aan: „Ooreenkomstig die Christelike lewensbeskouing sien ons sedelike volwassenheid as gehoorsaamheid aan God en liefdebetoon aan die medemens". [36] Heiberg wys egter daarop dat sedelike volwassenheid nie as gehoorsaamheid aan God bestempel kan word nie, omdat die mens se verhouding tot sy God nie 'n sedelike is nie, maar 'n religieuse verhouding. Laasgenoemde is nie reduseerbaar tot die sedelike nie. [37]

---

35) Ibid., p.63.
36) Pistorius, P., op. cit., p.344.
37) Heiberg, P.J. Christelike opvoedings- en onderwyspraktyk en Christelike opvoedkunde, p.11.

# HOOFSTUK 5.

## DIE VEREISTES WAARAAN DIE SEDELIKE OPVOEDING MOET VOLDOEN:

### 1. SEDELIKHEID IS MEER AS SEDES EN GEWOONTES:

Die mens onderskei hom van die dier daarin dat hy in sy handeling nie slegs deur natuurwette beheers word nie, maar dat hy deur norme gelei word. Hierdie norme verneem hy uit Gods Woord. Die diepste bron daarvan is die wil van God. [1] Sonder hierdie norme (of maatstawwe), kan daar nie gepraat word van sedelikheid nie. Hierdie norme is nie maar gemiddeldes waarvolgens die meerderheid lewe nie, maar die hoogste doel. Dit is God wat hierdie norme daarstel - hulle kom dus tot die mens met gesag en bind en verplig hom onvoorwaardelik. [2]

ṇ Ander mening wat ook gehuldig word, is dié wat sedelikheid sien „as uitdrukking van die sedes en gewoontes wat onder ṇ bepaalde groep heers". [3] Die een groep se sedes sal dan verskil van dié van die ander groep en sal dus nie deug nie, word beweer.

Keet [4] wys daarop dat die drie grondbegrippe waaruit die sedelikheid van ṇ handeling beoordeel moet word, die deug, die plig en die hoogste goed is n.a.v. die antwoord op die vraag van die Heidelbergse Kategismus wat goeie werke eintlik is. Die deug (die ware geloof wat deur die liefde werk) is die blywende gesindheid waaruit ons handelinge moet voortspruit; die plig is die wyse waarop ons volgens die sedewet moet handel; en die hoogste goed is die doel waartoe alles moet strek, nl. tot die verheerliking van God. Indien dié

---

1) Duvenage, B. Permissiwiteit en die bevordering van sedelike vraagstukke. Almanak van Die Gereformeerde Kerk in S.A. 1972, p.173.
2) Barnard, A.C. Die norme waarvolgens die mens moet lewe. (In Van der Walt, S.J., e.a., op. cit., p.369).
3) Keet, B.B. Sedelike vraagstukke, p.l.
4) Ibid., p.12,13.

drie grondbegrippe by die beoordeling van ŉ sedelike handeling nie in aanmerking kom nie, lei dit tot ŉ eensydige en valse voorstelling van die sedelike lewe. Dit kan beskryf word as die leemte van so baie sedelike stelsels vandag. Leerlinge sal onder die besef gebring moet word dat blote medemenslikheid nie die toets van God se Woord kan deurstaan nie. „Goeie werke" sal nutteloos wees as hulle nie uit ŉ ware geloof, volgens die Wet van God en tot sy eer geskied nie. Leerlinge staan dikwels voor die keuse: Mag dit, of mag dit nie? Wie die kind sedelik wil opvoed, sal hom lei tot „hantering" van genoemde drie grondbegrippe van die sedelike sodat hy aan die hand daarvan in die konkrete situasie kan kies en handel.

## 2. DIE MORELE HERBEWAPENING BEANTWOORD NIE AAN DIE VOORWAARDES VAN CHRISTELIKE SEDELIKHEID NIE.

Die vroeëre bekende Oxfordgroep het hom veral beywer vir ŉ sg. morele herbewapening. Die oogmerke was om vrede, demokrasie en vriendskaplike verhoudinge tussen volke te bevorder - onder mense van alle stande en klasse. Die volgende vereistes is dan gestel: absolute eerlikheid, absolute onselfsugtigheid, absolute liefde, absolute reinheid. [5]

Vir hierdie beweging het dit veral gegaan om ŉ sedelike vernuwing en verandering van die enkeling en van die volk - daarin is die heil geleë. Elke hart en huis moet ŉ vesting word tot beskerming van daardie hoogste sedelike goedere wat ŉ volk gesond en sterk maak.

As beswaar teen hierdie morele herbewapening kan aangevoer word dat dit nie radikaal genoeg is nie. By hulle gaan dit nie om die wortel, nl. die verlorenheid en vervreemding van die mens van sy God nie. Daar word slegs gepoog om ŉ sedelike verandering teweeg te bring. Van ŉ bekering van die mens tot God is daar weinig sprake. Die mens kan maar

---

5) Müller, Jac. J. In U Lig (deel 2), p.70

onbekeerd lewe, as hy maar net sorg dat die sedelike in orde is. Sedelike verandering alleen kan tog immers nie die plek inneem van 'n geestelike verandering nie. Die medemenslikheid word op die spits gedryf en die gedagte van die kerk word ook by hierdie groep verswyg. Woorde soos „kerk" en „Christendom" word vermy. 6) Christus se verdienste en Middelaarswerk ontvang geen aandag nie en so word die hart van die Evangelie gemis. Hierdie „social gospel" sentreer maar net om die mens.

Die sedelike opvoeding sal so gerig moet word dat Christus nie daaruit geneem word nie. Die gelowige opvoeder het hier 'n groot taak om te verrig.

3. <u>DIE EISE WAT DIE WOORD STEL</u>:

Die mens is 'n unieke wese. Hy is na die beeld van God geskape, het 'n ewigheidsbestemming en kan onderskei tussen goed en kwaad. Hy is ook 'n verbondswese en dus op God gerig, maar ook nog 'n dialogiese wese wat met God en sy medemens gesprek voer. 7) Maar hy het ook 'n heilige roeping te vervul, nl. om die eer van God te verkondig en sy Naam groot te maak. Ten opsigte van sy Skepper en ook sy naaste is hy 'n gemeenskapswese wat sekere verhoudings met God en sy naaste het, maar ook met die natuur en kultuur. Hy is voorts ook nog 'n antwoordwese, m.a.w. daar word van hom rekenskap gevra en gehoorsaamheid geëis. 8) Dit is dus duidelik dat God geheel-en-al beslag op die lewe van die mens lê.

Ná die sondeval, het God Hom verder aan die mens geopenbaar deur sy Woord en deur sy Seun. In sy Wet het Hy die mens die opdrag gegee om dit te beantwoord. Hierdie geloofsverhouding tot God het ook 'n stempel afgedruk op sy verhoudinge

---

6) Ibid., p.72.
7) De Klerk, W.J. Calvinistiese Antropologie. (<u>In</u> De Klerk, W.J, e.a., Roeping en werklikheid, p.203.)
8) Ibid., p.209.

tot die medemens. As gelowige is hy geroep om na die eise van die Woord te lewe - dáárin is hy antwoordwese. Die riglyne wat hy uit die Woord verneem, word nie al sugtend nagelewe nie maar daar „bloeit de blijdschap van het leven op". [9]

Wanneer die mens sedelike beslissings maak - en dit gebeur van oomblik tot oomblik - moet hy dit doen in volstrekte afhanklikheid van God. [10] In hierdie beslissings moet hy hom laat lei deur die werking van die Heilige Gees omdat God nie konkrete aanwysings van oomblik tot oomblik gee nie, maar „Hij laat ook iets en soms veel aan die beslissing door de mens over. Hij onthoudt zich echter ook niet van aanwijzingen, zodat de mens zelf de weg zou moeten zoeken; Hij heeft Zijn wet gegeven". [11] Die groot troos vir die mens is dat God se wette nie die weg van die mens na God is nie, maar dat dit juis God se weg is na die mens en dáárom, en alleen dáárom die weg van die mens na God en sy naaste. [12]

Berkhof stel dit as volg: „Niemand kan met God verbonden worden, zonder tevens met de naaste te worden verbonden". [13] Hy wys daarop dat die liefde tot die naaste slegs ~~maar~~ 'n afspieëling van God se liefde tot die mens is. As daar in die weg van die naaste gestaan word, is die weg na God ook versper. Die liefde tot die naaste is die termometer van die liefde tot God. [14]

Die Wet van God gee die groot algemene sedelike riglyne en beginsels vir die lewe van die mens. Daarvolgens moet in die verskillende omstandighede gehandel word. God eis gehoorsaamheid van die mens. In sy lewe waarvan Christus die middelpunt vorm, en in die netwerk van allerlei lewensverbande waarin hy staan, moet dit steeds gaan om die eer van God.

---

9) Waterink, J. De Wet van God in de opvoeding, p.35.
10) De Vos, H., op. cit., p.138.
11) Ibid., p.141.
12) Heyns, J. Die nuwe mens onderweg, p.31.
13) Berkhof, H. De mens onderweg, p.105.
14) Ibid., p.108.

Daar word allerweë groot waarde aan die sedelike opvoeding van die jeug geheg. Dit is egter jammer dat hierdie opvoeding so dikwels sterk humanisties gekleurd is en geen plek vir God daarin laat nie. In ons skole sal sterk standpunt ingeneem moet word teen so 'n tendens. Die Woord sal altyd meetsnoer moet bly - altyd die laaste woord spreek. Dit mag nooit uit ons skole verwyder word nie.

In die sedelike opvoeding moet die opvoeder daarna streef om die kind te lei tot selfstandige konkretisering en aktualisering van die algemene riglyne wat die Woord van God bied vir die sedelike lewe.

4. DIE EISE WAT DIE TYD STEL T.O.V. SEDELIKE OPVOEDING:

Seker selde in die geskiedenis van die mensdom word daar sulke geweldige eise op sedelike gebied gestel soos tans. Ons lewe in 'n tyd waar die een aanslag op die ander gemaak word op die ou beproefde sedelike norme. Eintlik kan daar gepraat word van 'n sedelike krisis wat hom oral laat geld. Hierdie toestand van sake is grootliks te wyte aan die ongeloofsmagte wat hul krag monster teen die kerk van die Here.

Die naturalistiese en liberalistiese denkwyse is besig om die bestaande sedelike ordes te ondergrawe, onder verdenking te plaas om sodoende 'n permissiewe gees te laat posvat. Hierdie permissiwiteit blyk een van die grootste bedreiginge vir die Christelike sedes te wees. Selfs die kerk werk lustig mee en laat hom gebruik in hierdie aftakelingsproses. Trouens, die grootste verwarring word juis geskep deur die moderne teologie, met name die God-is-dood-teologie, wat gekenmerk word deur 'n teologiese oppervlakkigheid wat die verstand te bowe gaan.

Hierdie nuwe teologie met sy ankers in die eksistensialistiese denke laat hom reeds op baie plekke geld. Die besoedeling wat daarvan uitgaan, is enorm. Dit het 'n verwronge beeld van die sedelike daargestel. „Vrywel alle

uitinge van die nuwe teologie lê die nadruk op die sedelike verantwoordelikheid van die mens en so het die moraal in die sentrum van die hedendaagse teologie te staan gekom...» [15]

Dit is 'n moraal waaruit God geweer is en waar die medemenslikheid op die troon sit. Die Wet van God is daardeur só afgewater dat dit haas onkenbaar geword het. Heyns stel dit heel tereg so: „Dit gaan nie om die stem van God wat met gesag in sy gebooie die rigsnoer vir die lewe van die mens neerlê nie, maar om die stem van die liefde wat met sy gesag die mens aanspreek". [16] Die vraag is nou net of die vyand herken word. Is die verrotting nie al só diep en die hedendaagse mens al só daarmee gekonfronteer en die onderskeidingsvermoë al só afgestomp dat met hierdie probleem min raad is nie? Die wysheid om hierdie bedreiging die hoof te bied, kan net van God kom.

Maar die geweldige tempo waarteen die lewe afspeel in hierdie materialistiese tyd, stel ook buitengewone eise aan die jong mens. Die geskiedenis ontwikkel teen so 'n snelle pas dat die mens nouliks kan byhou. Daar is nog sulke diep ingrypende en snelle veranderings wat oor die wêreld uitbrei dat 'n omvattende maatskaplike en kulturele omwenteling ook sy invloed op die godsdienstige lewe laat geld. [17] In hierdie proses het baie soekers geword na die sin van dinge en vir baie het die lewe 'n lewe van die oomblik geword. [18] Vir baie het die lewe geen sin meer nie en het die mens van homself, van die wêreld, van die natuur, van die medemens, vervreemd. [19]

Die jong mens van ons tyd het groot behoefte aan leiding. In 'n tyd van wêreldgelykvormigheid en gejaagdheid is dit so nodig dat hy weer vir 'n wyle stil sal staan om perspektief te kry t.o.v. sy staanplek in hierdie lewe. Slegs 'n

---

15) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie, p.184.
16) Heyns, J. Sterwende Christendom? p.118.
17) Van Wyk, J.H., op. cit., p.4.
18) Ibid., p.5.
19) Ibid., p.6.

terugkeer tot God en sy ewige Woord bied 'n nuwe hoop en toekoms.

Die sedelike opvoeding kan slegs tot sy reg kom as die Woord van God die norm is en bly. Daar sal groter erns gemaak moet word om die jeug 'n helpende hand te reik in 'n tyd waar die fondamente aangetas word deur ongeloofsmagte. Die jeug moet op vaster bane gevoer word tot beter begrip en insig. Hiervoor is veral nodig deeglike insig in die problematiek van die huidige tyd. Die opvoedeling sal gelei moet word tot prinsipiële interpretasie en beoordeling van die konkrete situasie waarin hy hom bevind ten einde met die Woord as rigsnoer, sy weg te vind.

## 5. DIE EISE WAT DIE KIND VANDAG STEL:

In 'n tyd van onsekerheid en verwarring by die jeug, is dit vanselfsprekend dat daar by hulle baie vrae na vore sal kom - vrae wat nie onbeantwoord gelaat mag word nie. Kotzee wys daarop dat die jeug veral die slagoffers is van die mees geslepe lis van die eeue en dat hulle sterk positiewe leiding nodig het.[20] Meer as tevore het die oorblufte, moeggejaagde hedendaagse kind, die ouer, die onderwyser, die predikant so nodig.[21] In hierdie stryd van aftakeling van gesag en norme wat aan alle fronte gevoer word, is dit meer as ooit tevore die taak van ouers en onderwysers om hulle hande stewig vas te vat met liefde en vertroue.[22] Maar as die kind nie verstaan word nie - as daar nie simpatie met sy probleme is nie, is die nodige leiding nie moontlik nie.[23]

Daar is 'n groot behoefte aan geestelike leiers - opvoeders wat die leerlinge opnuut sal leer om hul gedagtes te beheer, maar ook om die stem te verhef, indien nodig.

---

20) Kotzee, A.L., op. cit., p.9.
21) Van Wyk, J.H. Laat ons hulle saamneem. Almanak van die Geref. Kerk in S.A., 1973. p.176.
22) Kotzee, A.L. op. cit., p.10.
23) Waterink, J., op. cit., p.29.

Die baie vrae soos: waarom die ellende, haat, onsedelikheid, onmenslikheid, verdagmakery, stryd, spanning, wantroue, teleurstelling, verdriet, moet simpatiek beantwoord word. Tereg beweer Breedt dat die hedendaagse jongmens 'n groter behoefte aan deeglike onderwys het as voorheen, [24] en maak Van Wyk die volgende stelling: „In 'n wêreld waarin ons kinders opgroei, en waarin die sedelike oordeel afgestomp is, roep ons kinders om leiding". [25] Hierdie leiding kan slegs geskied as die probleme vanuit God se Woord beoordeel en opgelos word. Dit moet as 'n uitnemende voorreg beskou word dat die Christelike skool hier te lande in hierdie behoefte kan voorsien d.m.v. Godsdiensonderrig en Bybelkunde.

Die groot probleem ook van ons tyd is dat die jongmens nie altyd besef watter rykdom hy in Christus deelagtig is nie. Dit tref dat by so baie van die jeug daar so 'n gebrek aan Christelike blymoedigheid is. By baie brand die vlam van Christelike liefde so dof en is daar so min entoesiasme te bespeur vir God en sy Woord. Die amp van die gelowige, nl. om profeet, priester en koning te wees, kom nie tot sy reg nie. Teen hierdie agtergrond moet die reusetaak van die opvoeder gesien word.

Die hele mens moet opgevoed word. As kind van God moet die leerling gebring word tot die aanvaarding van sy verantwoordelikheid en roeping. Dit moet 'n lewe wees wat in die teken staan van dankbaarheid teenoor God wat dit ook vir hom moontlik gemaak het.

Die opvoeding en onderwys moet 'n bastion vorm teen die diaboliese aanslae op die sedes van die volk. Tereg laat lt.-genl. Cockroft, geneesheer-generaal van die Suid-

---

24) Breedt, A. Die begripsgaping en permissiwiteit van ons huidige samelewingstruktuur. Onderwysblad, Julie 1972, p.12.
25) Van Wyk, J.H. Laat ons hulle saamneem. Almanak van die Geref. Kerk in S.A., 1973, p.177.

Afrikaanse weermag hom soos volg uit: „As ons in die hede verdedigers van ons geestesgrense wil wees, as ons as Christelik-nasionale volk behoue moet bly, sal ons moet opvoed; sal ons moet opoffer; sal ons moet toewy - die kerk, die onderwys, die gesin, ja elke burger van hierdie Republiek ........" 26)

6. DIE EISE WAT DIE ONDERWYSDEPARTEMENTE STEL T.O.V. DIE SEDELIKE OPVOEDING:

Die Onderwysdepartemente is volgens Wet nr. 39 van 1967 veronderstel om uit te gaan van die geopenbaarde Woord van God. Die ware sedelikheid word daaruit verneem en die mens se verhoudings tot sy medemens en sy gedrag word dan bepaal volgens die eise van hierdie Woord.

Wanneer die Onderwysdepartemente d.m.v. die sillabusse 'n sedeleer voorskryf, doen hulle dit in ooreenstemming en in aanvulling met die wens van die Christelike ouers wat buig voor die gesag van die Woord wat sulke duidelike riglyne t.o.v. die groot verskeidenheid menslike verhoudings die mens voorhou. Die leerlinge word bewus gemaak van hul roeping om te kan onderskei tussen goed en kwaad en om hul lewenspraktyk en beginsels in te rig sodat dit aan die eise van die Woord sal beantwoord. Maar in die sedelike opvoeding moet hulle ook gelei word tot die aanvaarding van verantwoordelikheid op alle lewensterreine en teenoor almal. Hulle word ook daarop gewys dat die goeie werke noodsaaklike vrugte van die geloof moet wees, maar „dat goede werken strekken niet om het heil nog eens te verdienen, dat om niet geschonken werd, maar zijn een uiting van dankbaarheid, gehoorzaamheid, liefde, enz". 27)

As die karakter van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika as „Christelik" en „nasionaal" bestempel word - trouens, dit word deur wetgewing bepaal! - rus daar 'n baie

26) Cockroft, C.R. Verdedigers van ons geestesgrense. Handhaaf, Mei 1973, p.10.
27) De Vos, H. op. cit., p.147.

groot verantwoordelikheid op die onderwysers vir die implimentering daarvan. Dan sal die woorde nie slegs mooiklinkende woorde wees nie, maar uitgeleef word in al hul konsekwensies.

In die nuwe jeugweerbaarheidsprogramme van die Onderwysdepartemente word groot eise aan die gelowige onderwyser gestel en groot uitdagings aan hom gerig „omdat hy die verantwoordelikheid het om ook met hierdie program die kind te vorm na die eise van die Woord van God". [28)]

## 7. KONKLUSIE:

ŉ Sinvolle en effektiewe sedelike opvoeding in die huidige tyd sal dus samevattend op die volgende neerkom:

7.1 ŉ Skrifgefundeerde sedelike opvoeding waarin al die riglyne duidelik teruggevind kan word.

7.2 Een wat altyd aktueel sal bly, wat die mens sal aanspreek tot die jongste dag.

7.3 ŉ Sedelike opvoeding wat die kind se eise in ŉ snelveranderde wêreld sal dien, sy vrae en probleme simpatiek sal benader.

7.4 ŉ Sedelike opvoeding wat die geleentheid wat die Christelike owerheid bied (ook betreffende die jeugweerbaarheidsprogramme), te baat sal neem.

---

28) Kruger, H.B. Jeugweerbaarheid. Almanak van die Geref. Kerk in S.A., 1973, p.182.

# HOOFSTUK 6.

## RIGLYNE VIR 'N SINVOLLE SEDELIKE OPVOEDING.

### 1. TERUG NA DIE GOD VAN DIE SKRIFTE:

Waterink wys daarop dat sedelike opvoeding vir die gelowige tegelykertyd godsdienstige opvoeding is. Die sedelike is in die godsdienstige verankerd. „Ook de zedelijke norm komt alleen maar tot het leven door Christus heen". [1] Die vraag in ons tyd is juis of die agteruitgang van die godsdienssin in die Westerse wêreld nie tot gevolg het die swak sedelike stand soos dit hom openbaar op haas elke terrein nie. Oral verneem mens van bande wat losgemaak word, van mense wat vry wil wees, nie voorgeskryf wil wees nie. 'n Permissiewe gees is die kenmerk van ons tyd. Dit rol soos 'n vloedgolf aan oor die wêreld. Die Westerse wêreld is tot die dood toe siek daarvan.

As middel vir gesonde sedelike opvoeding is godsdiens bo alle twyfel verhewe. Alleen in die Skrif, in God se geopenbaarde Woord, verneem ons wat ons moet doen. Wat goed en sedelik is, word aan die mens geopenbaar en daarom kan daar by die Christengelowige nie sprake wees van 'n outonome en immanente sedelikheid nie, maar wel van 'n heteronome en transendente sedelikheid. [2] God se Woord moet dus sentraal staan in die lewe. „U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op die pad", [3] moet weer die belydenis word. Die verlostes staan in die koninkryk van God en gehoorsaam as burgers die wette van die Koning. Hulle lewe in en deur Hom. Die goeie wat hulle doen, geskied deur Gods genade en in diepe afhanklikheid van Hom.

---

1) Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.586.
2) Coetzee, J. Chris, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.106.
3) Psalm 119:105.

Die mens van die twintigste eeu sal weer moet besef dat alle sprake van God kom en dat hy maar net sal moet luister, dat hy geroepe is om die heerskappy van Christus te proklameer. As religieuse wese moet hy na Hom leef en hunker. Die werklike sedelike krag kan slegs van Hom kom.

## 2. GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL IS NOODSAAKLIK:

Hierdie vak moet as die belangrikste vak op skool beskou word. Daarsonder kan daar geen sprake wees van sedelike opvoeding nie. Om Godsdiensonderrig op skool uit te laat, is om die hart van die opvoeding te verwyder. Die Godsdiensonderrig word bo-aan die lys van vakke geplaas en hierdie opvoeding moet in ooreenstemming wees met dit wat in die huis geleer word.

Die godsdienstige en daarna en daarmee saam die sedelike opvoeding van die kind is die belangrikste taak van die opvoeder. Sonder Godsdiensonderrig kan hiervan weinig tereg kom. As die stem van God stil geword het, verdwyn alle sin.

Bingle wys daarop dat die godsdiens die hele mens se lewe omspan en dat daar geen enkele terrein van ons bestaan is wat nie deur ons godsdienstige beskouinge beheer word nie. [4) ] Elke vak in die skool, of dit ꞌn praktiese vak soos Bedryfskennis is, en of dit ꞌn natuurwetenskaplike vak soos Biologie is, moet in die lig van God se Woord onderrig word. Ons lewensbeskouing wat op God se Woord gegrond is, bepaal ons beskouing teenoor ꞌn bepaalde vak - en hoe ons dit sal benader. Godsdiensonderrig hoort dus tuis in die Christelike skool omdat dit die lewens- en wêreldbeskouing by die leerling tuisbring. Jaarsma wys daarop dat net so min as wat daar ꞌn Christelike lewe sonder ꞌn lewe vanuit die Skrifte is, daar ꞌn

---

4) Bingle, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool, p.23.

Christelike opvoeding sonder ŉ lewende kontak met God en sy Woord kan wees.[5] Bingle betreur die swak stand van Godsdiensonderrig op ons skole. Hy wys daarop hoe ons aan belangrike dinge in die lewe belangrike plekke toeken, maar aan Godsdiensonderrig wat so ŉ primêre vak op skool is, nie reg laat geskied nie. Daar kan van Christelike skole gepraat word slegs as God en sy Woord daarin ŉ eerste plek inneem.[6]

Die gelowige onderwyser sal deeglik moet besin en waak teen die negatiewe elemente in die eksistensieteologie wat oorvloedig voorkom in veral Engelstalige handboekies in Godsdiensonderrig. ŉ Lewensvreemde en neutrale, maar ook ŉ humanistiese, aktualistiese Godsdiensonderrig in ons skole kan onberekenbare skade aanrig.

2.1 <u>Doelstellings van Godsdiensonderrig</u>:

Die verskillende doelstellings van hierdie vak is omvattend. Dit moet lei tot kennis, liefde en diens van God. Hierdie doelstellings omspan al die terreine van die skoolwerk. Met Godsdiensonderrig word die volgende beoog:[7]

2.1.1 <u>Religieuse vorming</u>:

Slegs Godsdiensonderrig verskaf die nodige kennis aangaande God se besondere openbaring. Hier word verneem van sondeval, straf en genade.

2.1.2 <u>Etiese vorming (sedelike)</u>:

Godsdiensonderrig is die belangrikste, ja die enigste vak, wat aan die leerling voorskryf hoe hy volgens die Wet en Woord van God moet lewe. Sedelikheid hang af van God se ordinansies - daar is nie outonome sedekodes nie.

2.1.3 <u>Verstandelike vorming</u>:

Die absolute waarheid word in God se Woord vir ons

---

5) Jaarsma, C.J., Fundamentals in Christian education, p.263.
6) Bingle, H.J.J., op. cit., p.24.
7) Ibid., p.21-23.

voorgehou. Hy is die Waarheid. Godsdiensonderrig is 'n kennisvak - daarin word die kind se verstand geprikkel en ontwikkel en leer hy om juiste oordele te vorm.

2.1.4 Estetiese vorming:

Die ware en egte skoonheid het as bron God se Woord. Skoonheid is afhanklik van God se openbaring. 'n Outonome, 'n mensgemaakte skoonheid kan nie normatief wees nie.

2.1.5 Sosiale vorming:

Ons verneem uit God se Woord wat ons sosiale verpligtings is, bv. dié tussen ouer en kind, owerheid en onderdaan, man en vrou, ens.

2.1.6 Liggaamlike vorming:

Die Woord van God het 'n baie verhewe opvatting van die liggaam van die mens. Dit is die tempel van God, dit moet bewaar en rein gehou word - wie dit skend, sal geskend word.

2.1.7 Slotsom:

Sedelike opvoeding moet dus nooit van godsdienstige opvoeding losgemaak word nie. In die skool sal daar toegesien moet word dat die Geestesweerbaarheidsprogram nie humanisties uitgevoer word nie, dat dit dus hand aan hand met Godsdiensonderrig moet gaan en steeds deur 'n onderwyser(es) onderrig sal word wat in Bybelkunde onderlê is.

3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN CHRISTELIKE SKOLE:

Dit is vanselfsprekend dat slegs die Christelike skole die regte klimaat kan skep waarin Godsdiensonderrig tot sy reg kan kom. Christelike sedeleer kan dus slegs in 'n egte Christelike skool tot sy reg kom.

Volgens Art. 2(1)(a) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967, moet die onderwys in die skole deur 'n Staatsdepartement in stand gehou, bestuur en beheer, 'n Christelike karakter hê en dat die geloofsoortuiging van die

ouers en leerlinge eerbiedig moet word betreffende Godsdiensonderrig. Coetzee [8] wys egter daarop dat daar van Christelike skole slegs sprake kan wees indien daar Christelike onderwys gegee word. Sonder die belydenis in Jesus Christus, kan nie van Christelike onderwys en Christelike skole gepraat word nie. In die Christelike onderwys is dit belangrik om ŉ Christelike doelstelling, ŉ Christelike mensbeskouing, ŉ Christelike inhoud en ŉ Christelike metode van onderwys en opvoeding te hê. [9]

Cilliers wys tereg daarop dat hierdie wet verreikende gevolge moet hê, nl. dat die verpligting elke skool opgelê word om Christelike onderwys te gee en dat dit ook op nasionale grondslag moet geskied. [10] Hy wys dan verder daarop dat daar groot dankbaarheid hiervoor moet wees en spreek die hoop uit dat die wet nie net op die wetboek sal pryk nie, maar in al sy konsekwensies uitgevoer sal word. „Dit sal van ons afhang wat ons van hierdie mooi saak gaan maak". [11]

Die bepaling van die wet impliseer dat die hoof, die onderwyser, elke lid van die personeel, Christengelowiges moet wees anders sal die wet nie deur hulle uitgevoer kan word nie. Cilliers wys voorts daarop dat die wet afdwingbaar is en dat die geloofsoortuiging en belydenis van die onderwyser in ooreenstemming sal moet wees met die Christelike ouer. Verder sal die leerplanne en leergange ook ŉ positiewe, Christelik-nasionale inhoud moet hê. Die hele gees en rigting van die skool sal positief Christelik-nasionaal moet wees. [12]

Die verhewe einddoel van die Christelike onderwys, nl. die eer en verheerliking van God, sal altyd voor oë gehou

---

8) Coetzee, J. Chris, Christelike onderwys. <u>Onderwysblad</u>, Jan. 1971, p.1.
9) Ibid., p.2.
10) Cilliers, D.H. Onderwysersopleiding as prakties-sielkundige antwoord op die eise wat die moderne tyd aan die Calvinistiese filosofie en praktyk van die opvoeding stel. <u>Koers</u>, Aug. 1969, p.64
11) Ibid., p.65.
12) Loc. cit.

moet word. Die kind moet gesien word as skepsel van God, na sy beeld geskape, deur die sonde verduister, maar in Christus versoen.

Jaarsma hou die belangrikheid van die Christelike skool voor en pleit daarvoor dat dit nog meer spesifiek Christelik moet wees. „So positively Christian must it be that the non-Christian does not feel at home unless he too begins to accept from the heart the life lived with God .... the Christian school is Christian when it is staffed with teachers who have accepted the life from the vantage point of the new life in Christ and are the artists who know how to use the medium of the cultural milieu to guide the immature to the acceptance of life". 13)

Christelike opvoeding is nie moontlik sonder dat die Bybel en aanbidding 'n plek in die skool het nie - dit moet 'n integrale en dinamiese deel van die skool vorm. Al die aktiwiteite van die skool moet gekenmerk word deur die Gees van God wat hulle deurwaai - waar daar roepingsvervulling is in dankbaarheid aan die Skepper. Slegs dán kan daar werklik van egte Christelike sedelike opvoeding sprake wees.

Vir Van Wyk vind die skool sy bestemming in die etiese. „Die kwalifiserende of leidende funksie van die skool is dus die etiese band van onderlinge kameraadskap tussen die leerlinge, die band van onderlinge gehegtheid tussen die leerlinge en onderwyser en 'n band van getroue en harmoniese samewerking tussen die onderwyser en die ouers-in-organisasie". 14)

4. <u>DIE VERBAND TUSSEN GELOOFS- EN SEDELEER MOET DUIDELIK GELÊ WORD.</u>

In die geloofsleer (dogmatiek) word oor die vraag: Wat glo en bely die Christen, volgens Gods Woord soos geformuleer deur die kerk, gehandel. In die sedeleer (etiek) word besin oor die vraag: Hoe moet die verloste volk van God lewe

13) Jaarsma, C.J. op.cit., p.263.
14) Van Wyk, J.H. Die Christelike skool, p.3.

in gehoorsaamheid aan sy Woord, uit dankbaarheid en in gemeenskap met die Heilige Gees? Dit is dus duidelik dat geloofs- en sedeleer nie geskei mag word nie omdat dit twee kante van dieselfde saak is, nl. die godsdiens van die mens. Geloof en lewe is een groot geheel. Dit wat ek glo, kom van God en hoe ek moet lewe, word vir my in die Skrif geopenbaar. Om bloot te roem op geloof en geen werke te toon nie, is nie te rym met die Woord van God nie. [15] 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie. [16]

By die onderrig van Christelike sedeleer is dit dus noodsaaklik om uit te gaan van die geloofstandpunt. Daarsonder sal dit net neerkom op 'n sedeleer losstaande van die Woord - 'n outonome sedelikheid waarin God nie geken word nie. Dit is natuurlik 'n verskynsel van ons tyd. Die tendens om 'n sedelike opvoeding te gee (sonder godsdiens), soos bv. in oorsese lande, kan nie goedgepraat word nie. 'n Aanhaling soos: „The public schools acknowledge their continuing responsibility to reach moral and spiritual values. They have been teaching these values in the past. The needs of the present day require even greater efforts," [17] kan maar net bevraagteken word. Die demokratisering van die onderwys in die V.S.A. en grootliks a.g.v. die invloed van Dewey daarin, het hierdie neutrale standpunt tot gevolg t.o.v. Godsdiensonderrig. Daar mag nuttige gegewens <u>oor</u> geloof en gelowe op skool verstrek word: hoe dit morele en geestelike waardes verskaf het [18] - maar van 'n uitgesproke geloof <u>in</u> Jesus Christus, word weggeskram - die demokrasie moet mos gedien word!

---

15) Jakobus 2:17-20
16) Mat. 7:17
17) Education policies commission, op. cit., p.51.
18) Ibid., p.78.

Dit is voorwaar 'n voorreg om in die Republiek van Suid-Afrika 'n Godsdiensonderrig in ooreenstemming met die Woord van God te ontvang. Daar word wel voorsiening gemaak vir vrystelling van andersdenkendes. Volgens Art. 53(4), mag die volgende ingesluit word by die Godsdiensonderrig: Bybelkennis, die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels, die Onse Vader.

Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953 bepaal dat geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte in enige openbare skool gedoseer mag word nie. Oor wat hierdie artikel impliseer, is al heelwat geskryf. Dit is duidelik dat nie alle dogma uitgesluit kan word nie. Tereg wys Grové daarop dat Godsdiensonderrig sonder dogma betekenisloos is - bloot literatuurstudie, 'n neutrale Godsdiensonderrig.[19)]

Dit is dus baie duidelik dat die Bybel die primêre bron van sowel geloofs- as sedeleer is. Daar kan selfs beweer word dat „die inhoud van die Christelike geloof, die Bybel is".[20)] Geloof is ook kennis en as dit gevoed en versterk word - alleen dán eers kan daar sprake wees van 'n Christelike sede, omdat die geloof die sede bepaal. Die bron van die sedelikheid is God se Woord, dus God self. Waterink sien dogmatiese onderwys as 'n wesentlike bestanddeel van die godsdienstige opvoeding.[21)]

Dit moet duidelik gestel word dat godsdiens en sedelikheid nie met mekaar vereenselwig word nie, omdat dit in die godsdiens sentraal om ons verhouding teenoor God gaan terwyl dit in die sedelikheid om ons verhouding teenoor die naaste, die medemens gaan en dat hierdie lg. ook deur God bepaal word. Leerlinge moet groot duidelikheid oor hierdie saak hê. Daarvoor sal die onderwyser moet sorg.

---

19) Grové, I.J. Die dogma en gewetensklousule in die onderwysordonnansie van 1953 van Transvaal, p.80.
20) Castelyn, H.C. Die onderrig van Geloofsleer, p.3.
21) Waterink, J. op. cit., p.575.

## 5. SEDELEER EN GEBED VORM 'N EENHEID.

„Gebod en gebed hoort byeen, want die mens wat nie deur die gebed en geloofsgemeenskap met God leef nie, dié mens sal wel soos die Fariseërs op uiterlike wyse die Wet as 'n voorskrif-van-buite kan nakom, maar hy sal nooit die Wet op die regte wyse uit geloof, liefde, gehoorsaamheid en dankbaarheid kan vervul nie". [22] Die mens kan God se voorskrifte soos ~~dit~~ in die Skrifte geopenbaar, alleen biddend nastreef en voor oë hou. In hierdie lewe kan die volkomenheid nooit bereik word nie - al die mens se werke is met sonde bevlek.

In sy onmag om God se wette na te kom, wend die gelowige hom in diepe afhanklikheid in die gebed tot God, maar ook in dankbaarheid vir al die gawes in Christus. Biddelose mense kan onmoontlik gelowige mense wees, nog minder kan hul lewenswandel as Christelik bestempel word. Die gebed is immers die kanaal waarlangs die mens die eer, heerlikheid en majesteit van God kan besing en waarin hy kinderlik tot God kan gaan om van Hom af te smeek die nodige leiding. Hoe dikwels word die krag van die gebed nie misken nie!

Om te bid, is om in die teenwoordigheid van God te verkeer. Op die vraag van die Heidelbergse Kategismus: [23] „Waarom is die gebed vir die Christene nodig?" is die antwoord: „Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder, en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank". Die gebedslewe mag nie verskraal nie - waar dit gebeur, is dit nie wel met die lewenswandel van 'n persoon nie. Die gebed kan as die barometer van die geloofslewe bestempel word, maar ook van die ware

---

22) Engelbrecht, B.J. Perspektief op sedeleer in Bybelkunde-onderrig, p.24.
23) Heidelbergse Kategismus, vraag 116.

opregte sedelike lewe van die gelowige kind van die Here. Sedelike opvoeding impliseer dus gebedsopvoeding.

6. DIE TAAK VAN DIE OPVOEDER:

Meer as ooit tevore is daar 'n behoefte aan opvoeders wat hul verantwoordelikheid besef, nodig om die kinders van ons volk te onderrig. Die kenmerk van ons tyd is juis een van losbandigheid, van permissiwiteit, van 'n horisontalisme waar daar nie meer gevra word na God en sy gebod nie. Dit is 'n tyd van verwêreldliking en ontkerkliking. „In die stryd daarteen ly die kerk neerlaag op neerlaag". [24)] Van Wyk wys daarop dat „die godsdiens onder verdenking gekom het", [25)] en dat God vir baie die God van die verre horison geword het. [26)] Dit het by uitstek 'n tyd van ongeloof geword.

In hierdie tydsgewrig van onsekerheid, waar die klem verlê word na die mens, waar hy in die sentrum plek inneem, word geweldige eise aan die opvoeder gestel. Hy het 'n groot roeping te vervul, om worstelend om die genade van God in Christus te soek. [27)] Dit is nutteloos as die opvoeder net instrument is om inligting aan die kinders te verskaf. As daar by hom geen oortuiging is nie, as hy nie deur die liefde van Christus gedring word nie, is daar vir hom geen plek in die Christelike skool nie. „Om te kan oortuig, moet hy self oortuig wees". [28)] Alle opvoedkundiges is dit eens dat die voorbeeld van die opvoeder van die grootste betekenis is in die opvoedingshandeling. Keyter het dit oor die belydenis en lewe wat in ooreenstemming met mekaar moet wees. [29)] „Die onderwyser se werk is ewigheidswerk, hy het te doen met

24) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.11.
25) Ibid., p.12.
26) Ibid., p.15.
27) Waterink, J., op. cit., p.194.
28) Van Wyk, J.H., op. cit., p.470.
29) Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p.195.

ꞌn kind wat ꞌn bestemming het, met die siel van die kind". [30]
So baie hang af van die karakter en integriteit van die opvoeder wat sy plek daar voor die klas inneem. „If the teacher attempts to teach things which he does not really believe, the children will instinctively feel his insincerity .... " [31]

By die onderrig moet die onderwyser besield wees; hy moet ook ꞌn diepe belangstelling toon in die leerlinge. Hy moet in hul wêreld leef, saam met hulle werk en worstel, saam lag en speel. [32]. Schutte vat die taak en roeping van die opvoeder soos volg saam: „Wat ꞌn voorreg om dan onderwyser te wees! As kind van God neem hy God se ander, jonger kind voortdurend rond in die wondersale van God se koninkryk. Self gekroon as Koningskind berei hy die hoof van die kind voor om ꞌn kroon te dra. Self bewoë deur die liefde van God en gedring deur die roepingstaak, lei hy die kind as priester in die tempel van genade. Self kenner van die Godsopenbaring, leer hy die kind om die weg van God te begryp soos Hy openbaar, leer hy om profeties die weg van orde en koers in die kosmos te sien soos dit op die ewige heilstaat sal uitloop, leer hy die kind om Christus te sien en te lewe en so waarlik vol te wees". [33]

Hulde moet ook aan die onderwyser gebring word wat, soos Du Toit dit stel: die behoudende goue draad was sedert die volksplanting aan die Kaap. Sy bydrae kan danksy die genade van God, nie gering geskat word nie. [34]

Daar moet ook ꞌn innerlike bewoënheid by die onderwyser teenoor sy leerlinge wees. Sy taak is ook om gesins-, kerk- en volksverband te versterk - veral vandag waar die kind los-

---

30) Cilliers, D., op. cit., p.67.
31) Sadler, M.E. Moral instruction and moral training in schools, p.305.
32) Van Wyk, J.H., op. cit., p.471.
33) Schutte, B.C. Die Bybel in die skool, p.13.
34) Du Toit, G.J. Die onbekende onderwyser. Onderwysblad, Jan. 1971, p.30

geslaan is van byna alle verbande en waar hy ankerloos ronddrywe. Wat die tug betref, wys Van Wyk daarop dat dit op die weg van die opvoeder is om dit in liefde te doen - dit is 'n liefdesverpligting. Dit is sy plig om die unieke eieaard van die kind te help ontplooi - hierdie geleenthede moet hy te baat neem. Die kind moet na 'n bestemmingsvervulling gelei word. Wat gebroke is, moet hy help heel. 35)

'n Enkele woord nog oor die onderwyser-leerling verhouding. Die saamwees tussen hulle moet 'n met-mekaar-wees en moet die kenmerk van 'n vertrouens-, 'n ken- en gesagsverhouding wees wat so tipies van die pedagogiese ontmoeting is!

6.1. <u>Die vertrouensverhouding</u>:

'n Wedersydse vertroue steun op die wedersydse aanvaarding en erkenning. So aanvaar die gelowige onderwyser die kind as medeskepsel, as sondaarmens, aan wie ook genade bewys is. Ook die kind se eindbestemming word nie uit die oog verloor nie. Die vertroue wat hy van die kind geniet, verwys hy na Bo waarin ook sy vertroue setel en waaruit hy lewe. Die onderwyser met integriteit, wat vertikaal ken en vertrou en vóor gesag buig, sal vir dit wat hy aan hulle voorhou, die vertroue en waardering ontvang. 36)

6.2 <u>Gesagsverhouding;</u>

Wat die gesagverhouding betref, kan beweer word dat daar onderwerping sal wees aan die gesag van die opvoeder wat self voor gesag buig. Daar is geen plek vir die onderwyser wat tiranniseer nie, maar 'n simpatieke en liefdevolle gesagsleiding is onmisbaar en ook van God gewil. Maree stel dit

---

35) Van Wyk, J.H. Referaat: Die praktiese beslag van die Christelike skool - die verantwoordelikheid van die onderwyser. COVSA-kongres, Pretoria, Mei 1973.
36) Maree, H.O. Perspektief op Godsdiensonderrig in die hoërskool, p.18.

mooi: „die onderwyser wat deur sedepreke die Christelike probeer voorhou sonder om as mens dit self te verteenwoordig, besit alleen tydelike gesag en voed nie op nie. Dieselfde geld vir die onderwyser wat op 'n militante wyse gesag probeer afdwing. Kinders vra 'n streng onderwyser, eerlik en regverdig....." [37]

6.3 Kenverhouding:

Die onderwyser moet weet waarmee hy besig is. Die kind in al sy stadia van ontwikkeling, moet geken word en die wese van sy kindwees begryp word. Hy moet diep onder die besef verkeer dat die kind op hom aangewese is om hulp en steun.

In die Christelike skool is daar dus geen plek vir opvoeders wat God negeer nie. Die onderwyser sal 'n opleiding moet ontvang in ooreenstemming met die Christelike-nasionale karakter waarvoor voorsiening gemaak word. Heiberg betoog in hierdie verband dat die neutrale karakter van ons universiteite en kolleges plek sal moet maak vir 'n positief-Christelike karakter. Slegs persone wat Christene is, wat Christelike wetenskap beoefen - en ook net hulle wat 'n Christelike werklikheidsbeskouing, mensbeskouing en samelewingsbeskouing het, kan aanvaarbaar wees. [38]

## 7. ALGEMENE RIGLYNE BY DIE AANBIEDING VAN DIE SEDELEER:

Waterink wys daarop dat die groot fout by so baie ouers en opvoeders is dat daar so wetties opgetree word by die behandeling van die sedeleer wat tot gevolg het 'n totale ontaarding. Die Wet van God moet nie al bukkend geleer word nie. [39] In die Wet gaan dit tog om gehoorsaamheid, en dwang het daarin geen plek nie. [40] Dit is die taak van die

37) Loc. cit.
38) Heiberg, P.J. Christelike reformasie of skolastiese sintese in ons onderwys en onderwysersopleiding. p.21.
39) Waterink, J. De Wet van God in de opvoeding. p.6.
40) Ibid., p.8.

opvoeder om die opvoedeling dig by God te bring en hier moet die werking van die Heilige Gees nie gering geskat word nie. So dikwels word die genadewerking van die Heilige Gees in ons lewens verswyg. [41]

Die sin van die gebooie is dat die kind tot die ontdekking moet kom dat hy op die verkeerde weg is en dat hy „moet proberen de handwijzer te lezen". [42] Opvoeders, volgens Waterink, is baie keer die oorsaak dat die leerlinge die „handwyser" wil verbyloop. Baie keer word die gebooie gehaat - reeds omdat die liefde daaruit gehaal word en dit so koud gestel word. [43] In die dosering van die Wet van God moet ons in gedagte hou dat „wat God hier as riglyn aandui, nie ons saligheid verdien nie, maar alles wat hier oor ons handel en wandel gesê word, betref alleen ʼn riglyn vir ons lewe uit geloof uit dankbaarheid tot sy eer". [44] In die behandeling van die sedewet verneem ons ook Evangelieverkondiging. Engelbrecht [45] wys daarop dat bo-aan elke gebod staan: „toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê" - duidelik dus openbaring van God.

By die behandeling van die sedewet, is dit noodsaaklik om altyd die eerste tafel van die Wet voor oë te hou. Dit vorm tog immers die grondslag of basis van die tweede tafel. Indien die verhouding tot God nie in die reine is nie, kan die verhouding tot die naaste ook nie in orde wees nie. Daarom dat ʼn sedeleer wat nie in die Woord gefundeer is nie, afgewys moet word. ʼn Sedeleer los van die Skrif is loutere moralisme, oppervlakkige sedeprekery.

Die Woord van God is ook aktueel vir alle mense van alle

---

41) Ibid., p.17.
42) Ibid., p.25.
43) Loc. cit.
44) Engelbrecht, B.J., Perspektief op gebed en sedeleer in Bybelkunde-onderrig. Bylae A, .13.
45) Ibid., p.14.

tye. Sy wette behou hul krag - ook vir die mens van die twintigste eeu. Hulle is omvattend en ryk aan troos indien die mens so gelei word om God se hand daarin te sien. In hulle lê die Koning totalitêr beslag op die lewe van sy onderdane. 46)

Die heersende lewensvraagstukke en wêreldprobleme behoort ook in die sedeleer aandag te ontvang. In die etiek (sedeleer) gaan dit om die lewe - alle aspekte behoort juis in die lig van God se Wet beoordeel te word. Dit sal sinneloos wees om die Wet van God so te verskraal dat dit nie heel ons lewe ons lewenspad sal belig nie.

Die sillabusse m.b.t. die sedeleer behoort meer uitgebrei te word. Daar behoort meer geleentheid te wees om die talle aktuele probleme en situasies onder oë te neem. Op hierdie wyse kry 'n mens 'n aktuele sedeleer en nie 'n opeenstapeling van moenies nie. Sedeleer mag nie net uit 'n hele reeks moenies bestaan nie - want om altyd negatief te wees, laat nie reg aan die gebooie geskied nie. Die positiewe behoort baie meer aandag te ontvang. God se Woord en Wet open die oë en daarom sal dit ook weer nie korrek wees om net positief te wees by die behandeling van die Wet nie. Die sonde moet erken, maar ook herken word. Die Wet moet altyd dien as spieël. Die positiewe is dat die sondaar uitgedryf word na Christus, om van Hom die heil te verwag.

Tydens lesse behoort daar ook ruim geleentheid te wees vir klasgesprek en bespreking. Leerlinge moet dus aktief by die les betrek word. Die talle vrae wat by die jeug opkom, moet in die lig van die Woord beantwoord word. As die Woord in die middelpunt staan by die behandeling van hierdie vraagstukke en probleme, sal daar ook meer oplossings wees, sal

---

46) Wurth, G. Brillenburg, Christelike sedeleer, p.36.

God se Koningskap uitgedra word en sal die mens ook aan sy hoë roeping as profeet, priester en koning beantwoord. Die hedendaagse kind word met baie vraagstukke gekonfronteer, hy dreig om daarin verstrik te raak en dit mag ook gebeur dat hy die sin van dinge nie raaksien nie. Dit sal dan die taak van die kerk en die skool wees om hierdie sinlose dinge uit te skakel en tot beter begrip te lei. „Predikante en onderwysers sal antwoorde moet vind en verstrek op die hedendaagse kwelvrae. Die jeug staan in die branding van ons tyd. Koerante, tydskrifte en die radio plant vraagstukke in die midde van die jongmense se gedagtewêreld en hulle soek na sinvolle antwoorde". [47)]

Die klasgesprek leen hom besonder as metode by die onderrig van sedeleer. Daar moet egter gewaak word daarteen om die klaslokaal onvoorbereid te betree. Dit gebeur dikwels dat 'n gesprek sy doel mis vanweë die oppervlakkigheid tydens so 'n situasie. Onderwyser en leerlinge moet deeglik beplan en voorberei. Ander metodes wat gevolg kan word, is die mededeling wat seker die belangrikste is op skool asook die vraag-en-antwoord-metode wat hoër eise aan die leerlinge stel. Ook die onderwyser sal versigtig moet optree deur steeds die gevolgtrekkings van die leerlinge noukeurig te kontroleer.

Die baie omvattende en deeglike handboek oor geloofs- en sedeleer (Leerboek vir st. 10-leerlinge), opgestel deur bekende dosente in Godsdiensonderrig en Bybelkunde, vervul in 'n groot behoefte wat daar soveel jare in die skole bestaan het. Daar kan dus nou ook van die doeltreffende handboekmetode gebruik gemaak word.

Wat werkopdragte aan leerlinge betref, is dit steeds die doel om die studente selfstandig te laat studeer ten einde kennis te bevorder. Die Bybel behoort altyd geraadpleeg te

47) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig. p. 466.

word - dit is altyd die veiligste weg dat God se Woord die antwoorde sal verstrek. Daar behoort dus altyd 'n voldoende voorraad Bybels in die klaskamer beskikbaar te wees. Dit is wenslik dat die betrokke Skrifgedeeltes wat op die lesonderwerp betrekking het, voorgelees moet word.

Leerlinge behoort skriftelike werk te doen. Die opstelvorm is hiervoor baie geskik. Bybels en konkordansies kan met vrug geraadpleeg word by die uitwerk van sulke opstelle of paragrawe, bv. oor „Gesagsverhoudinge," n.a.v. die vyfde gebod. Dit is wenslik dat gepaste teksverwysings aan die leerlinge verstrek word oor die lesonderwerp.

Daar kan met vrug gebruik gemaak word van meting. Soos by ander vakke op skool, kom gebreke eers aan die lig ná meting. Die nodige remediërende of aanvullingswerk kan dan gegee word.

## 8. AFWYSING VAN DIE NUWE MORAAL:

Die veranderde siening in die teologie het tot gevolg 'n nuwe moraal. Die volgende name word vir die nuwe teologie gebruik: „nuwe teologie, vernuwingsteologie, anti-metafisiese teologie, radikale teologie, horinsontalistiese teologie, sekularistiese teologie, God-is-dood-teologie, ens." [48)] Manne soos Bultmann, Bonhoeffer, Altizer, e.a., het bydraes gelewer tot hierdie eksistensie-teologie waaruit die nuwe moraal voortgevloei het. Uit hierdie strominge het die outonome etiek voortgekom. Sedelike norme spruit nou nie meer uit die verhouding tot God nie, maar word aan die medemenslike relasies, en dus indirek aan die mens self, ontleen. [49)] Van hierdie nuwe rigtings in die teologie moet dus kennis geneem word, omdat die onderwyser ook nie van hierdie aanslae

48) Ibid., p.117.
49) Van der Merwe, A. Die huwelik en die gesinslewe. (<u>In</u> Soeklig op ons sedes, p.33.)

gespaar is nie. In skole en biblioteke is daar velerlei geskrifte in omloop en die Christenopvoeder sal moet waak teen hierdie skadelike invloed. Op ŉ baie subtiele en skynbaar onskuldige wyse word die grondslae van die godsdiens en onderwys aangetas. Die skadelike invloed van die eksistensialisme is al duidelik waarneembaar in opvoedkundige kringe. Saam word in die koor gesing van die mens as soekende, vraende wese, - altyd op pad en nooit by sy bestemming nie! Daarteenoor sien die gelowige die mens as antwoordende wese, as beelddraer van God.

Heyns meen dat die moderne mens iets gegee moet word waaraan hy kan vashou en waarop hy kan bou veral in ŉ tyd soos hierdie waarin soveel fondamente verskuif word. „ŉ Tyd van verwarrende vermenging van waarheid en leuen, van reg en onreg, van goed en kwaad, van mooi en lelik......, ŉ tyd van verduisterde maatstawwe en ondermynende oordeel - so ŉ tyd roep luid uit na die glansryke boodskap van ŉ mens met ŉ stylvolle lewe. Dié mens wat weet om sy lewe tot in die allerfynste fasette te stileer volgens die reëls van Gods Woord. Dit is wetsgehoorsaamheid". [50] Volgens hom is dit meer as tevore juis nodig om die aandag op God te vestig omdat sy wil daarin beluister word. [51]

In die nuwe teologie word die geloof ondergrawe met die gevolg dat die tradisionele Christelike moraal ook moet swig. Robinson poneer ŉ sedelikheid wat horisontaal gerig is en God daaruit laat. Liefde tot die medemens word dan gelykgestel met liefde tot God. Sy boek „Honest to God", het voorwaar as ŉ skok deur Brittanje en vandaar oor die wêreld gegaan. Hy staan sterk veroordeel vir die verwarring wat hy geskep het. Sy Godsbegrip is on-Bybels en die titel van sy boek misleidend.

50) Heyns, J.A. Die nuwe mens onderweg, p.5.
51) Ibid., p.6.

Die vrye liefde wat Robinson propageer, moet met alle mag afgewys word. Gelukkig dat hy ook in Brittanje sterk veroordeel staan met die volgende uitspraak: „The rot has gone very deep....." 52)

Die onderwysers sal 'n waaksame oog moet hou oor hierdie gevaar wat oral kop uitsteek en vroegtydig alarm maak. Die permissiewe tydsgees waarmee die wêreld vandag opgeskeep sit, kan deels toegeskryf word aan hierdie gewaagde en onverantwoordelike gedagtes van 'n Evangeliedienaar. Die situasie-etiek kan voorwaar niks goeds inhou vir die saak van die Here nie.

## 9. JEUGWEERBAARHEIDSPROGRAMME OP SKOOL:

In 'n tyd waarin daar geweldige aanslae geloods word op die Christelike beginsels en leefwyse en waarin daar reeds groot bresse geslaan is, waar die duistere magte besig is om verwarring te skep, is dit te verstaan dat kerklike, kultuur- en onderwysowerhede rede tot groot kommer het, ja, alle gelowiges deel met hulle daarin. Die eer van God word aangetas, en die mens het alle bande van hom afgewerp om hom sodoende self te bepaal.

Die onderwysowerhede het dus meer as rede gehad om jeugweerbaarheidskursusse op skool in te sluit. Vir die doel van hierdie verhandeling sal die aandag net bepaal word by die geestelike weerbaarheid en nie by die ander aspekte daarvan, bv. die fisieke weerbaarheid nie.

In die jeugweerbaarheidsprogramme word die geestelike weerbaarheid behandel onder die hoofde „burgerskap, menseverhoudinge en lewenswaardes". Dit blyk dus baie aktuele vraagstukke, temas wat ook behandel kan word wanneer sedeleer onder-

---

52) Lunn, A. en Lean, G. The cult of softness, p.136.

rig word. Om te beweer dat hierdie programme nie belangrik is nie en ook nie hoogs nodig nie, is ver van die waarheid. ʼn Mens kan slegs dankbaar wees vir owerhede wat hierdie saak so op die hart dra.

Indien hierdie programme deur bekwame en toegeruste persone gehanteer word, kan daar veel vrug van verwag word. Waarteen baie gewaak sal moet word, is om die temas humanisties aan te bied. Dit kan gebeur deur die Christelike uitgangspunt te verswyg en die mens weer in die sentrum te stel.[53)]

Kruger wys daarop dat dit op die weg van die Godsdiens- en Bybelkunde-onderwyser lê om reg te laat geskied aan die komponent van die vak omdat baie van die relevante temas uit die geesteswеerbaarheidsprogramme op sy terrein val.[54)] Schutte meen dat weerbaarheid as ʼn taak, as ʼn opdrag beskou moet word en dat elke onderwyser tot weerbaarheid en stryd in die koninkryk van God geroepe is.[55)] Hy vervolg: „Net soos Godsdiensonderrig slegs in ʼn Christelike skool tot sy reg kom, waar elke vak, elke aktiwiteit, elke organisasiekomponent van die godsdiens is, so kan jeugweerbaarheid slegs tot sy reg kom waar elke onderwyser in elke vak, in elke bedrywigheid, weerbaarmaking van die burger van die koninkryk van Christus op die oog het".[56)] In die Christelike skool moet elke onderwyser opvoed tot kennis van God. Dit moet nie net gelaat word vir die onderwyser in Godsdiensonderrig en Bybelkunde nie.

Met Kruger moet saamgestem word as hy sê dat geen kind dit kan bekostig om sonder die wapenrusting van jeugweerbaarheid hierdie veelbewoë tyd in te gaan nie[57)] en Kotzee vul aan: „Daarsonder kan ons die Westerse beskawing soos ons

---

53) Kruger, H.B. Jeugweerbaarheid. <u>Fokus</u>, Mei 1973, p.65
54) Ibid., p.67.
55) Schutte, B.C. Weerbaarheid. <u>Onderwysblad</u>, Okt. 1972, p.13.
56) Loc. cit.
57) Kruger, H.B. op. cit., p.68.

hom hier sien, maar met die hand groet en vir hom tot siens sê, en daarmee sal ons kan groet al die waardes wat al die eeue ons beskawing gekenmerk het". [58)]

Wat baie nodig is, is 'n meer positiewe gesindheid en bereidwilligheid by opvoeders om hierdie uitdaging te aanvaar. Sou daarin nie geslaag word nie, sal benewens die feit dat onberekenbare skade aangerig word, ook die treurige feit beklemtoon word dat die onderwyser nie vir hierdie vak opgewasse is nie. [59)] Dit sal voorwaar 'n groot aanklag teen hom wees.

Dit sal tragies wees as aan die hierbo aangehaalde eerlike en dringende beroep deur die onderwyshoof van Transvaal, nie gehoor gegee word nie. Dit is 'n saak wat almal se dringende aandag moet geniet.

## 10. DIE SILLABUS VIR SEDELEER OP HOëRSKOOL:

Wanneer sedeleer onderrig word soos dit tans die geval is in die Transvaal, en ook in ander provinsies, is die uitgangspunt die Woord van God en om meer spesifiek te wees, die Wet van God. In beide Godsdiensonderrig en Bybelkunde word baie aandag gewy aan hierdie komponent. Die gebed word ook behandel omdat dit so 'n integrale deel uitmaak van die mens se lewe. Die Christelike lewe word immers gedra deur die gebed.

## 11. AANBIEDING VAN DIE WET VAN GOD:

Die stof mag nie van die Bybel losgemaak word nie - onnodig om daarop te wys dat daar nie plek is vir sedelessies (moralisasie) nie. Dit moet altyd wees: „So spreek die Here".

Hoe aktueel die Wet van God is, kan afgelei word as daar maar gelet word op die talle temas wat hieronder volg

58) Kotzee, A.L. T.O.D.-omsendminuut 6 van 1972, p.17.
59) Red. Weerbaarheid. Onderwysblad, Okt. 1973, p.3.

in hulle groepering by elke gebod. Dan eers word besef dat die Bybel die hedendaagse mens net so aanspreek as vir die Verbondsvolk van ouds. Die Wet is nog net so ŉ verlustiging vir die twintigste eeuse gelowige as vir die skrywer van Psalm 119. Ook hy moet dit gedurig bepeins, liefhê, daarna hunker dit onderhou en bewaar. Ook vir hom is dit die lig op die pad en die lamp voor die voet.

11.1 Die eerste gebod:

„Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie". In hierdie gebod gaan dit om die ware godsdiens. Slegs dié God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, moet aanbid word. „Die eerste gebod is die grondslag van die hele Wet".[60] Die aanroeping van skepsele, alle bygeloof, towery, waarsêery, word in hierdie gebod verbied.

Temas vir behandeling:

Hedendaagse afgodery, bv. eersug, skoonheid (skocnheidskompetisies ens.), plesier, sterk drank, seks, geld, ens.

Bygeloof: bv. gelukbringers, die waarde wat aan die getal dertien of die dertiende van die maand wanneer dit op ŉ Vrydag val, geheg word, fortuinvertellery van alle aard, die toeval, die noodlot, drome, dobbelary, kompetisies in koerante, loterye selfs op „kerkbasare", waarsêery, horoskooppraktyke, ens.

Die afgod van dwelmmiddels.

Die aanbidding van wêreldfigure, rolprentsterre, die verabsolutering van kultuur, kuns en wetenskap, die staat (fascisme), die nasie (chauvinisme; nasionaalsosialisme; Herrenvolksidee); die ras (rassisme), die

60) De Vries, K.S. van Wyk, Die leer van ons kerk, p.166.

proletariaat (kommunisme), ens.

Ateïsme (loën God se bestaan), agnostisisme (nie seker of God bestaan nie), sekularistiese teologie („God is dood"), Arminianisme (God kies nie van ewigheid af nie), Fariseïsme (die Wet is 'n heilsweg), evolusionisme - al hierdie is moderne afgodery.

11.2 <u>Die tweede gebod</u>:

„Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak nie......". God moet gedien word soos Hy in die Woord beveel. Van Hom mag geen afbeelding gemaak word nie. God kan en mag in geen beeld vasgevang word nie.

<u>Temas</u>:

Eiewillige godsdiens, bv. „Ek gaan kerk toe wanneer ek wil of wanneer ek so voel", „ek lees my Bybel wanneer dit my pas en bid as ek behoefte daaraan het".

Alle ongeloof is sonde teen hierdie gebod.

Elke aanbidding van God, waarin Christus nie sentraal staan nie, is beeldediens. [61)]

Verontagsaming of geringskatting van die sakramente.

Christusafbeeldinge.

Verering van beelde van heiliges soos bv. in die Roomse Katolieke kerk.

Die Godslastering in „Jesus Christ Superstar" en „Godspell".

11.3 <u>Die derde gebod</u>:

„Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik

61) Heyns, J.A, op. cit., p.129.

nie.....". Ons moet God se Naam reg bely, sy Naam reg aanroep, sy Naam in al ons woorde en werke prys.

Temas:

Die oneerbiedige gebruik van God se Naam. Bastervloekwoorde soos: hete, jissim, herder, e.a. is ook 'n oortreding. Die onnodige gebruik van die Naam van die Here, bv. in boeke (romans), oor die radio en met toneelopvoerings en selfs in die gebed!

Ligsinnigheid: die vertel van onwelvoeglike grappe.

Onnodig te sweer en die eed te misbruik. Die belofte wat verbreek word, bv. doopbelofte, belofte by belydenisaflegging, by die huwelik, ens.

Om te swyg wanneer iemand tereg gewys moes gewees het.

Nalatigheid m.b.t. Christelike wetenskap, Christelike onderwys, politiek, radio- en perswese, ens. Die Naam word verswyg waar dit gebruik moes gewees het.

Godsdienstige handelinge wat sinloos of bloot uit gewoonte of bygelowigheid verrig word, is sonde teen hierdie gebod.

11.4 Die vierde gebod:

„Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig".....". Die kerkdiens moet onderhou word en veral op die Sabbat (die dag van die Here), moet na die Woord geluister word, die sakramente gebruik en die armes versorg word om so die ewige rus in hierdie lewe te begin.

Temas:

Om te arbei is 'n gawe van God.
Sondag het vir baie 'n kuierdag, 'n rondrydag, 'n tuinwerkdag, 'n ontspanningsdag geword.

Die euwel van oortydwerk op Sondae vir dubbele loon.

Die posisie m.b.t. noodsaaklike werk - die kalf wat in die put is!

Vermaak op Sondae, veral die bepleiting van sekere immigrante dat bioskope op Sondae oopgestel moet word.

Ledigheid en doelloosheid op Sondae. Die jeug is maklik verveeld op Sondae.

Kerkbesoek behoort 'n verlustiging in God te wees.

Die dankbaarheid vir 'n Christelike owerheid - dié voorregte mag ons nog later ontneem word.

Daar sal behoorlik besin moet word oor wat gedoen moet word op Sondag - nié net verbied nie!

11.5 Die vyfde gebod:

„Eer jou vader en jou moeder........". Met hierdie gebod begin die tweede tafel van die Wet wat handel oor die verhouding tot die naaste. Dit gaan in hierdie gebod oor gesag waarsonder daar net wanorde kan wees. Alle gesagsonderdane moet hul gesagsdraers gehoorsaam.

Temas:

Die Christelike gesagsbeskouing:

Gesag kom van God - alle gesag is verleende gesag. (Rom. 13:1-7; Hand. 5:29).

Gesagsverhoudings in die volgende kringe:

Huisgesin: ouers en kinders.

Staat: owerhede en onderdane.

Kerk: Kerkraad en lidmate.

Skool: Onderwysers en leerlinge.

Arbeid: Werkgewer en werknemer.

Tug en dissipline, gehoorsaamheid en verantwoordelikheid in al die kringe.

Die kenmerk van ons tyd is die afwerping van gesag.

Ouerliefde. Die versorging van ouers op hul oudag.

Vaderlandsliefde (vgl. die Jehova-getuies).

Die kwessie van verset (gewelddadig sowel as geweldloos); terrorisme.

Huislike gebrokenheid en die gevolge daarvan op die ander gesagskringe.

Jeugmisdaad, die oorsake daarvan ontstaan by die ouerhuis.

Té streng en té toegeeflike ouers: die gevolge.

Menslike verhoudings: teenoor meerderes maar ook teenoor minderes - ook teenoor die lede van ontwikkelende volkere.

Die verantwoordelikheid wat ouers dra t.o.v. die opvoeding van hul kinders.

Bespotting van die kerk, veral as die predikant gefouteer het.

Die aankweek van selfbeheersing.

Die sg. generasiegaping.

11.6 <u>Die sesde gebod</u>:

„Jy mag nie doodslaan nie.......". Die lewe is 'n gawe van God, trouens dit behoort ook aan Hom en daarom moet dit beskerm word.

<u>Temas</u>:

Die doodslag in al sy vorms word verbied: moord, maar ook haat, nyd, wraakgierigheid.

Die verskynsel van selfmoord in ons tyd.

Die genadedood - is dit geregverdig?

Die onnodig in gevaar stel van die lewe: gevaarlike motorwedrenne, boksgevegte, drankmisbruik, verdowingsmiddels, ens.

Die gruwels van oorloë: kernoorloë met hul dodelike uitstralings en gevolge vir alle lewe.

Stakings.

Roekeloosheid op die paaie.

Slawekampe, konsentrasiekampe.

Vrugafdrywing is moord.

Die versorging van die liggaam (ook teen siektes).

11.7 Die sewende gebod:

„Jy mag nie egbreek nie". In hierdie gebod gaan dit om die verhouding tussen man en vrou binne en buite die huwelik. Die huwelik is 'n instelling van God en Hy moet daarin sy eer ontvang. Die mens moet kuis en ingetoë binne maar ook buite die huwelikstaat lewe.

Temas:

Egskeiding het iets alledaags geword.

Huwelikskeuse: die maat vir jou lewe.

Die onverbreekbaarheid van die huwelik.

Klein en groot gesinne - geboortereëling en geboortebeperking.

Gebruik van „die pil".

Ongeoorloofde seksuele vryhede.- ook in die hoogste kringe.

Vrye liefde.

Verleiding in bioskope, televisie, boeke, drank, kleredrag, dans, ontkleedanse, ens.

Seksuele verwildering: sodomie, prostitusie, masturbasie, homoseksualiteit, lesbiese verhoudings (hierdie sake moet met die grootste omsigtigheid gehanteer word; daar moet nie in besonderhede gegaan word nie - dit hoort basies by tuisopvoeding.)

Vir kuisheid en reinheid word in ons dae gelag.

Kunsmatige inseminasie. Proefbuisbabas.

Wat gedoen word om kinders seksvoorligting te gee.

11.8 <u>Die agste gebod</u>:

„Jy mag nie steel nie". Hierdie gebod leer ons eerbied vir mekaar se besittings of eiendom. Alles behoort aan die Here - die mens is slegs rentmeester en sal daarvoor verantwoording doen.

<u>Temas</u>:

Diefstal sluit o.a. in: woekerwins, dobbel, gierigheid, afpersing, verkwisting, verknogtheid aan aardse besittings en vrekkigheid.

Die gevare van rykdom.

Die fynere vorms van diefstal: buitensporige rente, huurkoopkontrakte wat uitbuit, valse mate, gewigte, advertensies wat die leuen dien: bv. oor sigarette, drank ens., omkopery, geldverduistering.

Oneerlikheid met kerklike bydraes.

Ontduiking van inkomstebelasting - valse verklarings.

Onderbetaling van bediendes.

Selfsugtigheid.

Is diefstal uit broodsgebrek te regverdig?

Dobbelary.

Swartmarkpryse.

Die tyd van die werkgewer steel.

Ongeregverdigde agitasie om hoër lone.

Stakings. Die kollektivisme van die Kommunisme.

11.9 Die negende gebod:

„Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste lewer nie.." Hierdie gebod handel oor die teenstelling tussen waarheid en leuen. Dit gaan ook om die lewensgebiede van ons naaste: sy lewe, sy beroep, sy reg, sy eer, sy naam. Dit moet beskerm word en nie beswadder word nie. In hierdie gebod gaan dit ook om die waarheid.

Temas:

Wat is waarheid?

Die leuengees vandag - veral ook in die wêreldpolitiek.

Valse getuienis word gelewer om eie bas te red.

Die noodleuen word deur baie goedgepraat.

Leuenmedia: die koerant, radio, televisie, advertensiewese, ens.

In die howe word maklik valse getuienis gelewer.

Die beswaddering van iemand.

Die onnodige gevlei (by begrafnisse!)

Sensasiebeheptheid werk die leuen in die hand.

Onverhoorde veroordelings.

Propaganda en verdagmaking. Skinder.

11.10 Die tiende gebod:

„Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie....". Die sondige begeerte van die mens kom hier onder die soeklig. Sondige begeertes lei tot verkeerde dade. Die Bybel is daarvan vol. Die mens moet waak om nie in hierdie versoeking te val nie. Die Woord leer ons om die hart te bewaak en te bewaar. Dié gebod vat die voriges saam. Enige begeerte teen die gebooie van die Here is sondig.

Temas:

Begeertes lei tot sonde. Baie oorloë het so ontstaan. Die sonde het deur begeerte in die wêreld gekom. Christus waarsku teen die sondige begeerte.

Wees vergenoeg (vgl. Nabot se wingerd, Dawid en die vrou van Uria).

Nie alle begeertes is sonde nie. (Fil. 4:6)

Uiteindelik moet ons met ons begeertes uitkom by God. bv. wanneer daar begeer word dat sy Koninkryk mag kom, dat sy Naam verheerlik mag word.

12. DIE GEBED:

Van Wyk de Vries noem die gebed die asemhaling van die gelowige se hele godsdienstige en sedelike lewe [62] en Engelbrecht wys tereg daarop dat beide gebod en gebed deur God vir die mens voorgeskrywe word om daarmee dankbaarheid te bewys. [63] Maar ook sonder die geloofslewe kan daar ook nie sprake wees van gebed en lewe in die Christelike sin van die Woord nie. Die volle draagwydte en betekenis van die Onse Vader moet aan die leerlinge oorgedra word en ook op die liefde van God gewys

62) Van Wyk de Vries, K.S. op. cit., p.204.
63) Engelbrecht, B.J. Perspektief op gebed en sedeleer in Bybelkunde-onderrig, p.25.

word; dat Hy juis sy genade en Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou bid en daarvoor dank.

13. <u>SAMEVATTEND</u>:

Wie en wat die mens is, en waarheen hy op pad is, wat goed en sedelik is, word aan hom deur die Woord geopenbaar. Die gelowiges as burgers wat die wette van hul Koning gehoorsaam, sal hierdie Woord altyd sentraal plaas in hul lewens en maar altyd daaruit put.

Die opvoeder op die Christelike skool sal altyd moet buig voor die gesag van hierdie Woord en die leerlinge bring tot 'n lewe in ooreenstemming met hul geloof in Christus. Hierdie naasteliefde sal slegs sin en betekenis hê indien daar ook liefde tot God is. Geen outonome sedelikheid kan aanvaar word nie omdat dit God daaruit laat.

Die Wet word die leerling voorgehou juis om hom sy verdorwenheid te laat sien en hom uit te dryf na God van Wie hy al sy hulp kan verwag. Sy lewe word dan 'n dankbaarheidslewe - ook in die betragting van God se Wet.

Die rol wat die simpatieke opvoeder speel ook by die onderrig van die sedeleer is van groot betekenis. Kan die vraag nie gestel word of die gebrek aan belangstelling en positiewe leiding van baie opvoeders nie juis daarvoor verantwoordelik is dat die jeug die subtiele invloede van die liberale aanslae ten prooi val nie?

Daar sal gepoog moet word om die jeug vir die toekoms te beveilig - dit kan alleen gebeur deur terug te keer na die pad wat byster geraak is. Dáár lê die taak en roeping van die onderwyser en by name die onderwyser wat Godsdiensonderrig en Bybelkunde doseer.

Die grootste taak van die opvoeder is om liefde vir die Wet van God te kweek sodat die opvoedeling nie goed doen uit vrees, blote pligsgevoel, ens. nie, maar vrywillig, uit liefde. Die sedelike waarde van 'n „goeie" daad wat uit dwang gedoen is, is nul. Die leerling moet daartoe gelei word dat hy die Woord in sy hart sal „bêre" (Ps. 119:11).

# BRONNELYS

## A. BOEKE


AALDERS, C. e.a. Luisterend leven. Boekencentrum NV - 's-Gravenhage, 1971. 290p.

ALGEMENE KOMMISSIE VIR OPENBARE SEDELIKHEID, N.G. KERK. Soeklig op ons sedes, 1970. 206p.

BARCLAY, W. The old law and the new law. The Saint Andrew Press, Edinburgh, 1972. 121p.

BARCLAY, W. Ethics in a permissive society. Collins Fontana Books, Londen, 1971. 222p.

BARR, O. Sydney. The Christian new morality. Oxford University Press, New York, 1969. 118p.

BAVINCK, H. Paedagogische beginselen. Tweede hersiene druk. J.H. Kok - Kampen, 1917. 187p.

BECK, C.M, e.a. Moral education. University of Toronto Press, Toronto, 1971. 402p.

BERKHOF, H. De mens onderweg. Boekencentrum NV- 's-Gravenhage, 1965. 127p.

BERKOUWER, G.C. en Van der Woude, A.S. Kernwoorden in het Christelijke geloof. J.H. Kok NV-Kampen, 1970. 86p.

BERKOUWER, G.C. en Van der Woude, A.S. Revolte in de Theologie. Uitgeverij G.F. Callenbach NV-Nijkerk, 1968. 196p.

BINGLE, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig in die middelbare skool. Interkerklike Uitgewerstrust-- Pretoria/Potchefstroom, 1962. 78p.

BOLES, R.E. The Bible, religion and the public schools. Iowa States University Press, Iowa, 1963. 341p.

CAIRD, G.B. The truth of the gospel. Oxford University Press, Londen, 1951. 165p.

COETZEE, J. Chris. Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1965. 325p.

COETZEE, J. Chris. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding. Pro-ecclesia, Stellenbosch, 1940. 66p.

DE GRAAFF, A.H. The educational ministry of the Church. NV Verenigde Drukkerijen Judels & Brinkman, Delft, 1966. 175p.

DE KLERK, W.J. e.a. Roeping en werklikheid. Potchefstroom Herald Bpk., 1972. 369p.

DE VOS, H. Inleiding tot de ethiek. 2e druk. G.F. Callenbach. NV-Uitgever - Nijkerk, 1959. 150p.

DOOYEWEERD, H. Wat is die mens? (Vertaal) Sacum, Bloemfontein, 1969. 21p.

FLETCHER, J. Situation ethics. The new morality. S.C.M. Press Ltd., Londen, 1966. 176p.

FULLER, E. (Ed.) The Christian idea of education. New Haven : University Press, Londen: Oxford University Press, 1957. 265p.

GUNTER, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë. Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars Edms. Bpk. Stellenbosch/ Grahamstad, 1964. 505p.

GUNTER, C.F.G. 'n Christelike georiënteerde opvoedingsfilosofie. Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars Edms. Bpk. Stellenbosch/Grahamstad, 1970.

HEYNS, J.A. Die nuwe mens onderweg. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1970. 246p.

HEYNS, J.A. Sterwende Christendom? Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1969. 184p.

HILLIARD, F.H. The teacher and religion. James Clarke & Co. Ltd. Londen, WC 1, 1963. 191p.

JAARSMA, C. Fundamentals in Christian education. Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids, Michigan, 1953.

JACKS, M.L. God in education. Rich & Cowan, Londen, 1939.

JEFFREYS, M.V.C. Education Christian or pagan. University of London Press, Ltd., Londen, 1952. 94p.

KALSBEEK, L. De wijsbegeerte der wetsidee. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970. 304p.

KEET, B.B. Sedelike vraagstukke. S.A. Bybelvereniging. Standard Press, Kaapstad, 1945, 147p.

KEYTER, J. de W. Opvoeding en onderwys. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1961. 421p.

KEYTER, J. de W. Dringende vraagstukke in ons opvoeding en onderwys. Die tweede Trek reeks. Nr. xvii. Nasionale Pers, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, 1942. 173p.

KRIEKEMANS, A. Grondbeginselen der godsdienstige, zedelijke en sosiale opvoeding. De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen. Uitgeverij H. Nelissen/ Bilthoven. s.j. 136p.

LANGEVELD, M.J. Beknopte Theoretische Paedagogiek. Vierde hersiene druk. J.B. Wolters, Groningen, Djakarta, 1952. 185p.

LEESON, S. Christian education reviewed. Longmans, Green & Co., Londen, 1957. 123p.

LUNN, A. & Lean, G. The new morality. Blandford Press, Londen, 1964. 154p.

LUNN, A. & Lean, G. The cult of softness. Blandford Press, Londen, 1965. 166p.

MACY, C. (Ed.) Let's teach them right. Pemberton books, Londen, 1969. 214p.

MANSON, T.W. The teaching of Jesus. Cambridge University Press, Cambridge, 1959. 352p.

MÜLLER, Jac. J. In U Lig (deel 2). Sacum Bpk., Bloemfontein. s.j.

OBERHOLZER, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde. Uitgewery J.J. Moreau & Kie, Pretoria-Brugge, 1954, 314p.

O'BRIEN, J.A. Truths men live by. The MacMillan Co., New York, 1958. 427p.

PHENIX, P.H. Education and the worship of God. Westminster Press, Philadelphia, Pennsylvania. s.j. 192p.

PISTORIUS, P. Kaart en Kompas van die opvoeding. Pro Rege-Pers, Bpk., Potchefstroom, 1969. 368p.

PURCELL, W. The plain man looks at the commandments. Collins Press, Londen, 1966. 160p.

ROBINSON, J.A.T. Honest to God. SCM Press Ltd., Londen, 1964. 287p.

ROBINSON, J.A.T. Christian freedom in a permissive society. SCM Press Ltd., Londen, 1970. 244p.

ROELVINK, J.H. De ethiek is de sleutel van uw toekomst. Uitgever: Bureau Wereldvorming, Twekkelerweg 178, Hengelo. s.j.

RUPERTI, R.M. Die opvoedingstaak. Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1965. 190p.

SADLER, M.E. (red.) Moral instruction and training in schools. Vol. 1. United Kingdom Longman, Green & Co. Londen, s.j. 538p.

SCHAEFFER, F.A. De dood over de stad. Buiten & Schipperheijn, Amsterdam, 1971. 119p.

SCHIPPERS, R. De Gereformeerde zede. J.H. Kok NV, Kampen, 1965. 270p.

SPIER, J.M. An introduction to Christian philosophy. The Presbyterian & Reformed Publishing Co., Philadelphia, Pennsylvania, 1954. 261p.

STANFORD, E.C.D. Education in focus. The Religious Education Press, Ltd., Wallington, Surrey, 1965. 96p.

STOKER, H.G. Die grond van die sedelike. Pro-Ecclesia-drukkery, 1941. 98p.

TAYLOR, M.J. Religious and moral education. The Centre for applied research in education. Inc. New York, 1965. 118p.

VAN DER WALT, S.J. e.a. Geloofsleer en sedeleer. Handboek vir die onderwyser. Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad. s.j. 425p.

VAN DYK, M.P. Naar een nieuwe vryzinnigheid. Uitgeverij: T. Wever - Franeker, 1966. 98p.

VAN DYK, M.P. Nieuw Credo. Proeve van een nieuwe belijdenis. J.H. Kok NV, Kampen, 1970. 95p.

VAN NIEKERK, E.A. Tien stippellyne vir die pad. N.G. Kerkuitgewers, Kaapstad, 1970. 72p.

VAN WYK, J.H. e.a. Geloofsleer en sedeleer. Handboek vir leerlinge. Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, Potchefstroom, s.j. 292p.

VAN WYK, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig. Pro Rege-Pers Bpk. Potchefstroom, 1971, 528p.

VAN WYK DE VRIES, K.S. Die leer van ons kerk. Pro Rege-Pers Bpk. Potchefstroom. 1958. 223p.

VENTER, E.A. Wysgerige temas. Sacum Bpk. Bloemfontein, s.j. 192p.

VELEMA, W.H. Herleving van de natuurlijke ethiek tegen de achtergrond van de secularisatie. J.H. Kok NV., Kampen, 1969. 32p.

WATERINK, J. Keur uit de verspreide geschriften. J.B. Wolters - Groningen, 1961. 368p.

WATERINK, J. De Wet van God in de opvoeding. J.H. Kok NV, Kampen, 1963. 127p.

WATERINK, J. Basic concepts in Christian pedagogy. Wm. B. Eerdmans Publishing Co. Grand Rapids, Michigan, 1954. 139p.

WATERINK, J. Theorie der opvoeding. J.H. Kok NV, Kampen, 1951. 610p.

WHITELEY, C.H. & Whiteley W.M. The permissive morality. Methuen & Co. Ltd., Londen, 1964. 142p.

WILSON, J. e.a. Introduction to moral education. Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, 1967. 463p.

WURTH, G. Brillenburg. De Christelijke zedeleer en haar bestrijders. J.H. Voorhoeve, Den Haag, 1947. 153p.

WURTH, G. Brillenburg. Christelike sedeleer. (vertaal in Afrikaans deur B.J. Engelbrecht). J.L. van Schaik, Pretoria. 1967. 101p.

WURTH, G. Brillenburg. Zedelijke opvoeding. J.H. Kok, Kampen, 1960.

WYCKOFF, D.C. The task of Christian education. The Westminster Press, Philadelphia. s.j. 172p.

B. REFERATE:

CASTELYN, H.G. Die onderrig van geloofsleer. Transvaalse Onderwysdepartement. Opknappingskursus in Bybelkunde. 1-5 April 1968 aan die Goudstadse Onderwyskollege. 20p.

ENGELBRECHT, B.J. Perspektief op gebed en sedeleer in Bybelkundeonderrig. Transvaalse Onderwysdepartement. Opknappingskursus in Bybelkunde. 1-5 April 1968 aan die Goudstadse Onderwyskollege. 40p.

MAREE, H.O. Perspektief op Godsdiensonderrig in die hoër-skool. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënterings-kursus. Pretoriase Onderwyskollege. Februarie 1970. 20p.

VORSTER, S.J. Die onderrig van gebed en sedeleer. Transvaalse Onderwysdepartement. Opknappingskursus in Bybelkunde. 1-5 April 1968 aan die Goudstadse Onderwyskollege. 17p.

VORSTER, S.J. Christelike lewenspraktyk: Christelike sedeleer. Opknappingskursus in Godsdiensonderrig (middelbare skole). 2-9 April 1965, aan die Goudstadse Onderwyskollege. 8p.

C. AMPTELIKE PUBLIKASIES:

Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendminuut 6 van 1972. 17p.

D. PAMFLETTE:

DE KLERK, W.J. Die Calvinisme in 'n neutedop. Studiestuk 36. I.B.C. P.U. vir C.H.O., s.j.

HEIBERG, P.J. Christelike opvoedings- en onderwyspraktyk en Christelike opvoedkunde. Studiestuk 42. I.B.C. P.U. vir C.H.O. s.j. 12p.

HEIBERG, P.J. Christelike reformasie of skolastiese sintese in ons onderwys en onderwysersopleiding. Studiestuk 6. COVSA. s.j. 26p.

SCHUTTE, B.C. Die Bybel in die skool. P.U. vir C.H.O. 28 April 1972. 14p.

VAN WYK, J.H. Die Bybel in die lewe van die kind. P.U. vir C.H.O., 1972. 17p.

VAN WYK, J.H. Wat is opvoeding? P.U. vir C.H.O., 1973. 13p.

E. PROEFSKRIF EN VERHANDELINGS:

DU PLESSIS, P.G.W. Opskorting van die etiese? Die ontwerp van die etiese behore by M. Heidegger, K. Jaspers, J.P. Sartre, S. de Beauvoir. D.-Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1962.

GROVÉ, I.J. Die „Dogma- en gewetensklousule" in die Onderwysordonnansie van 1953 van Transvaal. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1970. 120p.

VAN WYK, L.A. Godsdiensonderwys en die vorming van die sedelike persoonlikheid (met besondere verwysing na Transvaalse laerskole). M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1949, 112p.

F. TYDSKRIFARTIKELS:

BEUKES, D.P.M. Godsdiens in die huisgesin. Handhaaf, Sept. 1971.

BREEDT, A. Die begripsgaping en permissiwiteit van ons huidige samelewingstruktuur. Onderwysblad, Julie 1972.

COCKROFT, C.R. Verdedigers van ons landsgrense, Handhaaf, Mei 1973.

COETZEE, J. Chris. Christelike onderwys. Onderwysblad, Januarie 1971.

CILLIERS, D.H. Onderwysersopleiding as prakties-sielkundige antwoord op die eise wat die moderne tyd aan die Calvinistiese filosofie en praktyk van die opvoeding stel. Koers, Augustus 1969.

DE RIDDER, J. Subtiele aanslag op die Christendom. Die Kerkblad, 26 Mei 1971.

DU TOIT, G.J. Die onbekende onderwyser. Onderwysblad, Januarie 1971.

DUVENAGE, B. Permissiwiteit en die beoordeling van sedelike vraagstukke. Almanak van die Gereformeerde Kerk, 1972.

DUVENAGE, B. Is die nuwe moraal rewolusionêr? Bulletin, S.A. vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap, Julie 1968.

KRUGER, H.B. Jeugweerbaarheid. Almanak van die Gereformeerde Kerk, 1973.

KRUGER, H.B. Jeugweerbaarheid. Fokus, Mei 1973.

REDAKSIONEEL. Afbraak van gesag teken van die tye? _Die Kerkblad_, 12 April 1972.

REDAKSIONEEL. Behou die beheer. _Die Kerkblad_, 7 Junie 1972.

SCHUTTE, B.C. Weerbaarheid. _Onderwysblad_, Oktober 1972.

SMIT, A.C.J. Geestelike weerbaarheid en kultuur. _Handhaaf_, Januarie 1972.

SMIT, C.B. e.a. Dwelmverslawing lewensbeskoulik besien. _Die Kerkblad_, 21 Maart 1973.

TREURNICHT, A.P. Die sin van ons kleredrag. _Handhaaf_, Junie 1969.

VAN WYK, J.H. Laat ons hulle saamneem. _Almanak van die Gereformeerde Kerk_, 1973.

VAN WYK, J.H. Godsdiensonderrig in die ruimte-eeu. _Almanak van die Gereformeerde Kerk_, 1970.

# SUMMARY.

The minds of many church leaders and of those wishing to advance the Christian character of our civilization are troubled by spreading decay permeating morals today. The visible crumbling of the spiritual armour, especially of youth, and an all-pervading spirit of permissiveness has raised many voices opposing this regression.

Where the Word of God no longer serves as the norm governing human behavior and ethics, man has turned to his idealized self as an ethical norm, aimed at making love for fellow creatures the dominant norm. An expression of this new morality and of an ethos derived from the interpretation of man's current situation, is spelled out in books by authors J.A.T. Robinson [1] and J. Fletcher. [2]

In the field of the science of education some see the overriding aim of education as mere moral maturity - a view that cannot be adhered to on the grounds that such maturity is but a single aspect of education which, in addition, branches into religious, ethical, physical, emotional, social and aesthetic education. Considering his experience and equipment, man is hardly capable of decisions about good behavior towards his fellows. The right way stands clearly revealed as God's prescriptions written in the second tablet — of His Law. As God's creatures it is becoming to man to keep the Law in the manner of a child obeying his father's will.

It needs to be unequivocally stated that Christian morality must have its roots in Christian Religion. The guide-lines it contains are there for man's good and the child of God must constantly keep them in mind and school himself towards full knowledge by practice. So, our time is a time of specific challenge to education, to the teacher and to the child, because moral education has to direct its course steadfastly in keeping with God's revealed Word. This means that the educationist (teacher), himself subject to the said authority, must teach subjection to God's revealed will dealing with the special circumstances of each young life in every given case. It is plain that to succeed here as a teacher of Christian morality, is a severe test.

Religious practice and Bible study clearly need to be given a prominent place in the Christian school. Provision has to be made for schooling in Christian ethics and in a way whereby these ethical principles will become a lasting reality in the lives of the pupils. No passive listening in the will-directed classroom but discussion, debating, acting out and reporting are called for. The Youth Preparedness Programmes lately launched, afford exceptionally fine additional opportunities to inculcate the very ethical principles laid down as the touchstone of Christian ethics in our Bible.

---

1) Honest to God.
2) Situation Ethics.